Helize van Vuuren, Int. Stryd of Skuldpartij? 15

DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

2 Februarie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)

G'n riviername nie, FW, sê Evita - bl 3

Senior politici betrek

Dirk en sy ANC-kameraadjies - bl 4

Nog 'n ANC-spioen ontmasker

Jacques Pauw

HARARE - Die ANC stel vandag in Harare 'n dokument van sewentig bladsye bekend waarin 'n lys name van senior politici en polisie-offisiere verskyn wat na bewering by die polisie se moordbendes betrokke was.

Dié nuwe verwikkeling kan 'n belangrike invloed hê op die kommissie van ondersoek wat dié week deur die regering aangestel is met regter Louis Harms as die enigste lid.

Dit kan lei tot 'n ernstige krisis in die regering wat reeds onder sterk druk van verskeie kante staan.

Die ANC se verslag volg ná 'n ondersoek van tien jaar na die verdwyning, moord en vergiftiging van anti-apartheidsaktiviste en ANC-simpatiseerders. Die verslag sal aan die Harms-kommissie voorgelê word.

Dit het ook nou aan die lig gekom dat die ANC oor die jare heen belangrike inligting oor die moordbendes ontvang het van 'n adjudant-offisier in die SAP wat inderwaarheid 'n ANC-agent was. Die polisieman het tussen die Askari's rondbeweeg en self verskeie organisasies infiltreer.

Storm oor Matie-prof en Intelligensiediens

Max du Preez

DIE noue skakeling tussen 'n prominente Stellenbosse akademikus en sy prestige-navorsingsinstituut met die veiligheidsgemeenskap het die Afrikaanse akademiese wêreld aan die gons.

Twee navorsers wat by die Instituut vir Sowjet-studie van die Stellenbosse Universiteit (ISSUS) bedank het, sê dié instituut se noue bande met en werk vir die Nasionale Intelligensiediens (NI) en Militêre Inligting (MI) was die rede waarom hulle geloop het.

Vrye Weekblad het 'n memorandum wat die direkteur van ISSUS, prof Philip Nel, aan NI gestuur het, bekom. Daarin stel Nel voor dat NI 'n persoon "onder die dekking" van ISSUS in die buiteland plaas om inligting oor die Sowjet-Unie, die ANC en die SA Kommunisteparty te bekom.

Nel het gister bevestig dat só 'n memorandum aan NI gestuur is, maar sê "daar het niks van gekom nie".

Nel ontken glad nie dat sy instituut werk vir NI en MI gedoen het en selfs geld van dié instansies ontvang het nie, maar hy sê dit is gedoen omdat hy wou hê die vlak waarop die Suid-Afrikaanse veiligheidsgemeenskap die Sowjet-Unie en sy beleidsrigtings benader het, verhoog.

"Met ons skakeling wou ons die Suid-Afrikaanse veiligheidsmanne van sekere naïewe idees en opvattinge oor die Sowjet-Unie red en die `totale aanslag'-konsep teenwerk. Ons wou ook hê ons veiligheidsmense moet met die Sowjet-Unie begin gesels.

"Ek dink dit het gewerk. Daar is groot waardering in die Sowjet-Unie vir die werk wat die Instituut gedoen het."

Die Instituut is aan die einde van verlede jaar by die Departement Politieke Wetenskappe van Stellenbosch ingelyf.

Nel het ook erken dat hy by geleentheid die telefoonnommer van NI op 'n swartbord voor sy derdejaars geskryf het en gesê het enigiemand wat vir NI wil werk, moet dié nommer skakel. Nel sê hy het dit in opdrag van sy departementshoof gedoen. Nel was vroeër 'n offisier by MI.

Die een navorser wat bedank het, Susan Roothman, sê in haar bedankingsbrief aan Nel: "Daar bestaan reeds 'n geruime tyd ernstige verskil tussen u en my oor die feit dat die instituut samewerkingskontrakte het met veiligheidsinstansies soos byvoorbeeld die SA Weermag. Gedurende die afgelope vyf maande wat ek as Waarnemende Direkteur van die Instituut gedien het, het ek as gevolg van sekere sake wat onder my aandag gekom het (soos byvoorbeeld die feit dat die instituut op 'n deurlopende basis inligting aan 'n sekere kolonel Wehrman van MI voorsien) besluit om my bedanking in te dien."

Sy voeg by: "Dit is vir my totaal onaanvaarbaar dat enige akademiese instelling in veral die huidige situasie in Suid-Afrika sodanige kontakte kan volhou."

Roothman het gister aan Vrye Weekblad bevestig dat die afskrif van haar bedankingsbrief eg is. Die ander navorser, A Wildschut, het ook bevestig dat sy om dieselfde rede bedank het.

In Nel se memorandum aan ene GR Kloppers van NI in Pretoria, gedateer 31 Julie 1987, skryf hy dat hy dit "eens is" met Kloppers "dat daar 'n dringende behoefte bestaan dat Suid-Afrikaners

Vervolg op bladsy 2

Uiteindelik! FW stel 'n regter aan

Dié polisieman is Vincent Malaza wat vandeesweek aan Vrye Weekblad vertel het hoe hy inligting wat hy ingesamel het oor die moorde op onder meer Griffiths en Victoria Mxenge en verskeie ander ANC-simpatiseerders aan die ANC verskaf het.

Malaza word Saterdagoggend saam met Dirk Coetzee en die selferkende moordenaar David Tshikalange op 'n internasionale perskonferensie in Lusaka aan die media voorgestel. Die konferensie sou aanvanklik vandeesweek in Harare gehou gewees het, maar is weens probleme met die Zimbabwese regering uitgestel.

Vervolg op bladsy 2

Ons nuwe Kaapse kantoor

VRYE WEEKBLAD het van vandeesweek 'n kantoor in die Kaap. Van nou af sal Vrye Weekblad 'n baie beter diens aan sy Kaapse lesers lewer. Ons verteenwoordiger is Elsabé Wessels. Die kantoor is op die 8e Vloer van die Allianz-gebou in St Georgeswandellaan (agter die Hotel Cape Sun), Kaapstad. Haar telefoonnommer is (012) 22-2520/1.

Vervolg van bladsy 2

Nel en die NIS

meer direkte en omvattende inligting in verband met die Sowjet-Unie se doelstellings, beleid en strategie tov die RSA moet bekom."

Nel stel dan voor: "Die mees aangewese aksieplan sal wees om 'n persoon, of persone, in die buiteland onder dekking te plaas. Die persoon se funksies sal wees om direk met die Sowjet-verteenwoordigers in die betrokke land en in die USSR in gesprek te tree, om gereeld kontak met akademiese instansies en akademici te ontwikkel ten einde evaluasies van Sowjet-beleid te bekom, om 'n netwerk van verhoudinge met joernaliste wat toegang tot die USSR het, te ontwikkel, en ten slotte om gereelde gesprekke met verteenwoordigers van die ANC en SAKP te voer ten einde die omvang en aard van Sowjet-invloed in die organisasies te bepaal."

Nel voeg by: "Een moontlike dekking vir so 'n persoon sal wees om hom of haar as 'n buitelandse verteenwoordiger van die Instituut vir Sowjet-studie aan te stel. Op uitvoerende vlak, dws op die vlak van Direkteur, Voorsitter van die Instituut se Beheerkomitee en die Rektor van die Universiteit, sal daar waarskynlik nie besware teen so 'n ondememing wees nie."

Nel stel as voorwaardes vir die plan dat "geen verband moet tussen die buitelandse verteenwoordiger en die Inligtingsgemeenskap nagespeur kan word nie" en dat die "projek nie die akademiese geloofwaardigheid van die instituut in die gedrang bring nie".

Nel eindig sy memorandum aan Kloppers só af: "Ek aanvaar dat u die nodige opleiding aan dié persoon sal verskaf en die veiligste kommunikasiekanaal na die RSA sal identifiseer."

Nel het gister gesê sy doel met die skakeling met die veiligheidsagentskappe was "edel" en nie daarop gerig om "die staat te ondersteun nie". Hy sê daar is nie veel steun vir institute soos syne nie, "en wanneer die staat bereid is om sê R50 000 vir 'n projek te betaal en ons kan dit boonop publiseer, dan glo ek ons moes dit vat."

FW swig, en stel 'n regter aan

Jacques Pauw in Harare, Elsabé Wessels in Kaapstad en Anton Steenkamp in Johannesburg

STAATSPRESIDENT FW DE KLERK het onder druk van buitelandse regerings, menseregte-organisasies en die media geswig, en vandeesweek die lang verwagte regterlike kommissie van ondersoek na moordbendes en polisiegeweld aangestel.

Regter Louis Harms sal as voorsitter en enigste lid van die kommissie van ondersoek optree om politieke moorde en -geweldpleging te ondersoek.

Die ondersoek sal beperk wees tot dade wat binne die grense van Suid-Afrika en die selfregerende state gepleeg is, en sal dus nie aanvalle op mense soos Ruth First in Maputo, Dulcie September in Parys, en verskeie aanvalle in Swaziland omvat nie.

Die minister van Justisie, Kobie Coetsee, het Woensdag in 'n verklaring gesê: "Die staatspresident het besluit om 'n kommissie van ondersoek aan te stel in verband met politieke moorde en dade van geweld wat na bewering met politieke motiewe gepleeg is."

Die aankondiging is gemaak op die vooraand van die beplande massaprotesoptog deur Kaapstad se strate wat deur vooraanstaande Afrikaners beplan is, en waaraan onder meer 15 NG predikante sou deelneem. Die optog is afgestel nadat die aanstelling van die kommissie bekendgemaak is.

Waarnemers het vandeesweek bespiegel dat die staatspresident die aanbeveling van die McNally-kommissie aanvaar en nou geïmplementeer het.

Die regering se besluit volg ses weke nadat De Klerk na 'n reeks kabinetsittings 'n regterlike kommissie verwerp en op 'n ondersoek deur die polisie besluit het. Hoewel Coetsee dié week gesê het dat die polisieondersoek in 'n gevorderde stadium is, is alle aanduidings daar dat die ondersoek min opgelewer het. Die hoof-ondersoekbeampte, genl-maj Ronnie van der Westhuizen, was die afgelope maand met verlof.

Van der Westhuizen het vandeesweek nog inderhaas probeer om kapt Dirk Coetzee in die hande te kry. Ondanks verskeie berigte in koerante oor Coetzee se bande met die ANC, was Van der Westhuizen verbaas om te hoor Coetzee het by die ANC aangesluit en het hy gesê hy het dit nie geweet nie.

Min besonderhede is tot dusver oor die werksaamhede van die kommissie bekend, maar regter Louis Harms word wyd gerespekteer en sy aanstelling behoort verwelkom te word. Hy het onder meer die Wit Wolf, Barend Strydom, die doodstraf opgelê.

Die ANC was vandeesweek versigtig optimisties oor die aanstelling van die regterlike kommisie van ondersoek. Daar is egter groot ongelukkigheid binne die ANC dat die regering Harms opdrag gegee het om net te kyk na polisiegeweld binne die grense van die republiek en die tuislande.

"Dit is onaanvaarbaar dat die regering die feit dat so baie kamerade koelbloedig in buurstate vermoor is, nou wil miskyk. Wat van onskuldiges soos Dulcie September, Ruth First en die Schoon-familie," het 'n senior amptenaar gesê.

Die ANC se houding jeens die kommisie gaan van deurslaggewende belang wees om te besluit of hulle Coetzee, David Tshikalange en ander Askaris vir getuienis aan die kommissie beskikbaar gaan stel. Hulle getuienis kan in die buiteland aangehoor word.

Coetzee het vandeesweek gesê dat hy verheug is oor die aanstelling van die kommissie en dat hy hoop en glo dat Harms die moordbendes tot op die been sal oopvlek.

"Een van die redes hoekom ek die land verlaat en my eie betrokkenheid erken het, was om die regering te dwing om 'n kommissie aan te stel. Ek bewonder FW vir sy moed, want senior polisiemanne se koppe is nou op die blok.

"Ek het nog altyd gesê dat ek enige tyd te enige plek my volste samewerking aan 'n kommissie sal gee. My kollegas wat daarby betrokke was, sal nou moet besef dat al uitweg om hul gewetes skoon te kry, is om met die waarheid uit te kom," sê Coetzee.

Die Menseregte-kommissie sê in hul reaksie: "Deur sy vorige besluit om nié 'n regterlike kommissie van ondersoek na moordbendes in te stel nie, omver te werp en die eerste kommissie van ondersoek na 'n dood in aanhouding aan te stel, het FW de Klerk duidelik gewys dat volgehoue binne- en buitelandse druk teen die apartheidstelsel steeds effektief is."

Die Menseregte-kommissie sê dit lyk asof die veiligheidsmagte, wat skynbaar nie altyd met die regering se hervormingsinisiatiewe gediend is nie, ook hierdeur in toom gehou kan word.

Dr Denis Worrall, die Demokratiese Party se woordvoerder oor Wet en Orde, sê in 'n verklaring die DP verwelkom die aanstelling van die kommissie van ondersoek, aangesien die beweringe oor moordbendes na die kern van Suid-Afrikaanse regeringsmoraliteit gaan.

"Dit is waarvoor ons en feitlik elke koerant in die land die afgelope twee maande gevra het. Ons hoop regter Harms sal die samewerking kry van almal wat voel hulle het iets om by te dra," sê Worrall.

Die organiseerders van die Veldtog vir 'n Regterlike Ondersoek na Moordbendes (VROM) het gister gesê die "dubbelsinnige" manier waarop 'n regterlike ondersoek na SAP-moordbendes aangekondig is, plaas die regering se besluit onder verdenking.

Dit is duidelik dat die regering voor druk geswig het, sê die woordvoerder van VROM, Kobus Visser.

Visser het die regterlike ondersoek verwelkom, maar het sy misnoeë uitgespreek met die regering se tydsverspilling met die saak en die hooflanddros van Kaapstad se hantering van die aansoek om die optog te hou. Die aansoek is "weens tegniese redes" enduit geweier.

Lourens du Plessis, professor in Publiekreg aan die Universiteit van Stellenbosch, wat die veldtog ondersteun het, het gister sy bedenkinge oor die omvang van die regterlike ondersoek uitgespreek. Du Plessis het die regering se redes vir die ondersoek as "ontoereikend" beskryf.

Hy het die erns van die aantyging teen die polisie, wat die staat, betrokke ministers en die kabinet impliseer, beklemtoon.

"Dit is onvoldoende om 'n kommissie uit te roep om spekulasie en bewerings in die kiem te smoor," sê Du Plessis. Laasgenoemde is met die aankondiging as rede aangegee deur die minister van Justisie, Kobie Coetsee.

Du Plessis sê egter dat hy die ondersoek verwelkom. "Dit is 'n positiewe verwikkeling dat selfs pres FW de Klerk gehoor gegee het aan die versoek vir 'n regterlike ondersoek.

"Dit is belangrik om die wolk van verdenking wat nou oor die hele polisiemag hang, op te klaar," sê Du Plessis. Hy het beklemtoon dat die doel van die regterlike kommisie daarop gemik moet wees om die aanklagte teen die polisie en die regering te ondersoek. Die polisie kan self die beweerde betrokkenheid van die regse groepe ondersoek.

Minstens tien huidige en gewese veiligheidspolisiemanne - waaronder twee brigadiers, 'n majoor en 'n kaptein - is deur Coetzee, Tshikalange en Almond Nofomela in moordbendeaktiwiteite wat sedert 1980 plaasgevind het, geïmpliseer.

As die kommissie sy gewone gang gaan, sal dié polisiemanne vir getuienis aangehoor en onder kruisverhoor getoets moet word. Menseregteprokureurs hoop dit is waar die waarheid sal uitkom oor hoe hoog in die polisie-hiërargie en selfs die kabinet kennis daaroor gestrek het.

Die effek van die aanstelling van die kommissie kom daarop neer dat dit wat menseregte-prokureurs aanvanklik voorgestel het, nou gebeur het, naamlik dat 'n polisie-ondersoek en 'n regterlike kommissie hand aan hand kan loop.

Visser, wat die woordvoerder is van die Afrikaners wat die veldtog vir die optog begin het, het gister te kenne gegee dat die groep sou voortgaan met die optog ongeag die volgehoue weiering van die Kaapstadse hooflanddros. Die stadsraad van Kaapstad het geen beswaar teen die straatoptog gehad nie, en al die regte kanale is gevolg om verlof te vra.

Die optog, wat vir Donderdagaand beplan was, op die vooraand van die opening van die parlement, het ook die steun verkry van Molly Lubowski, die moeder van die oorlede Swapoleier Anton Lubowski, Maggie Friedman, die vriendin van die politieke aktivis en akademikus dr David Webster, dr Beyers Naudé, dr Allan Boesak, politieke groepe soos die Demokratiese Party, menseregtegroepe asook die breë demokratiese beweging.

Nóg 'n kommissie oor dood in aanhouding

BENEWENS die regterlike kommissie van ondersoek na moordbendes en politieke geweldpleging, is 'n regterlike ondersoek ook Woensdag gelas na die dood van 'n man in aanhouding.

Volgens die polisie is Clayton Sizwe Sithole, 20, Woensdag by John Vorsterplein dood in 'n stort aangetref. Sithole is ingevolge veiligheidswetgewing aangehou.

Die uitslag van die regterlike ondersoek na Sithole se dood sal aan die Prokureur-Generaal gestuur word.

Sithole is in verband met aanvalle op polisiemanne, 'n staatsgetuie en lede van die Sofasonke-party deur beweerde ANC-lede aangehou.

Vervolg van bladsy 1

Was hulle betrokke?

Louis le Grange

Adriaan Vlok

Magnus Malan

'n Intelligensie-offisier van die ANC sê dat die verslag gebaseer is op die getuienis van verskeie Askari's (ANC-guerillas wat na die SAP oorgeloop het) wat oor die jare na die ANC teruggekeer het.

Die getuienis van Coetzee, Tshikalange en Malaza is oor die afgelope weke deeglik deur die ANC bestudeer en vergelyk met bestaande inligting.

Die ANC was vandeesweek versigtig optimisties oor die aanstelling van die geregtelike kommissie van ondersoek, maar het tog gesê dat hulle bereid is om hulle getuienis met 'n groep menseregte-prokureurs te bespreek wat vandeesweek met hulle in verbinding getree het.

Internsionale belangstelling in die moordbende-sage het vandeesweek opnuut opgevlam nadat dit bekend geword dat die American Civil Rights Commission getuienis oor moordbendes aangevra het om 'n ondersoek te voltooi waarmee hulle reeds geruime tyd besig is.

Malaza het vertel dat hy in 1968 by die polisie aangesluit het en in 1971 na die veiligheidstak oorgeplaas is. Hy het in 1978 'n ANC-spioen geword en het inligting aan die organisasie bly verskaf tot in 1986 toe sy ware identiteit uitgevind is.

Malaza was 'n sogenaamde veldwerker wat mense moes identifiseer wat die land wou verlaat om by die ANC aan te sluit en hy moes mense vir die veiligheidspolisie werf.

Vir die loop van sy werk het hy bevriend en bekend geraak met verskeie Askari's wat lede van moordbendes was en het selfs vir Coetzee en kapt Paul van Dyk geken.

"Ek het opdrag van die ANC gekry om te sorg dat ek goed bevriend raak met moordebendelede en hul vertroue wen sodat hulle hul wandade aan my sou beken. Ek het week na week inligting aan die ANC uitgestuur."

Mandela-dokument vra om beter klimaat

Elsabé Wessels

"Die konflik en geweld in Suid-Afrika sal nooit bygelê word indien die regering en die ANC nie 'n ooreenkoms bereik nie."

Wat Staatspresident FW de Klerk ook al vanoggend in sy toespraak in die Parlement te sê gehad het, een ding staan vas: die skaduwee van 'n gevangene het donker daaroor gehang.

Teen Donderdagaand was daar heelwat verwarring of De Klerk Mandela gesien het of nie. "Senior regeringsbronne" het aan joernaliste gesê die ontmoeting sou Donderdag plaasvind, maar laataand het De Klerk se kantoor in 'n verklaring gesê daar was geen so 'n ontmoeting Donderdag nie.

Die drama volg op die onthulling van 'n nuwe beleidsdokument wat verlede jaar deur Mandela aan die regering voorgelê is. Dié dokument, wat volgens bronne op 12 Desember verlede jaar aan die minister van Justisie, Kobie Coetsee, oorhandig is, plaas nuwe druk op die De Klerk-regering om aan die eise vir Mandela se vrylating gehoor te gee.

Die dokument getiteld "A document to create a climate of understanding" het gister in die Kaapse koerant South verskyn.

In die dokument doen Mandela voorspraak vir die skepping van 'n aanvaarbare klimaat waarbinne die eise van die ANC, soos vervat in die Harare-verklaring, uiteengesit word.

Die dokument is 'n hersiening van Mandela se verklaring wat verlede week opslae in die pers gemaak het. In die nuwe dokument skaar Mandela hom geheel en al by die eise wat in die Harare-verklaring gestel word (sien ook berig op bladsy 13).



Nelson Mandela

Mandela begin die dokument deur die staatspresident geluk te wens met die vrylating van die agt politieke gevangenes in Oktober verlede jaar.

Mandela sê verder dat die konflik en geweld in Suid-Afrika nooit bygelê kan word voordat die regering en die ANC 'n verstandhouding oor onderhandeling bereik nie.

Mandela lewer kritiek op De Klerk se standpunte oor beplande hervorming en veral De Klerk se gesprekke met tuislandleiers in die regering se soeke na 'n grondwetlike oplossing.

Volgens Mandela moet die regering aanvaar dat gesprek oor versoening slegs met die ANC en ander buite-parlementêre politieke groepe gehou kan word.

Die belangrikste nuwe standpunt wat Mandela in die verklaring maak, is dat hy hom nie meer bereid verklaar om by die "twee fases" vir onderhandeling, soos in die eerste dokument vervat, te hou nie.

Hy gee sy volle steun aan die ANC-posisie dat die onus op die regering rus om aan die eise van onderhandeling te voldoen. Die eise bly die opheffing van die noodtoestand, die wettiging van verbode politieke organisasies en die vrylating van politieke gevangenes.

Die een sonder die ander skep steeds nie 'n aanvaarbare klimaat nie, lui die dokument. Mandela bevestig weer eens dat hy hom neerlê by die leierskap van die ANC se hoofkwartier in Lusaka.

Die dringende faksboodskap wat ambassadeur Evita Bezuidenhout gister aan staatspresident FW de Klerk gestuur het.

SUID-AFRIKA BAPETIKOSWETI

FAX UITSAAI-DEKKINGSBLAD / PERSOONLIK

Die Staatspresident 021.456.548
AAN: ..... FAX No: .....
VAN: Mev Evita Bezuidenhout ..... FAX No: JOHANNESBURG 482.3115
BLADSYE INSL.DIE EEN:..... DATUM: .....

Gevierde Leier !

DIE OPENING VAN ONS PARLEMENT

Die oë van die wêreld is op u, maar meer as dit, ek hou u dop met spanning en geloof.

Die nuwe Suid-Afrika kan net baatvind by u woorde Vrydag.

Beste wense!

En hiermee, hartstogtelike raad:

Moet net nie Vrydag die naam van ENIGE rivier, spruit, waterweg of sloot noem nie! Los die Liesbeeck, vergeet die Vaal, bêre die Blackrivier, goci weg die Gamtoos, verjaag die Jordaan, trip liggies om die Thames, trek 'n lyn by die Ryn, en bo alles, O Leier, prewel nie eers daardie verdomde naam wat met RUB begin en CON eindig nie!

My R2 is alreeds 20c!

Met deernis, opwinding en ook sonder frons.

Altyd glimlaggend in diens van Land Volk en 'n Toekoms buite Pollsmor en Vic Verster vir ons almal,

Evita Bezuidenhout

EVITA BEZUIDENHOUT
Ambassadeur en Nasionale Monument

NS: En vandag weer by Nelson? Nou ja, soos Dr Verwoerd mos altyd gesê het: Vat hom Fluffy!

Haar Edele
Die Hoogwaardige
Mev. EVITA BEZUIDENHOUT
Gerespekteerde
Suid-Afrikaanse
AMBASSADEUR
in die Onafhanklike Tuislandrepubliek van
BAPETIKOSWETI

Her Excellency
The Honorary
Mrs. EVITA BEZUIDENHOUT
Respected
South African
AMBASSADOR
to the Independant Homeland Republic of
BAPETIKOSWETI

Beswaarde vry ná nege maande

SAUL BATZOFIN, die gewetensbeswaarde wat vir 18 maande tronk toe gestuur is omdat hy geweier het om sy kampverpligtinge onder die Verdedigingswet na te kom, is dié week vrygelaat na slegs nege maande in terme van die aankondiging dat gewetensbeswaardes vir afslag in aanmerking kom.

Batzofin het reeds twee jaar diensplig voltooi, maar is tot 'n verdere 18 maande tronkstraf gevonnis omdat hy geweier het om kampe te doen.

Die Conscientous Objector Support Group (COSG) het die gevangenisowerhede by Zonderwater-gevangenis geloof vir hul vinnige optrede om hom vry te laat en die gewetensbeswaardes wat gemeenskapsdiens doen, gelukgewens met hul "oorwinning" deurdat die tydperk van gemeenskapsdiens met die helfte verminder is.

Die COSG het die hoop uitgespreek dat die ses jaar tronkstraf wat aan David Bruce en Charles Bester opgelê is, ook gehalveer sal word.

"Dit is patriotiese Suid-Afrikaners hierdie wat op 'n beginselvaste wyse op die voorskrifte van hul gewetens reageer. Hulle is nie misdadigers nie," het COSG in 'n verklaring gesê.

Hulle vra dus die regering om steeds 'n stelsel van alternatiewe, nie-militêre diensplig vir gewetensbeswaardes te oorweeg, aangesien hulle steeds dieselfde as gewone misdadigers behandel word.

Aanvaar Harare-verklaring, vra UDF

DIE United Democratic Front het gister, op die vooraand van die parlementsopening, 'n beroep op pres FW de Klerk gedoen om die Nasionale Party te verbind tot die nakoming van die voorwaardes wat in die Harare-verklaring vervat is.

"Niks minder as dit sal aanvaarbaar wees vir die bevrydingsbeweging en die internasionale gemeenskap nie," sê Terror Lekota, nasionale publisiteitsekretaris, in 'n verklaring namens die UDF.

"Die regering moet ook let op die hoë verwagtinge van die mense, sowel as die gereedheid van ons aktiviste om in regstreekse nie-gewelddadige optredes betrokke te raak," lui die verklaring.

"Oor die volgende paar dae sal protesoptogte in Kaapstad, Huhudi, Bloemfontein, Atteridgeville, Tembisa, Port Elizabeth en sommige ander gebiede gehou word. Dié optogte sal op spesifieke plaaslike griewe gerig wees, maar sal ook deel vorm van die eis dat die regering dadelik gedemokratiseer word.

"Ons besef dat die regering sy voete wil sleep op pad na 'n onderhandelde skikking. Ons moet egter die land waarsku dat die tyd om politiek te speel, deur elke eis ná 'n lang tussenpose toe te staan, in die gesig van die land kan boemerang," lui die verklaring.

* Die hooflanddros van Kaapstad, WP Theron, het gistermiddag toestemming verleen vir 'n protesoptog deur Kaapstad vandag.

Die organiseerders van die optog, onder wie verskeie Wes-Kaapse UDF-leiers, het te kenne gegee dat hulle nie verlof sou vra vir die optog nie. Theron wou nie sê of enigiemand om verlof aansoek gedoen het nie.

'Ons is klein ANC-kameraadjies'

Jacques Pauw

HARARE - Dirk Coetzee junior, wat Dinsdagaand in Zimbabwe met sy ANC-pa herenig is, loop al vir baie jare met 'n verskriklike geheim in sy kinderhart rond - die bestaan van 'n polisiemoordbende waarvan sy pa die bevelvoerder was.

Dirk, nou dertien, was 'n skrale vyf jaar oud toe kapt Dirk Coetzee hom saam op moordbende-operasies geneem het.

Dirk onthou nog goed hoe sy pa hom destyds vertel het hoe die bende die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge vermoor het, van die "wit ANC-vrou" (Ruth First) wat met 'n briefbom opgeblaas is en 'n onskuldige kind wat in 'n bomaanslag in Swaziland dood is.

Die knapie was vir tot twee weke saam met die moordbende in die veld. Hy het saam met die Askari's in hul mikrobus rondgery en was groot vriende met bendelede soos die selferkende moordenaars David "Spyker" Tshikalange en Almond Nofomela.

"Ek onthou een aand hoe skote 'n end weg geklap het terwyl Spyker my in die mikrobus moes oppas. Dit was groot sports," vertel Dirk.

Coetzee senior sê hy het sy seun saamgeneem omdat dié so lief vir die veld en vuurwapens is. Hy onthou 'n ander keer naby Piet Retief toe Tsikalange weer by klein Dirk in die mikrobus moes bly terwyl die moordbende drie kilometer verder 'n hinderlaag vir ANC-insypelaars gestel het.

"Ek het nog altyd vir Dirk alles vertel wat ek doen. Ons het geen geheime vir mekaar nie en ek hoop die ondervinding saam met die moordbende sal hom vir ewig van geweld afskrik."

Dirk het sy pa se arsenaal wapens in die polisiemotor se kattebak help skoonmaak, met verskeie van dié wapens geskiet en was 'n gereelde gas op Vlakplaas. "My pa was my held. Hy het terries gejag en doodgeskiet. Toe het hy en ek nog gedink dis reg. Nou dink ons anders," sê hy.

Dirk en sy jonger broer Calla het Dinsdag van Pretoria per motor na Zimbabwe gereis om by hulle pa te wees. Hullle het hom op 5 November verlede jaar laas gesien toe hy hulle gesin gegroet en gesê het: "Lekker slaap, ek sien julle more." Die volgende dag is Coetzee land uit waar hy die wêreld geruk het met sy onthullings dat hy die bevelvoerder was van 'n polisie moordbende wat teenstanders van die staat koelbloedig vermoor het.



Dirk Coetzee en sy kinders in Harare

(Foto: Jacques Pauw)

Nou dink Dirk se kinders anders

Dit was 'n emosionele hereniging tussen die twee seuns en Coetzee, wat sedert hy weg is met elke telefoonoproep aan hulle gesê het: "As julle maar net weer by my kan wees."

Vandeesweek het die twee knape trots aan hul pa se sy gestaan en gesê: "Ons pa is 'n ANC-kameraad en ons is klein ANC-kameraadjies."

Dirk het reeds voor Coetzee gevlug het geweet van sy pa se planne om hom by die ANC aan te sluit.

"My pa het gesê Almond het gepraat en hy is bang dat hy die sondebok gemaak word. Hy het gesê sy verlede het hom ingehaal en dat hy gaan waai met die hulp van die ANC en die pers wat sy stories moet vertel.

"Hy het gesê die ANC is nie so sleg as wat almal probeer maak nie. Hulle veg maar net vir hulle vryheid soos ons ook maar gedoen het. Pa het gesê die ANC kyk goed na hulle mense en dat hy goed versorg sal wees."

Toe die eerste berigte oor Coetzee se bande met die ANC verskyn het, het sy vrou Karin dit vir Dirk probeer wegsteek. Sy het nie geweet dat haar seun bewus was waar sy pa is nie. Dirk, wat die koerantstories oor sy pa se moordbende-aktiwiteite noukeurig gevolg het, was glad nie verbaas oor sy pa se onthullings nie.

"Ek het baie saam met my pa in sy wit Datsun of saam met die Askari's in hul kombi rondgery. Ons het op polisieplase gebly waar ons braaivleis gehou het.

"Ek het gewoonlik voor in die kombi tussen twee Askari's gesit. Hulle het gemaak asof hulle taxi ry en het ander swartmense opgelaai en geld gevra. Omdat ek van alles geweet het, maar moes stilbly, het ek 'n rand gekry vir elkeen wat hulle oplaai.

"Ek het geweet terries word geveg. Net na Mxenge doodgemaak is, het my pa my daarvan vertel en gesê hulle moes dit doen want hy was gevaarlik.

"Een keer het ek 'n botteltjie gif in die Datsun gekry. Pa het gesê dis strignien, wat hulle in balletjies vleis sit om honde mee te vergiftig.

"Omdat ek so lief was vir wapens, onthou ek al die skietgoed in die kattebak baie goed. Daar was 'n kas handgranate en 'n kas koeëls. Daar was 'n Tokaref en Makarof, twee handkarabyne met knaldempers en 'n R1. Daar was 'n pak goed wat soos wit deeg gelyk het, wat pa gesê het plofstof is.

"Een keer het pa die wapens vir my uitgepak sodat ek dit kon skoonmaak. Op vlakplaas het Spyker en Almond my met hulle Makarof laat skiet," vertel Dirk.

Hy sê hy het besef die polisie haat sy pa toe 'n skroef van die voorste wiel van sy motorfiets tydens Coetzee se departementele verhoor in 1985 uitgedraai is. Sy pa het hulle op dié motorfiets skool toe gevat.

Coetzee sê hy het destyds klagtes by die polisie ingedien toe die skroef geheimsinnig uitgedraai is. Die motorfiets is kort daarna met wit verf gesprei.

Dirk en Calla het vandeesweek nuuskierig toegekyk terwyl verskeie senior ANC-amptenare Coetzee besoek het in voorbereiding vir die perskonferensie. Die twee het nuuskierig toegekyk terwyl Coetzee en sy nuwe kamerade hul strategie beplan het. "Ek sal graag saam met my pa by die ANC wil bly. Hulle is baie vriendelik en is net gewone mense," het Dirk gesê.

Die Askari's getuig agter die skerms

Farouk Chothia

DURBAN - Verskuil van die publiek en die media het drie Askari's dié week getuig in die ondersoek na die dood van vier Chesterville-jeugdiges in Junie 1986.

In 'n ondersoek, wat as regsgeskiedenis in Suid-Afrika beskou word, het die drie - konst Thabo Paulus Makgage, konst Xolelwa Virginia Shosha en konst Mampotoko Christian Makgopa - getuienis in die Durbanse streekshof gelewer.

Al drie Askari's word gekoppel aan die Seksie C1 anti-terrorisme eenheid by polisiehoofkwartier in Pretoria, wat deur hul vorige bevelvoerder Dirk Coetzee as 'n moordbende bestempel is.

Landdros B Olivier het beslis dat die drie Askaris agter skerms moet getuig nadat die advokaat vir die polisie, Gideon Lotz SC, betoog het dat openbare blootstelling hul lewens in gevaar sou stel.

Ontevrede met die beslissing, het Busisiwe Mthembu - die ouma van een van die slagoffers - onbeheers begin huil. "Hulle het ons kinders doodgemaak en nou kruip hulle agter skerms weg," het sy gesê.

Olivier het geweier om toe te gee aan 'n versoek van die advokaat van die families, Guido Penzhorn, dat naaste familielede toegelaat word om na die Askari's te kyk.

Getuienis wat by die ondersoek gelei is, het sterk daarop gedui dat die polisie-eenheid wat die jeugdiges doodgemaak het, 'n moordbende was. Dit is egter ten sterkste deur die polisie ontken. Volgens die polisie se getuienis was hul doel om 'n verdagte comrade, Charles Ngcobo, in hegtenis te neem. Dié plan het egter skeefgeloop, en op die dood van die sogenaamde Chesterville Vier uitgeloop.

Busisiwe en Esther Mthembu, ouma en ma van een van die Chesterville Vier, Russel Mthembu, buite die Durbanse streekshof.

(Foto: Charles Leonard)

In vroeëre getuienis het sers Makopo Simon Radebe, bevelvoerder van die eenheid wat die moorde gepleeg het, gesê dat die polisie net mense in hegtenis neem, maar dat hulle 'n skoot hoor klap en gedink het dat hulle in 'n lokval gelei is. Daarna het hulle omtrent 90 skote op die hut waarin die jeugdiges was, geskiet.

'n Oorlewende van die skietery, Tibello Mbatha, het 'n ander verhaal vertel. Mbatha sê die jeugdiges was ongewapen en hulle het geen skote gevuur nie. Hy het beweer die polisie het eerste op hulle gevuur.

Penzhorn het dit aan Radebe gestel dat húl oogmerk was om dood te maak, maar Radebe het volgehou dit was om in hegtenis te neem.

Onder kruisverhoor het Makgage gesê dat hy van 1976 tot 1979 'n lid van die ANC was en dat hy militêre opleiding in Angola ondergaan het.

"Gedurende 1979 het ek my aan die SAP oorgegee. Ek het nie van die manier gehou hoe aan ons voorgesê is om te opereer nie," sê Makgage.

Hy sê dat hy in 1980 deur die SAP gewerf is en dat hy by Vlakplaas gestasioneer was. In sy onthulling oor die moordbendes, het Dirk Coetzee vertel dat Vlakplaas moordbendes gehuisves het.

Die bevelvoerende offisier van die eenheid wat die jeugdiges vermoor het, is maj Eugene Alexander de Kock, wat 'n prominente rol in die moordbende-onthullings gespeel het.

De Kock en 'n afgetrede polisieman wat ook aan die moordbendes gekoppel is, brig Willem Schoon, het ook verlede week by die ondersoek getuig.

In 'n verrassende ontwikkeling het De Kock se getuienis met dié van Bute Alfred Nofomela - 'n gewese polisieman wat die bestaan van moordbendes wêreldwyd bekend gemaak het - in een sleutelaspek ooreengestem. In 'n verslag wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke se Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking bekend gemaak is, het Nofomela gesê dat De Kock in Durban was toe die Chesterville-moorde plaasgevind het.

Gedurende die ondersoek het geeneen van die polisiemanne wat getuig het dit genoem nie, en daar was 'n sterk vermoede onder waarnemers dat Nofomela verkeerd was. Onder kruisverhoor het De Kock egter bevestig dat hy wel in Durban was tydens die voorval.

De Kock het gesê dat hy niks met die operasie te doen gehad het nie omdat hy sy verantwoordelikhede aan ander offisiere gedelegeer het. Hy het gesê dat hy in Durban was om ander sake te ondersoek.

In sy getuienis Maandag, het Makgopa gesê dat hy 'n lid van die PAC was.

Dinsdag het Shosha gesê dat sy 'n voormalige kommissaris van die ANC se vroue-eenheid is. Sy het in 1980 by die ANC in Lesotho aangesluit en militêre opleiding in verskeie lande ondergaan. Sy het by die polisie aangesluit nadat sy in hegtenis geneem en 10 maande aangehou is. Sy het gesê dat sy, net soos sy 'n lojale lid van die ANC in die verlede was, nou 'n lojale lid van die SAP is.

Shosah het getuig dat haar rol was om met die comrades kontak te maak omdat sy 'n soortgelyke "taal" as hulle praat.

Deur hulle as comrades voor te doen, sê Shosha dat sy, Makgage en konst Andries Mohaetsho Seleka by 'n sjebeen ingegaan en aan die mense vertel het dat hulle van Piet Retief af gekom het om in die stryd teen die A Team-vigilantes te help.

Toe hulle om bewyse gevra is, het Shosha 'n R4-magasyn en 'n AK 47-geweer gewys en sodoende die mense in die sjebeen se vertroue gewen.

Later het sy en twee kollegas die ses jeugdiges in die hut ontmoet.

Die drie polisiemanne het die hut verlaat om verdere bevele by Radebe - hul bevelvoerder op die toneel - te ontvang. Hulle het 'n skoot gehoor en uit selfverdediging teruggeskiet.

Op die vraag hoekom hulle nie die jeugdiges in hegtenis geneem het nie omdat kontak toe reeds gemaak is, het Mokgage onder kruisverhoor gesê dat daar 'n getalle-oorwig van ses teen twee was. Die ondersoek word op 21 Mei hervat. Olivier sal dan uitspraak gee of die polisie geregverdig was toe hulle op die hut geskiet en die jeugdiges gedood het.

Minister het geweet van moordbendes, sê Coetzee

HARARE - 'n Gewese Suid-Afrikaanse polisieoffisier en lid van die beweerde polisiemoordbende, kapt Dirk Coetzee, sê die Suid-Afrikaanse regering het "natuurlik" die optredes van die moordbendes, wie se optredes nou in die internasional kollig en die onderwerp van 'n geregtelike ondersoek is, ondersteun, berig die Ziana-nuusagentskap.

Hy sê noudat hy by die ANC aangesluit het, gaan hy probeer om meer mense, veral polisiemanne, vir dié organisasie te werf.

Coetzee het in 'n onderhoud aan Ziana gesê dat die hoogste gesag wat die moordbendes se optredes goedgekeur het, 'n gewese kabinetminister was wat na bewering die geheime vervoer van plofstof in die diplomatieke sak vir die bomaanval op die ANC-kantore in Londen goedgekeur het. Die minister was "die enigste gesag wat toestemming kon gee dat die diplomatieke sak nie deursoek word nie. As 'n minister sy goedkeuring gegee het, het ons gemeen dat ons met die ondersteuning van die hoogste gesag handel," sê Coetzee.

Sy bewerings oor die moordbende se betrokkenheid by moorde op die ANC-aktivis Ruth First in 1982, op die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge, op die ANC-lid Patrick Makau en sy kind in Manzini, Swaziland, in 1980, en op twee ongewapende ANC-lede naby Komatipoort, ook in 1982, is reeds bekend. Coetzee sê dat die bendes se optredes gegrond was op die gewese en berugte Rhodesiese Selous Scouts. Baie van hulle het in 1980 na Suid-Afrika gekom.

"Daar was 'n stadium toe guerrillas hier (in Zimbabwe) in vlak grafte gegooi is, toegemaak is met plastiek en stapels hout en daarna is petrol oor sewe tot nege liggame gegiet en aan die brand gesteek om hulle onherkenbaar te maak. Party van ons idees het hier ontstaan," sê hy.

"In dié stadium was my indruk van die 'vaderland' (Suid-Afrika) gebaseer op regeringstandpunte en ek het gedink ons moet die terroriste beveg wat teen ons mense baklei," het hy bygevoeg. "Teen daardie tyd het ek baie gedrink. Dit was ondenkbaar, maar ná 15 jaar in die polisiemag het ek besluit om by die ANC aan te sluit en ek hoop om daartoe by te dra om meer mense, veral polisiemanne, na dié organisasie te trek," het hy gesê.

Op die vraag hoe hy die taak sien om polisiemanne vir die ANC te mobiliseer, sê Coetzee die sukses van die regterlike ondersoek na moordbendes sal dit beïnvloed.

"As De Klerk druk toepas en die polisie besef daar sal geen beskerming wees nie, behalwe om na vore te kom en getuienis te lewer, sal baie van hulle my voorbeeld volg want as hulle dit nie doen nie, sal hulle mekaar begin beskuldig.

"Hulle (die ANC) het my aanvaar en ek is nie meer so oningelig soos baie blankes in Suid-Afrika vandag nie.

"My toekoms lê by hulle en ek gaan die prokureurs en die aangehoudenes se gesinne help in die hofsake by die huis," het Coetzee gesê. - Sapa



Dirk Coetzee

Jacques Pauw

En daar val Dirk se dag in die vreemde toe plat

HARARE - Wat vir Dirk Coetzee 'n hoogtepunt in sy kort ANC-loopbaan moes wees, het misluk toe die Zimbabwese regering 'n stokkie voor sy beplande internasionale perskonferensie gesteek het.

Boonop het Coetzee dié week begin agterkom dat hy nie orals in die ANC ewe welkom is nie.

Coetzee se perskonferensie is Donderdagmiddag in Harare afgestel toe die Zimbabwese regering klaarblyklik besluit het dat hy 'n lid is van Ukhonto we Sizwe en daarom 'n verleentheid vir hulle is.

Die drama draai rondom die ongeskrewe ooreenkoms tussen premier Robert Mugabe en die Suid-Afrikaanse regring dat hy nie militêre operasies uit Zimbabwe sal duld nie. Hy het ook onderneem om die militêre vleuel van die organisasie nie toe te laat om vryelik uit sy land te opereer nie.

Nadat die bekend geword het dat Coetzee 'n lid van die inligtingsvleuel van die ANC is, is die perskonferensie afgestel.

Hoë samesprekings tussen die Zimbabwese minister van buitelandse sake, Nathan Shamuyarira, en twee uitvoerende raadslede van die ANC, Pallo Jordan en Jacob Zuma, kon nie die Zimbabwese regering tot ander insigte bring nie.

Die ANC was voornemens om Coetzee, David Tshikalange en 'n derde polisieman wat vir jare vir die ANC gespioeneer het, adj offisier Vincent Malaza, op dieselfde perkonferensie aan die internasionale pers voor te stel. Coetzee se vrou, Karin, en hul seuns Dirk en Calla het van Pretoria af opgekom vir die belangrike geleentheid.

Wat aanvanklik as 'n geslote perskonferensie bedoel was en waaraan net uitgesoekte persmanne sou deelneem, het hande uitgeruk toe internasionale persmanne na Harare begin stroom het.

Die Zimbabwese regering het van die konferensie te hore gekom, en Zuma het Woensdagmiddag begin met sameprekings om die saak te beredder.

Jordan het Woensdag vanaf Lusaka na Harare gevlieg en gister self samesprekings met Shamuyarira gevoer.

Vrye Weekblad verneem dat daar binne die ANC self verdeeldheid oor Coetzee se teenwoordigheid is. Daar is mense in die politieke vleuel van die organisasie wat ongelukkig voel omdat Coetzee aanvaar is deur die intelligensieafdeling wat hulle klaarblyklik nie in die saak geken het nie. Die uitvoerende raad van die ANC is eers sowat twee weke gelede ingelig dat Coetzee 'n lid is.

Vrye Weekblad verneem verder dat die breë demokratiese beweging 'n amptelike versoek aan die ANC gerig het dat Coetzee nie as lid toegelaat moet word nie.

Die klein dorpie van die groot gevangene

Christian Chaise

QUNU, TRANSKEI - Qunu is 'n tipiese klein dorpie in die Transkei, soos baie ander met die kenmerkende hutte. Dié dorpie is wel uniek; dit het 'n spesiale verhouding met die beroemdste politieke gevangene in die wêreld. Nelson Mandela is 71 jaar gelede hier gebore.

Elkeen van die sowat 200 inwoners is familie van Mandela. Volgens Griffiths Mandela, 30, is daar ten minste ses families met die van Mandela. Sy oorlede vader was 'n neef van Nelson Mandela.

Mandela is in die koninklike familie van die Temboes, die belangrikste stam van die Xhosas in die Transkei, gebore.

Die jong Nelson Mandela, met die bynaam "Buti", was twaalf jaar oud toe hy na die dood van sy vader Qunu verlaat het. Hy het 'n paar kilometers verder by Mqekezweni in die huis van die Temboe-hoofman gaan woon.

Qunu is 30 kilometer vanaf Umtata, die hoofstad van Transkei, geleë. Dit lê onder die pad wat na die grens toe lei. Die dorpie is baie arm en daar is geen lopende water of elektrisiteit nie. Die inwoners oorleef deur graan te kweek en 'n paar skape en varke aan te hou.

"Volgens tradisie moet Mandela sodra hy vrygelaat is hiernatoe kom en ten minste een nag in die dorp slaap," sê die 62-jarige Agrinette Mandela, Griffiths se moeder.

Sy weet presies hoe Mandela moet optree wanneer hy uit die tronk kom. Wanneer hy in Qunu aankom, moet hy heel eerste na die begrafplaas toe gaan. Daarna moet hy sy hande was, en die inwoners sal 'n os slag om sy terugkeer te vier. "Diep in sy binneste weet hy dat hy eers hiernatoe moet kom," sê Agrinette.

Griffiths is meer realisties en sê Mandela sal Sowetotoe gaan, waar hy voor sy inhegtenisneming gewoon het. Volgens hom sal Mandela dáár "met die massas praat" voordat hy Qunu besoek.

Daar is egter geen twyfel dat Mandela dié dorpie kort na sy vrylating sal besoek nie. Sy enigste seun, Makgatho, 39, wat in 'n ander Transkeise dorp woon, sê sy pa sal 'n huis in Qunu bou. Die erf vir dié huis is in November verlede jaar amptelik deur die plaaslike hoofman uitgesteek.

Volgens Makgatho het sy pa hom die planne van dié "moderne" huis gewys. Die ou Mandela-familiehuis, waarin Mandela gebore is, het in die sewentigerjare verdwyn. Die drie hutte waaruit dit bestaan het, is verwaarloos en het mettertyd verval. Dié gebied is tans 'n weiveld in die middel van die dorp wat met draad omhein is.

Die begrafplaas is naby. Dit het net 'n paar grafte, waaronder Nelson Mandela se ouers en een van sy susters.

Mandela se naaste verwant in Qunu is Napilisi Mandela, 'n vyftigjarige kleinneef wie se gelaatstrekke sterk ooreenkomste toon met foto's wat in die vyftigs en sestigs van Nelson geneem is.

Napilisi is egter verbasend oningelig oor die politieke aktiwiteite van sy oom: "Al wat ek weet, is dat hy in die tronk gesit is omdat hy 'n gelyke salaris vir almal wou hê."

Hoe dit ook al sy; almal in Qunu ondersteun duidelik die optredes van Nelson Mandela en is trots op hom. - AFP



'n Pastorale toneel in Qunu, Mandela se geboortedorp

(Foto: AFP)

DRA ONS LEIER RONDBORSTIG; VIVA MANDELA VIVA

ons koop van die oorspronkelike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is

african magic spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

BEVRY DIE DEMOKRATIESE PROSES

Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:

1. **Die Noodtoestand te beëindig**
2. **Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef**
3. **Beperkings op demokratiese organisasies te skrap**
4. **Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig**

'Nou kan almal sáám geskiedenis maak'

BARBARA KOK en LYNDA GILFILLAN, onderskeidelik van die departemente Wiskunde en Engels aan die Universiteit van Pretoria, het met adv Dullah Omar, vise-president van die UDF in die Wes-Kaap, gaan praat. Daarna het hulle die Sarhwu-opmars meegemaak. Hier gee hulle hul indrukke van dié dag weer

Barbara Kok



Adv Dullah Omar

(Foto: Chris Ledochowski - Afrapix)

Lynda Gilfillan

Die laaste paar dae het ons weer die lelike gesig van die protesoptog gesien. Stukkende ruite, waterkanonne, 'n lemmetjiedraadkroon vir St George-katedraal in Kaapstad. Daar is 'n krisis in die onderwys, maar kinders moet nie gehoor, en liefs ook nie gesien word nie.

Vanoggend het ek die National Education Co-ordinating Committee se pamflet wat Lynda en ek Vrydag, 19 Januarie by die Katedraal in Kaapstad gekry het, weer deurgelees. Die eise daarin vervat is dinge waarvoor ons sou wou loop - oop skole, demokratisering...

Maar die optog is onwettig, het kol Delport gesê toe duisende kinders, ouers en onderwysers Dinsdag 23 Januarie verenig het om van St George's na die kantore van die DET te stap.

Adv Dullah Omar, vise-president van die UDF in die Wes-Kaap, was daar en het gesê die optog sou vreedsaam verloop. Daarna is die waterkanonne ingespan.

Op Vrydag die 19e was daar ook 'n protesoptog en gedenkdiens vir die Sarhwu-lede wat dood is tydens die spoorwegstaking. 'n Groot groep werkers het binne en buite die St George's-saal byeengekom en al singende gewag op die sprekers, onder andere Dullah Omar.

Lynda en ek het saam met die werkers in 'n ordelike groep in Adderleystraat afbeweeg. Daar was heelwat skoolkinders teenwoordig. Terwyl ons by die Paul Sauergebou gewag het vir die organiseerders om die petisie te oorhandig, het die polisie besluit dat hulle ons nie weer in Adderleystraat wou hê nie. Hulle het op ons afgejaag met daardie lelike waentjie wat lemmetjiesdraad uitrafel.

Ons is tussen die geboue vasgekeer en is met 'n ompad uiteen. Swaar gewapende polisie was oral sigbaar. Een van die mense voor in die optog, was Omar.

Vroeër dié oggend het hy ons by sy kantoor in Queen Victoriastraat ontvang.

"Ek is 'n produk van Distrik Ses. In 1952 het ek aan Trafalgar High School gematrikuleer - dieselfde jaar wat 'wit' Suid-Afrika 300 jaar van Jan van Riebeeck se aankoms gevier het. Trafalgar High is as radikaal beskou: studente het 'n veldtog vir 'n boikot van die fees ondersteun en onder andere geweier om opstelle in Afrikaans oor die fees te skryf. Ek dink dit was die begin van my 'enlightenment'.

"Toe is ek UCT toe waar ek die BA LLB binne vyf jaar behaal het. Ek het die politiek betree deur die Non European Unity Movement waarby onder andere studentegroepe op UCT betrokke was. Daar was baie aktiwiteit op kampus rondom die opvoedkunde - Die Wet op Bantoe-onderwys, apartheid op tersiêre vlak, die filosofie van Christelik-Nasionale onderwys.

"Terloops, ons was in daardie stadium krities teenoor Nusas omdat hulle nie apartheid-opvoedkunde in die algemeen wou aanspreek nie. Dinge het natuurlik verander, vandag speel hulle 'n belangrike rol. Die vyftigerjare was ook die tyd van reuse-veldtogte teen stemregontneming. Tóé kon 'n mens meer openlik organiseer... dit was die vormende jare, onstuimige jare."

Een persoon met wie Omar noue kontak gehad het, was Albie Sachs. Hy was 'n jaar voor Omar op universiteit, lid van die Modern World Society en deel van die Congress-beweging. Daar was blykbaar heelwat mededinging tussen die Unity- en Congress-beweging, maar na redekawel en debat het hulle as vriende uiteengegaan.

"In die laaste dekade het onverdraagsaamheid 'n groot probleem geword. Ons leef in 'n onverdraagsame, ondemokratiese samelewing onder die ideologie van diktatorskap. Dit kweek dieselfde waardes by die gemeenskap. Die tydperk van onderdrukking wat in die sestigerjare begin het, het beteken dat die regime al meer geweld gebruik het om die probleme te probeer oplos en dit stel 'n voorbeeld aan andere."

Dit sou later die oggend, en veral tydens die NECC-byeenkoms, weer duidelik geïllustreer word. Water, traanrook, draad, klippe. Genl Johan van der Merwe sê (The Star, 25/1): "The police had no choice than to prevent the protest. The subsequent violence therefore had nothing to do with the police..."

"Dit is die taak van die bevrydingsbeweging om nuwe waardes, 'n nuwe ideologie, 'n nuwe lewenswyse daar te stel - en dit doen hulle ook. Die oorlog is dus nie net om mag nie, maar om nuwe waardes."

Volgens Omar is die ontwikkeling en die stryd ongelyk in die sin dat goeie konsepte (soos "people's courts") besmet kan raak deur die onderdrukking van die regime en humanitêre waardes vernietig kan word. 'n Bevrydingsbeweging kan nooit brutaliteit goedpraat nie. Maar gaan ons ooit die gedragpatrone wat in ons gemeenskap ontwikkel het, verbreek?

"Ek is baie optimisties. Die bevrydingsbeweging het groot oorwinnings behaal - nasionaal en internasionaal. Ons het wonderlike geleenthede om nuwe standaarde en praktyke ten opsigte van verdraagsaamheid en demokrasie te implementeer, gegee die krisis in apartheid en die feit dat die bevrydingsbeweging vandag 'n magtige krag is. Probleme sal daar egter wees.

'Uitbuiting moet beëindig word; nie harde werk, inisiatief of vaardigheid nie.'

"Die dominasie van die subkontinent deur supermoondhede soos die Verenigde State en Brittanje is 'n grote. Hier is nie Sowjet-beleggings en -dominasie nie. In ons land is dit dominasie deur Westerse imperialisme. In enige poging om 'n samelewing sonder uitbuiting te bou, sal ons ingryping en opposisie teëkom.

"Ons word deur groot monopolieë gedomineer - monopolie-kapitalisme is die kenmerk van ons ekonomie en sal deur nasionalisering geraak moet word. Pick en Pay, byvoorbeeld, is nie so 'n groot monopolie nie. Uitbuiting moet beëindig word; nie harde werk, inisiatief of vaardigheid nie.

"Beleggings wat die samelewing bevoordeel, is belangrik - die Vryheidshandves beperk nasionalisering tot myne en groot monopolieë. Dit is ook Mandela se standpunt. Maar al dié dinge sal deur 'n demokratiese parlement uitgewerk moet word. Die mense moet, deur hulle gekose verteenwoordigers, besluite oor die ekonomie neem en die ANC sal ook hulle beleid aan die elektoraat voorlê."

'Dit is moontlik vir individuele regters om bewus te word van werklikhede en om standaarde van geregtigheid daar te stel.'

Ons gesprek keer terug na die sestigerjare. Begin '60 het Omar gekwalifiseer as advokaat en sy praktyk begin tydens die eerste noodtoestand. Hy het vir die PAC opgetree. Suid-Afrika se eerste sabotasie-verhoor, die sogenaamde Poqo-verhore, is ook deur hom behartig. Dié saak het gevolg op oproer in die Paarl in 1962 waartydens twee mense deur Poqo-lede gedood, en ses Poqo-lede deur die polisie geskiet is.

"Dit was moeilik om mense te kry om die aangeklaagdes te verdedig. Groepe wat geld vir politieke verhore geskenk het, het geweier om dié geval te steun as gevolg van die geweld van die oproer. Ek kon net die eerste van die vyf verhore behartig - my praktyk het feitlik in duie gestort. Ons moes die aangeklaagdes later oorreed om Pro Deo-raad te neem. Die aanklaers was wit, die regters ook; die atmosfeer vyandig. Ek dink nie die verhoor was regverdig nie."

Is dit werklik moontlik om 'n regverdige verhoor in Suid-Afrika te kry as jy swart is?

"Dinge het verander. Daar is groter openbare bewustheid en meer regsmense wat bereid is om politieke verhore te behartig. Maar deesdae is daar ook meer fondse beskikbaar en ek dink dat daar 'n mate van misbruik daarvan is."

Die sestigerjare was natuurlik ook die tyd van Sharpeville en die verbanning van die ANC en die PAC. Omar het die groot optog van Langa na Kaapstad gesien. In dié tyd het hy ook mense uit die Congress Movement ontmoet. 'n Tyd van onderdrukking waarin hy vir aangehoudenes optree, ook vir mense op Robbeneiland wat deur tronkhowe verhoor en veroordeel is. In dié dae was dit blykbaar die gedagte om aangehoudenes fisiek en geestelik te breek. Omar het die eiland seker meer as enige ander regspersoon besoek.

"Dit is hoe ek Mandela leer ken het. Hy het my gehelp om my politieke standpunt te verander - nie direk nie, sonder om werklik die strydpunt aan te raak, maar ek het gesien hoe hy homself handhaaf. Hy het geweet dat ek 'n lid van die Unity Movement was. Hierna het ek my uitkyk verander en by die Congress Movement aangesluit.

"My regsloopbaan was 'n baie gelukkige een. Ek het omtrent al die leiers van al die bewegings ontmoet. In die sewentigerjare het ek ook vir BC opgetree."

Volgens hom is ons baie bevoorreg om 'n leierskapkorps te hê soos geen ander land in Afrika nie. Ons spring na 1985.

"Met die tweede noodtoestand en op my seun se verjaardag in Augustus bevind ek myself in die tronk. Ek en ander UDF-lede is onder Section 29 aangehou. In Oktober is ek vrygelaat om net weer twee weke later aangekeer en in Desember 1985 wéér vrygelaat te word. Ek weet hoe Victor Verster se binnekant lyk!"

Ons wonder oor die konsep van 'n "morele regter". Apartheid het sekerlik die uitoefening van geregtigheid baie bemoeilik. En is dit nie moeilik vir 'n progressiewe regspersoon om binne die parameters van soveel onderdrukkende wette te werk nie?

"Dit is moontlik vir individuele regters om bewus te word van werklikhede en om standaarde van geregtigheid daar te stel. Didcott is een, ons het ook 'n paar in die Kaap. Apartheid het in die algemeen verwoesting in die reg gesaai. Ons moet egter onthou dat 90 persent van mense voor magistrate verskyn en dít is waar die grootste onreg plaasvind. Ons het dapper advokate nodig.

"Vir my is dit bevrydend om polities betrokke te wees. Ek steek dit nie weg nie. 'n Mens gebruik nie die hof as 'n party-politieke platform nie, maar jy veg vir geregtigheid, teen onregverdige wette."

Ons vra oor die vrylating van Mandela. Is die tyd nou uiteindelik werklik hier?

"Sy vrylating sal kom as gevolg van die stryd van die mense, die sukses van die ANC en internasionale steun. Die regime verkeer in 'n krisis. Die tydsberekening is natuurlik in die hande van die regering en hulle sal dit uitbuit om maksimum voordeel te probeer kry. Maar die proses van bevryding kan hulle nie meer beheer nie.

"Dit is 'n opwindende tyd - dit moet heerlik wees om jonk te wees! Ons het almal 'n wonderlike kans om deel te neem aan die maak van geskiedenis."

Dan moet 'n mens bereid wees om deel te word en die eerste tree te neem. Dis ook nie moeilik om saam te stap met mense soos Omar nie. En die finale opmars sal niemand kan keer nie.

kagiso trust

projek-bestuurder

Kagiso Trust Natal se kantoor verlang die dienste van 'n projek-bestuurder om verantwoordelikheid te aanvaar vir:

* *verwerking van projek-aansoeke*
* *waardering en beoordeling van bestaande projekte wat deur die Trust geborg word, en*
* *verslag doen aan die toepaslike departemente van die Trust.*

Die suksesvolle aansoeker moet:

* in staat wees om doeltreffend in 'n demokratiese omgewing te kan werk
* Zoeloe en Engels magtig wees en duidelike verslae kan skryf
* in besit wees van 'n geldige rybewys en bereid wees om te reis.

Ondervinding in gemeenskapsontwikkelingswerk sal 'n aanbeveling wees.

Skriftelike aansoeke, wat 'n volledige ondervindinglys en 'n minimum van twee verwysings insluit, moet voor 10 Februarie 1990 gerig word aan:

Kagiso Trust,
Posbus 3361,
Durban 4001.
Telefaks (031) 304-3012.

Voed op, moenie straf nie

Die toestande waarin kinders en jeugdiges in Suid-Afrikaanse tronke aangehou word, is in Januarie en Februarie verlede jaar met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse regering deur ses akademici en direkteure van jeugtronke in Wes-Duitsland en Switserland ondersoek. ANTON STEENKAMP bespreek hul bevindinge, wat pas vrygestel is

BY die gevangehouding van kinders behoort die klem te val op opvoeding, eerder as straf, en dié beginsel word in Suid-Afrika nie altyd in gedagte gehou nie, sê die ses ondersoekers wat in twee maande met 41 aangehoudenes, 21 verhoorafwagtendes en 41 gevangenes onder die ouderdom van 18 jaar gepraat het.

Hulle beveel aan dat die opvoedingsgeleenthede waarvoor die Strafproseswet voorsiening maak, soos verwysing na 'n verbeteringskool eerder as tronkstraf, meer gereeld toegepas moet word.Jeugtronke, waarmee by Leeuwkop 'n begin gemaak is, moet ook uitgebrei word en in gevalle waar tronkstraf noodsaaklik is, moet die tyd vir opvoeding gebruik word.

Dr Helmut Arndt, dr Dieter Bürgin, Kurt Gutknecht, dr Walter Haesler, Herbert Kronzucker en Susanna Schmidt het van die minister van Justisie, Kobie Coetsee, en die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, verlof gekry om ongehinderd tronke en ander plekke waar jeugdiges aangehou word, te besoek. Benewens gevangenisse het hulle ook polisieselle, plekke van veilige bewaring en verbeteringskole besoek.

Hulle doelwit was om in elke geval vas te stel hoekom die jeugdige aangehou word, en in watter omstandighede. Hulle het gevangenes wat reeds gevonnis is, verhoorafwagtende beskuldigdes en aangehoudenes onder die noodmaatreëls besoek.

In Januarie 1989, toe die besoek plaasgevind het, was daar 959 jeugdiges jonger as 21 jaar onder die noodmaatreëls in aanhouding. Van hulle was 430 jonger as 18 en drie jonger as 14. Dit het goed vergelyk met die ooreenstemmende tydperk in 1987, toe daar 13 627 jeugdiges in aanhouding was. Van hulle was 4 674 jonger as 18, en 308 jonger as 14. In Januarie 1989 was 6 469 gevonnisde jeugdiges jonger as 18 jaar in die tronk of in jeugsentra.

Die kommissie wys daarop dat die algehele gevangenisbevolking in Suid-Afrika - 3,72 per duisend van die land se inwoners - heelwat hoër is as dié van Westerse lande, waar die getal amper altyd minder as een per duisend is.

In die gevalle van gevonnisde jeugdiges, meen die kommissie dat die vonnisse in vergelyking met dié vir dieselfde misdade in Europa, uitsonderlik hoog is. Die meeste van die jeugdiges het ook nie regsverteenwoordiging gehad by hul verhore nie.

Die twee blanke gevangenes wat hulle besoek het, het hul selle met onderskeidelik agt en elf ander gedeel. Die ander selle het tot 60 mense in gehad.

Heelparty van die gevangenes en aangehoudenes het gesê hulle is deur polisiemanne aangerand, en die klag van marteling deur 'n nat sak of binneband oor die kop te trek, is meer as een maal gehoor.

Die kos is in die algemeen goed voorberei. Die grootste klagte in dié verband was dat aandete al tussen twee- en vieruur die middag bedien word, met die gevolg dat gevangenes honger word lank voor oggendete. Die Gevangenisdiens skryf dit toe aan 'n tekort aan personeel en geld.

In baie van die tronke was daar geen beddens vir bruin- en swartmense nie, slegs slaapmatte. Die selle word volgens ras én geslag geskei.

Die selle het oop sanitêre geriewe agter 'n skouerhoë muur. Daar is een urinaal, een toilet, twee wasbakke en gewoonlik twee storte per sel.

Behalwe hoogstens 'n uur se oefening en die tye wanneer hulle hul kos gaan haal, bring die gevangenes al hul tyd in die selle deur. Baie min



het die geleentheid om te werk, en verveling is 'n groot probleem - van die gevangenes het gekla dat hulle nie hul eie Bybels het nie, dat daar nie voorsiening vir skoolboeke en speletjies gemaak word nie, en dat hulle te min geleentheid vir sport en ander oefening het.

Gevegte tussen verskillende bendes is 'n groot probleem, asook gedwonge tatoeëring, homoseksualiteit (jeugdiges wat deur ouer gevangenes as "wyfies" gebruik word) en daggahandel. Die kommissie wys daarop dat daar 'n subkultuur in die tronk bestaan, wat tot verdere misdade aanleiding gee.

Die atmosfeer in die meeste tronke het ook nie bygedra om 'n gevoel van afhanklikheid, hulpeloosheid en hopeloosheid teen te werk nie, met die uitsondering van Leeuwkop en Pollsmoor.

Afgesien van dié jeugdiges wat in tronke is, is die Suid-Afrikaanse "skemerkinders" kommerwekkend. Dié kinders hardloop gewoonlik weg van die huis af as gevolg van gesinsgeweld, armoede en alkoholisme.

Hulle word groot sonder enige noue vertrouensverhouding, steel en baklei om aan die lewe te bly, en word uiteindelik dikwels gewelddadige volwassenes met 'n uiters lae selfbeeld. Die meeste van dié jeugdiges wat in die tronk beland, het ook tipiese "misdade van armoede" gepleeg.

Kinders en jeugdiges word dikwels tronk toe gestuur omdat daar nie genoeg alternatiewe beskikbaar is nie, met die gevolg dat hulle bitter min verdere opvoeding, opleiding of werkstimulasie kry. Die kommissie beveel aan dat sielkundiges betrek word by die beplanning van nuwe kindersorg-instellings soos nywerheidskole, verbeteringskole en plekke van bewaring.

Die Strafproseswet en die Gevangeniswet bepaal dat 'n verhoorafwagtende jeugdige sover moontlik in 'n plek van veilige bewaring gehou moet word, eerder as in die tronk.

Die kommissie het groot lof vir die begrip van die wetgewer "dat 'n jeugdige gevangene nie altyd opgesluit hoef te word nie, en as dit wel nodig is, dat hy spesiale sorg en opvoeding moet kry". Die kommissie sê egter dat te veel jeugdiges tronk toe gestuur word sonder dat die alternatiewe opgeweeg word.

'n Stap in die regte rigting, wat tans deur die gevangenisowerhede op die proef gestel word, is om jeugdiges te betrek in "jeugprojekte". Die kommissie beveel aan dat soortgelyke programme uitgebrei word.

Opvoeding, selfs in die tronk, behoort volgens die kommissie die volgende doelwitte te hê:

- om die jeugdige 'n kans te gee om te ontsnap aan die omstandighede wat hom gekriminaliseer het;
- om hom te leer hoe om die balans tussen 'n persoonlike en sosiale identiteit te hou;
- om die jeugdige te lei tot 'n onselfsugtige belewenis van realiteit en menslikheid, en om groepsbeheptheid te oorkom;
- en hom te lei tot onafhanklike, verantwoordelike denke en optrede.

Mediese en sielkundige probleme het veral na vore gekom onder die kinders en jeugdiges wat onder die noodmaatreëls aangehou word.

'n Groep geneeshere wat aan die Nasionale Mediese en Tandheelkundige Raad behoort en aangehoudenes behandel, het die volgende statistieke opgestel:

- 72 persent van die aangehoudenes wat hulle in 1987 besoek het, is in aanhouding aangerand;
- 97 persent van hulle het tekens van mishandeling getoon;
- 78 persent is aan geestelike mishandeling (dreigemente, vernedering) onderwerp;
- 32 persent het tyd in eensame opsluiting deurgebring;
- 84 persent het na die tyd sielkundige probleme ondervind.

Die kommissie meen dat die skadelike uitwerking van aanhouding sonder verhoor kan lei tot die kriminalisering van moontlik onskuldige jongmense en tot 'n onnatuurlik hoë tronkbevolking. Van die kinders wat onder die noodmaatreëls aangehou is, is ook hertoelating tot die skool geweier, wat dit moeilik maak om later werk te kry.

Hoewel hulle insien dat die situasie in Suid-Afrika nie vergelykbaar is met dié in Switserland of Wes-Duitsland nie, beveel die kommissie aan dat die regsprosedure in die geval van jeugdiges aangepas word.

Die ondersoek behoort volgens die kommissie deur spesiale staatsaanklaers of regters vir jeugdiges gedoen te word, indien moontlik met die bystand van 'n maatskaplike werker.Die regsproses behoort ook versnel te word, aangesien 'n lang tydperk in die tronk deur 'n verhoorafwagtende sy bereidheid om positief te verander, skade kan aandoen.

Die verhoor behoort in 'n spesiale hof gehou te word, en die voorsittende beampte moet bygestaan word deur maatskaplike werkers, onderwysers of sielkundiges. Regshulp moet uitgebrei word sodat nie net beskuldigdes wat ter dood veroordeel kan word, outomaties regshulp kan kry nie. Dit geld veral jeugdiges wat nie deur hul ouers bygestaan word nie, en gevalle waar 'n lang tydperk van tronkstraf moontlik is.

Die noodmaatreëls en die Wet op Binnelandse Veiligheid moet volgens die kommissie heeltemal afgeskaf word, aangesien dit teen die basiese beginsels van menseregte en die beginsel van die skeiding van magte indruis.

Intussen moet 'n billike verhoor ten minste gewaarborg word, en die redes vir aanhouding moet aan werklike hersiening onderworpe wees.

Die kommissie wys ten slotte daarop dat die meeste aanbevelings min beteken teen die agtergrond van die huidige stelsel. 'n Basiese voorwaarde vir 'n billike regstelsel en gevangenisstelsel in Suid-Afrika is dat apartheid afgeskaf moet word en dat al die inwoners van die land gelyke politieke, sosiale en ekonomiese regte moet geniet.

SA se leiers (16): Alfred Nzo

ALFRED NZO, waarnemende president van die African National Congress, is op 19 Junie 1925 op Benoni gebore. Sy pa was 'n klerk by die Modder B-goudmyn, en hy was een van vyf kinders.

Nzo het die Rooms-Katolieke sendingskool op Mariazell, naby Matatiele, bygewoon waar hy in 1942 die Junior Sertifikaat voltooi het. Hy het by die Healdtown-sendinginstituut op Fort Beaufort gematrikuleer en daarna by Fort Hare vir 'n BSc-kursus ingeskryf.

Nzo het na sy studies as 'n gesondheidsinspekteur in Alexandra gewerk, maar is in 1958 weens sy politieke aktiwiteite in die pad gesteek. In die twaalf jaar wat hy in die openbare gesondheidsdiens gewerk het, het hy diep onder die indruk van die armoede en frustrasie in die swart gemeenskap gekom. Dié faktor, tesame met die ontwikkeling van die ANC se Jeugliga in sy jare op Fort Hare, het sy politieke bewussyn help vorm.

In 1950 het Nzo by die ANC aangesluit en dieselfde jaar aan die Meidagstaking en die landswye staking van 26 Junie deelgeneem. Hy het ook die veldtog wat tot die Volkskongres van Kliptown op 26 Junie 1955 gelei het, help beplan.

In 1957 is Nzo verkies tot sekretaris van die beplanningskomitee vir die Alexandra-busboikot, wat drie maande lank geduur het. In 1958 is hy eers tot die Transvaalse bestuur en toe tot die Nasionale Uitvoerende Komitee van die ANC verkies.

In 1959 is Nzo die eerste keer ingeperk. In 1961 is hy beperk tot die landdrosdistrik van Mofolo, en in 1962 is hy onder 24 uur-huisarres geplaas. Op 24 Junie 1963 is hy in hegtenis geneem en 238 dae lank aangehou sonder dat 'n klag teen hom gelê is.

Na sy vrylating het Nzo die land verlaat en hom by die uitgeweke leierskap van die ANC aangesluit.

Hy was eers die ANC se verteenwoordiger in Kairo, van September 1964 tot Augustus 1967, en is toe verplaas na Nieu-Delhi, Indië. In April 1969 is hy tot sekretaris-generaal van die ANC verkies en na die destydse hoofkwartier in Mororgoro, Tanzanië verplaas.

Nzo beklee vandag nog dié pos by die Lusaka-hoofkwartier, maar neem



waar as president van die beweging sedert Oliver Tambo se beroerte verlede jaar.

Na raming word een uit elke vier kinders in Suid-Afrika seksueel gemolesteer. Is dit meestal 'n blanke, veral Afrikaner-verskynsel, of word gevalle in die swart gemeenskappe bloot net nie so gereeld aangemeld nie? Is daar 'n verband tussen pedofilie en gesinsmoorde? Watter sosiologiese of sielkundige faktore lei tot pedofilie en in hoe 'n mate speel sosiologiese faktore 'n rol? PEARLIE JOUBERT het dié vrae en ander aan verskeie kenners gevra.

Die pedofiel is gewoonlik 'die omie om die draai'

'N GERESPEKTEERDE Afrikaner en 'n man wat 'n pastoor wou word, Gerhard van Rooyen, het homself en toe sy vriendin, Joey Haarhoff, geskiet nadat dit bekend geword het dat hulle moontlik verantwoordelik was vir die verdwyning van ses skoolmeisies. Haarhoff, 'n tannie van een van die verdwene kinders, het die kinders na hom gebring waar hy hulle dan seksueel gemolesteer het.

Van Rooyen en Haarhoff, asook die ander mense wat verdink word, is almal Afrikaanssprekend.

Akademici, sosioloë en kenners is dit eens dat een groep uit 'n samelewing nie meer geneig tot seksuele misbruik van kinders en familiemoord is as 'n ander nie. Hulle stem ook saam dat pedofilie en gesinsmoorde nie hoofsaaklik in een sosio-ekonomiese klas of etniese groep voorkom nie.

Daar bestaan egter kontradiksies tussen statistieke van die RGN en kenners se uitsprake dat gesinsmoorde en seksuele molestering van kinders onder veral Afrikaners plaasvind.

Maj Chris Blignaut, koördineerder van die polisie se Kinderbeskermingseenheid in Pretoria, sê geen statistiek oor gesinsmoorde is beskikbaar nie.

Dit wil voorkom uit vroeëre beriggewing dat die meeste gesinsmoorde onder blankes met Afrikaanse vanne voorkom. Kenners is egter versigtig om sulke afleidings te maak, en nie een van die geraadpleegde akademici of maatskaplike werkers wou een etniese groep, soos Afrikaners, uitsonder nie.

Rosy Shapiro van Nimro, 'n misdaadrehabilitasie-organisasie, sê dit is "beslis nie veral Afrikaners wat gesinne vermoor en kinders seksueel molesteer nie". Sy sê die afleiding dat gesinsmoorde en kindermolestering veral onder Afrikaners voorkom, is "baie kru". Sy sê daar is geen wetenskaplike bewyse om die stellings te staaf nie.

"Hoewel dit lyk asof die meeste gesinsmoorde onder wit families voorkom, is dit ook 'n redelik algemene verskynsel onder streng patriargale swart gemeenskappe."

Daar bestaan egter nie betroubare statistieke nie omdat swartmense blykbaar nie dié gevalle aanmeld nie.

Jackie Loffell, 'n welsynskonsultant by die Kinderwelsynsvereniging in Johannesburg, sê daar bestaan bewyse dat gesinsmoorde en seksuele misdrywe teen kinders, binne die gesin, meer algemeen voorkom waar gesinne in afsondering - "soos op plase" - woon.

'n Senior dosent in kliniese sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad, Terry Bowden, sê dit is onmoontlik om kindermolesteerders met 'n enkele sosio-ekonomiese klas te verbind. "Natuurlik kom dit meer voor waar 'n groot klomp mense in 'n klein ruimte moet leef en op een bed moet slaap." Volgens hom sou dit egter 'n verkeerde afleiding wees dat dit in veral die laer sosio-ekonomiese klasse plaasvind.

'n Ondersoek wat die RGN in 1985/86 gedoen het, toon dat 1,4 persent van alle blankes, bruinmense en Indiërs, en 3,7 persent swartmense al daaraan gedink het om hul gesinne uit te wis.

RGN-navorsing dui ook daarop dat 27 van die 40 gesinsmoorde wat verlede jaar voorgekom het, onder blankes voorgekom het, nege gevalle onder swartmense en drie onder bruinmense. In 1984 het daar minstens 55 gesinsmoorde plaasgevind en verlede jaar 30.

Hoewel meer blankes gesinsmoorde pleeg, is dit nie bekend of dit deur Afrikaanssprekendes gepleeg word nie. Onvoldoende statistieke ten opsigte van swart gesinsmoorde bemoeilik analises.

Blignaut sê die polisie onderskei tussen verskillende vorme van seksuele misdrywe teen kinders, naamlik verkragting, sodomie, bloedskande en onsedelike aanranding. Oortreding van een van die bogenoemde gevalle teen 'n kind, iemand jonger as 16 jaar, is 'n kriminele oortreding en oortreders word onder die Wet op Seksuele Misdrywe vervolg.

* Tussen Januarie en Junie 1988 is 612 gevalle van verkragting aangemeld. Tussen Julie en Desember 1988 was daar 1 095 gevalle en tussen Januarie en Junie 1989 913 gevalle.

* In die eerste ses maande van 1988 is 132 gevalle van sodomie aangemeld, in die tweede ses maande 229 gevalle en gedurende die eerste ses maande van verlede jaar 190 gevalle.

* Vanaf Januarie 1988 tot Junie 1989 is 250 gevalle van bloedskande by die polisie aangemeld. Dié syfer het tussen Januarie en Junie 1988 tot dieselfde tyd verlede jaar met 22 gestyg.

* In dieselfde tydperk as bogenoemde is 1 849 gevalle van onsedelike aanranding aangemeld. Dié syfer het met ongeveer 600 gevalle gestyg vanaf 1988 tot 1989.

Tussen Januarie en Junie 1988 is 85 mense op die Wet op Seksuele Misdrywe skuldig bevind, 394 vir die laaste ses maande van 1988 en 397 mense tussen Januarie en Junie 1989.

Loffell is van mening dat seuns seksuele misdrywe wat teen hulle gepleeg word, nie so geredelik soos meisies aanmeld nie omdat daar 'n "stigma aan homoseksualiteit kleef. Hulle is ook geneig om ná so 'n gebeurtenis meer verward oor hul eie identiteit te raak."

Volgens dr Hendrik Kotzé, direkteur van die Eenheid Kliniese Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch, is psigoseksuele versteuring die oorsaak van seksuele molestering van kinders. "Dit is 'n toestand waar mense ongewone of bisarre omstandighede nodig het om seksuele opwinding te voel. Dit is ook ongelukkig 'n chroniese toestand en die behandeling daarvoor is nie baie suksesvol nie," sê hy. Hy meen die oorsaak van pedofilie is primêr sielkundig en nie sosiologies nie.

Hy sê die navorsing wat gedoen is, is onvoldoende om sekere vaste gevolgtrekkings te maak. "Navorsing toon egter dat mans of vroue wat seks met kinders wil hê, gewoonlik uit ongelukkige ouerhuise kom. Die pa was in baie gevalle 'n swak rolmodel en die ma dominerend en aggressief. Die kind ontwikkel dan onvoldoende sosiale vaardighede. Dié kinders haak dan, in volwassenheid, vas by 'n kind se ervaring van seksualiteit wat primêr op eie bevrediging gerig is."

Volgens hom ontstaan dié situasie gewoonlik in die vroeë middeljare. "Dié man voel gou verneder deur sy volwasse seksmaat omdat hy homself nie kan handhaaf in 'n volwasse seksuele verhouding nie. Hy rig hom dan tot kinders."

Hy sê die meeste pedofiele is "effens behep met godsdiens en moraliteit". Hulle is ook meer "aktief" ten tye van spanning. Loffell stem saam en sê dié verskynsel hou "gewis verband met die mate van spanning waarin die pedofiel verkeer".

Shapiro is weer van mening dat pedofilie meer sosiologies as sielkundig van aard is. Sy beklemtoon dat 'n gemeenskap "hulsélf moet afvra in watter mate hulle seksuele misdrywe teen kinders aanmoedig deur 'n sosialiseringproses wat nie gesond en normaal is nie. Ouers gee net in uitsonderlike gevalle aan hul kinders deeglike seksuele opvoeding." Dit gee volgens haar ook aanleiding tot 'n toename in seksuele molestering van kinders.

"Seksuele misdrywe is meer 'n houding as 'n daad. Dié toenemende misdryf is 'n individuele uitdrukking van 'n sosiale magswanbalans. Ons samelewing wil altyd een persoon of 'n groep mense - soos Afrikaners - beskuldig, terwyl 'n mens in dié gevalle eerder moet kyk na 'n gemeenskap se sosialisering en die soort samelewing wat hulle skep," meen Shapiro.

Minette de Jager van die Departement Maatskaplike Werk van die Tygerberg-Hospitaal sê pedofiele is emosioneel onvolwasse en "voel minderwaardig in verhoudings met ander volwassenes. Hulle wend hulle tot kinders vir seksuele bevrediging en emosionele warmte". Volgens haar gaan dit altyd gepaard met ander persoonlikheidsafwykings. "Alle molesteerders is egter nie psigopate nie," sê sy.

Een uit elke vier kinders word na raming seksueel gemolesteer. Die "Sake van die hart"-skrywer, prof Murray Janson, sê hy ontvang maandeliks "honderde briewe" van kinders wat vertel hoe hul broers of pa's of vriende hul betas of seksueel molesteer.

Tot September verlede jaar was daar 250 gevalle van seksuele misbruik van kinders by die Kinderwelsynsvereniging in Johannesburg aangemeld.

Vanaf April tot Desember verlede jaar is 143 seksueel gemolesteerde kinders tussen die ouderdom van een en 17 jaar by Tygerberg-Hospitaal in Kaapstad behandel.

Meer as 40 persent van dié kinders was tussen sewe en elf jaar oud. Dié syfer stem ooreen met 'n Amerikaanse publikasie, Fundamentals of Abnormal Psychology, wat beweer dat die gemiddelde ouderdom van kinders wat seksueel gemolesteer word, tussen agt en elf jaar oud is.

Volgens statistieke van 'n dosent aan die Departement Sosiologie van die Universiteit van Stellenbosch, Frans van Aswegen, word meer meisies as seuns seksueel gemolesteer. "Die verskil is egter besig om kleiner te word.

"Ongeveer 50 persent van alle meisies wat seksueel misbruik word, meld dit aan terwyl net 10 persent van seuns dit aanmeld."

Die voorsitter van die Departement Sielkunde van die Randse Afrikaanse Universiteit, prof Dave Beyers, sê 'n groter getal seuns word deesdae seksueel gemolesteer "omdat seuns nie so maklik soos meisies praat nie".

Shapiro beweer dat in 97 persent van alle gevalle van kindermolestering 'n man verantwoordelik is. "Vroue doen dit baie selde omdat hulle nie gesosialiseer is om manlik te wees en mag oor ander mense uit te oefen nie.

"Mense word gesosialiseer om òf manlike òf vroulike karaktereienskappe aan te neem. In die man se geval moet hy sterk wees en kan spog oor sy seksuele oorwinnings. Die sosialiseringsproses hou egter nie daar op nie - mans word geleer om oor vroue te heers en grootmense om kinders te beheer.

"Dit is een van die redes waarom kinders 'n baie verwarrende boodskap van hul ouers kry. Aan die een kant word hul geleer dat hulle altyd hul ouers moet gehoorsaam, maar aan die ander kant, moet hulle weet wanneer om nie te luister nie."

Kotzé sê daar bestaan nie genoeg bewyse dat 'n spesifieke sosialisering aanleiding tot pedofilie gee nie.

Indien sosialisering 'n belangriker rol as sielkundige faktore in die voorkoms van pedofilie en gesinsmoord speel, sou gevolgtrekkings gemaak kan word dat Afrikaners op 'n sekere manier gesosialiseer word en daarom meer vatbaar is daarvoor.

Professionele mense is te bang om dié gevolgtrekkings te maak.

Hoe lyk die gesin waar seksuele molestering plaasvind? Hoekom bly die ma of pa stil terwyl hulle weet dat hul kind seksueel gemolesteer word?

By navraag het al die kenners wat genader is, gesê dat daar in die meeste gevalle reeds 'n verhouding tussen die molesteerder en die slagoffer bestaan. Kotzé sê dat pedofiele "gewoonlik die omie om die draai is".

Die vorige hoof van die Kinderbeskermingseenheid van die polisie, Grant Robertson, skryf in "Sexual Abuse of Children in South Africa" dat kinders nie maklik praat oor seksuele molestering nie. "Hulle word deur die molesteerder beveel om dit geheim te hou. Kinders hou van geheime en indien dit lyk asof die kind gaan praat, word hulle afgedreig of omgekoop."

Kotzé meen families beskerm mekaar: "Daarom bly hulle stil, want hulle is miskien onderling afhanklik van mekaar."

Geweld in Natal - die letsels lê diep

Hoekom hou die mense nie op veg nie? Die dood wat so algemeen op die polisiespyskaart - die daaglikse onlusverslag - voorkom, kan vir niemand lekker wees nie. Waar gaan dit eindig, en gaan dit eindig? Dit wonder die gewone buitestaander oor Suid-Afrika se nimmereindigende slagveld, Natal. CHARLES LEONARD doen verslag

EEN van die redes hoekom die Natalse oorlog grootliks deur die land se media en dus die publiek geïgnoreer word, is omdat dit so uiters ingewikkeld is. Daar is nie kitsklaar antwoorde op die hoekoms en die waaroms van 'n konflik wat al sedert 1987 bloedig voortwoed nie.

Miskien moet 'n mens kyk na waar die geweld begin het, wie die akteurs is en na die dinamiek van die geweld. Só kan sommige antwoorde op die vrae gebied word.

Die meeste mense weet dat dit 'n oorlog is tussen Inkatha aan die een kant en die UDF en Cosatu aan die ander.

In die res van die land is dit duidelik wat die posisie is wat die UDF en Cosatu beklee. Hulle is in 'n stryd met die staat gewikkel om apartheid af te takel. Hulle is dan ook dikwels 'n slagoffer van die staat se aanslag om alle opposisie stil te maak. Net so dikwels gebeur dit op gewelddadige wyse.

Met sy stigting in 1983 was dit duidelik wat die rol van die UDF was. Oorspronklik is dié sambreelliggaam gestig in opposisie teen die driekamerparlement. Dié organisasie het intussen ontwikkel tot die stem van die anti-apartheidsmagte. Hulle streef na 'n nie-rassige demokrasie.

In Natal het die stigting van die UDF egter 'n stem gegee vir meer as net anti-apartheidsgesindes. Met sy stigting in 1983 het die UDF 'n identiteit verleen aan 'n deel van die gemeenskap wat nie met Inkatha se politiek saamgestem het nie.

Plunderaars by Gandhi se nedersetting

(Foto: Cedric Nunn - Afrapix)

Einde van dié slagting nog lank nie in sig

Wyndham Hartley, 'n joernalis in Pietermaritzburg en kenner van die konflik in dié gebied, sê die politieke verdeling was tussen Inkatha se landelik-gebaseerde tradisionalisme aan die een kant en die nuwe progressiewe idees van die stad, wat tradisionele norme en waardes bevraagteken, aan die nader kant. Dié verdeling kan ook gesien word as 'n generasiegaping met ongekende afmetings. Die tradisionaliste was volwasse Zoeloes, lojaal aan Ulundi en trots op die KwaZulu-staat; die jong mense in die stede het begin om Zoeloe-nasionalisme as politieke opsie te verwerp. Die KwaZulu-administrasie en Inkatha is as deel van die stelsel, wat op etnisiteit gegrond en deur Pretoria ontwerp is, beskou - iets wat hulle nie langer kon duld nie, sê Hartley.

Die ironie is dat beide die UDF en Inkatha heftig gekant was teen die driekamerstelsel om dieselfde rede - die uitsluiting van swartmense. Maar onder die oppervlak was hulle in 'n dodelike stryd gewikkel om steun op grassroots-vlak te wen. Dit het 'n ideologiese stryd geword tussen politieke aktiviste wat glo in hul eie Zoeloe-nasionalisme, en diegene wat dié nasionalisme en sy tradisies beskou het as 'n manier wat die staat gebruik het om mense in die tuislandlokval te vang, sê Hartley.

As gekyk word na die betrokkenes in die oorlog wat vandag steeds woed, is dit nie net meer 'n stryd tussen die jeug wat UDF is, en die volwassenes wat Inkatha is nie. Ondersteuners is nou nie meer so duidelik identifiseerbaar nie.

Hartley noem voortekens van die geweld die sluipmoorde op die menseregte-prokureur Griffiths Mxenge (1981), gemeenskapsleier Harrison Dube (1983) en Victoria Mxenge (1985); die moord op vyf studente by die Universiteit van Zoeloeland (1982); en die aanval op die Gandhi-nedersetting naby Phoenix.

'n Bekende monitor in die Pietermaritzburg-gebied, John Aitchison, sê die Natalse middellande is tot heel onlangs nog as "vreedsaam" beskou.

Maar in 1984 is die eerste UDF-geaffilieerde jeugorgansisies gestig. Dit is hiér waar die platteland/stad en jeug/volwassenes-skeiding die eerste keer in organisasies beliggaam is.

In die middel van 1985 is die stigting van 'n gemeenskapsorganisasie in Imbali deur ernstige intimidasie stopgesit toe die huis van sy leier, Robert Duma, met petrolbomme bestook is.

In Augustus 1985 het Inkatha-ondersteuners die Federal Theological Seminary gedreig en daarop aangedring dat dit ontruim word. Die petrolbomaanval op dorpsraadslid Patrick Pakkies se huis in April 1985 was 'n voorbeeld van geweld teen Inkatha-volgelinge.

Gerhard Maré en Muntu Ncube, sosioloë aan die Natalse Universiteit, neem die stryd nog verder terug. In 1980, na hul breuk met die ANC, was Inkatha gekonfronteer met skoolboikotte in KwaMashu buite Durban. Hul genadelose onderdrukking van dié boikot het die toon aangegee vir die streekskonflik gedurende die tagtigerjare en het hulle heelwat steun onder leerlinge en ouers laat verloor.

Die stigting van Cosatu in 1985 het bevestig dat Inkatha ook hul greep op georganiseerde arbeid verloor het.

Die spanning tussen dié twee organisasies in die Natalse middellande het verder vererger met die verbruikersboikot en wegbly-aksie in die 1985 om die afgedankte BTR/Sarmcol-werkers naby Howick te ondersteun. Dié aksie, wat op 18 Julie daardie jaar plaasgevind het, is sterk deur Inkatha teengestaan.

In 1986 het Inkatha sy eie vakbond, Uwusa, as teenvoeter vir Cosatu gestig. In Desember van dié jaar is 3 Mawu-werkers - wat by Cosatu geaffilieer was - deur 'n groep Inkatha-ondersteuners in Mpophomeni, die township buite Howick, vermoor. 'n Ondersoek het in Maart 1988 bevind dat nege Inkatha-lede vir die moorde verantwoordelik was, maar niemand is nog vervolg nie.

Uwusa het later onder die "scab"-werkers in die BTR/Sarmcol-fabriek georganiseer en tot 'n ooreenkoms met die bestuur gekom.

Aitchison sê Inkatha-werwingsveldtogte het in 1987 in die middellande plaasgevind. Dit het dikwels met swaar gewapende Inkatha-groepe gepaard gegaan. Die dodetal het begin styg. Die UDF en Cosatu het gesê dit was grootliks as gevolg van Inkatha-aanvalle om individue en gemeenskappe te intimideer.

Dié twee groepe het beweer dat 90 persent van die werkers in die Pietermaritzburg-gebied gehoor gegee het aan 'n oproep om weg te bly uit protes teen die verkiesing in Mei 1987. Dit is beskou as 'n loesing vir Buthelezi omdat hy wou hê dat sy ondersteuners moes gaan werk.

Inkatha het die welslae van die wegbly-aksie geblameer op die Transport and General Workers Union, wie se bestuurders deur 'n staking dit moeilik gemaak het vir werkers om by hul werksplekke uit te kom.

Die daaropvolgende moord op twaalf TGWU-lede en die klipgooiery na busse deur Inkatha-jeugdiges is as 'n regstreekse uitvloeisel hiervan beskou.

Gedurende 1988 was daar 'n belangrike gebeurtenis wat groot invloed op die Natalse burgeroorlog uitgeoefen het. Dit was die landswye verbod op die UDF en verdere noodmaatreëls, en in sommige gevalle, die aanhouding van dié organisasie se leiers.

Redes vir die geweld wissel na gelang van die woordvoerder. Maré en Ncube sê die Inkatha Instituut glo dat "sosiale ontbering" die rede is. Die sosio-ekonomiese toestande laat die mense die wapen opneem, beweer hulle.

Buthelezi self, en verskeie polisie-woordvoerders, pak die skuld vir die geweld op die ANC.

'n Natalse NP-LP het selfs so ver gegaan deur aan die BBC te sê dat dit 'n stryd tussen die "Zoeloe"-Inkatha en die "Xhosa"-UDF/ANC is. Ander beskou die konflik in terme van 'n strukturele wanbalans tussen 'n konserwatiewe staatsondersteunde organisasie wat steun op 'n streeksgrondslag probeer werf (Inkatha) en die breë demokratiese beweging, wat beide ly onder die noodtoestand én die optredes van die regerende party in dié streek (KwaZulu/ Natal).

Intussen bloei Natal. Daar is meer letsels as net dié op mense wat hospitale in dié provinsie vol lê. Daar is die sielkundige letsels wat 'n oorlog laat, wat diep ingekerf is

Die akteurs betrokke is die breë demokratiese beweging wat uit die UDF en Cosatu bestaan. Een van die grootste gemene delers tussen dié organisasies is teenstand teen Inkatha.

Dan is daar Inkatha wat volgens Maré op drie verskillende vlakke opereer. Die eerste is die nasionale en internasionale vlak en die beweging word hier uitsluitlik deur KwaZulu se hoofminister, Mangosuthu Buthelezi, verteenwoordig. Inkatha word op dié vlak as 'n nasionale buite-parlementêre bevrydingsbeweging voorgehou.

Op die tweede vlak funksioneer Inkatha binne die KwaZulu se wetgewende vergadering as 'n tuisland-streeksregering en politieke organisasie.

Die derde vlak is dié van die gemeenskap; individue word gewerf vir, en tree op namens Inkatha.

Die eerste vlak maak van Buthelezi die belangrike akteur wat hy in Suid-Afrikaanse politiek speel. Hy word deur baie mense as die redelike swart leier, wat dalk ons eerste swart premier kan wees, beskou. In die internasionale gemeenskap word hy ook wyd as gematig en tog geloofwaardig gesien. Hy word deur kapitaliste as 'n bondgenoot aanvaar omdat hy sanksies teenstaan.

Maré sê Buthelezi moet nie as 'n Muzorewa beskou word nie, maar eerder as 'n Savimbi in die toekomstige Suid-Afrika. Hy het genoeg steun, binnelands en oorsee, om dié rol te speel.

Die derde belangrike akteur in die geweldstoneel is die staat en sy agente, die polisie en die weermag. Die rol wat hulle speel, wissel van gebied tot gebied. Daar is verdere belangrike onderskeid tussen die verskillende afdelings van die polisie. Daar is die plaaslike Suid-Afrikaanse Polisie wat al daarvan beskuldig is dat hulle vir Inkatha kant kies, maar dikwels op plaaslike vlak daarin slaag om hul taak van wet en orde uit te voer. Die KwaZulu-polisie (ZP), wat saam met die SAP werk, staan direk onder Buthelezi wat die minister van Polisie in KwaZulu is. Op 'n wye vlak kan ZP en die SAP nie geskei word nie.

Die weermag word as die "lesser of the evils" deur die plaaslike anti-Inkatha mense gesien. 'n Verdere komponent van die polisie is die onluseenhede wat van buite, hoofsaaklik van Pretoria ingevoer is, en wat deur die meeste mense as 'n struikelblok vir vrede beskou word omdat hulle dikwels nie die omstandighede in spesifieke plekke verstaan nie.

Hoewel daar bewerings is dat die veiligheidsmagte, en veral ZP, die Inkatha-vigilantes ondersteun, sorg hulle in 'n mate vir die bestryding van geweld.

Op hoë vlak beskou die polisie die geweld as 'n simptoom van die "ANC/ SAKP-alliansie se poging om die land onregeerbaar te maak".

Daar is 'n verdere misdaadelement wat in baie townships opereer. Van hulle is die Inkatha-"warlords". Twee van hulle is parlementslede in die wetgewende vergadering. Daar is telkens beskuldigings van steun aan hulle deur die polisie. Daar is selfs interdikte teen hulle aangevra dat hulle geweld teen mense moet stop. Daar is die verdere "comtsotsi"-element wat in sommige townships onder die UDF-vaandel opereer, maar nie deel van die organsisasie se strukture is nie.

Onafhanklike statistieke toon dat die meeste slagoffers van die stryd UDF-gesind is. Tog is nie een kant sonder blaam nie. Daar is die misdadige elemente, en ook die weerwraak-verskynsel.

Dit laat 'n mens wonder of daar ooit vrede in dié gebied sal kom. Daar is al sedert 1987 vredesinisiatiewe geloods, maar tot sover het dit elke keer om verskeie redes misluk.

Peter Gastrow, DP-LP vir Durban-Sentraal, sê hy glo nie hoë-profiel pogings gaan werk nie. Dit skep te veel verwagtings en as dit misluk, woed die stryd net meer intens voort. Hy glo die oplossing is plaaslik waar daar deur die strukture gewerk word.

Maré glo dat die geweld slegs sal stop as die aard van politiek in Suid-Afrika as geheel, en in KwaZulu en Natal in besonder, verander.

Daar moet 'n tydperk van vrye politieke uiting wees en almal, insluitende die ANC, moet toegelaat word om sonder belemmering te opereer.

Kritiek moet gelug kan word - in dié streek op Inkatha ook. Dán, glo Maré, sal die geweld eindig.

Intussen bloei Natal. Daar is meer letsels as net dié op mense wat hospitale in dié provinsie vol lê. Daar is die sielkundige letsels wat 'n oorlog laat, wat diep ingekerf is.

Elke dag sterf meer mense en daar kan net gehoop word dat vredespogings gaan slaag. Dit gaan bitter moeilik wees.

Van buite lyk KwaMashu soos enige ander township in Suid-Afrika. Vir die meeste Suid-Afrikaners is dit net nog 'n naam wat gereeld in die polisie se onlusverslag verskyn omdat soveel mense dáár in geweldpleging omkom. CHARLES LEONARD het gaan kyk hoe lyk die township agter die statistieke en baie meer gesien as wat hy verwag het.

'n Begrafnisoptog in KwaMashu - 'n bekende gesig

'n Gewelddadige naweek in KwaMashu

IN die voorkamer van een van die vuurhoutjiebokshuise sit die ma van die vermoorde 19-jarige Praisegod Ntokozo. In die vertrek, wat net deur enkele kerse verlig word, sit 'n paar moeders van die omgewing om haar in haar tyd van beproewing te ondersteun.

Esther Ntokozo vertel met 'n strak gesig dat haar seun en Mcebo Ndlovu twee weke tevore voor die huis van 'n Inkatha-stadsraadslid doodgeskiet is.

'n Paar blokke verder is nog 'n deumag-waakdiens aan die gang. Buite die huis staan ook brandwagte omdat vigilantes blykbaar by vorige geleenthede waakdienste soos dié aangeval en mense voor die voet afgemaai het.

In die beknopte sitkamertjie is 'n groot groep jeugdiges besig om vryheidsliedere te sing. Gewoonlik doen hulle dit in die agterplaas, maar buite giet die reën en die township-paaie het reeds in riviere verander.

Die enigste verskil tussen dié diens en die vorige is hoe die slagoffer in die Natalse oorlog dood is. Moses Ngcama, 'n skolier en aktivis in die KwaMashu Youth League, is na bewering ontvoer en vermoor deur 'n moordbende wat die township op hol het.

Toe ons in die vroeë Saterdagoggend-ure terugry Durban toe, tref dit jou dat 'n volskaalse oorlog slegs vyftien kilometers van een van Suid-Afrika se gewildste vakansiestede woed. En dat die soldate meestal skaars baard op hul jong gesigte het.

Op die grens van die township se K-seksie is die Richmond Farm-plakkersdorp. Tussen K-seksie en dié plakkersdorp is daar 'n duidelike grens wat deur 'n voosgeryde teerpad gevorm word.

In Richmond Farm woon hoofsaaklik Inkatha-ondersteuners, terwyl die township self oorwegend deur UDF-ondersteuners bewoon word. Sommige van hulle is nie eintlik pro-UDF nie, eerder anti-Inkatha.

Dit is een van die hoofkonflikpunte in die township. Niemand is seker waar dit begin het nie.

Die vorige week het Inkatha-vigilantes die huise op die buffersone aangeval, ruite gebreek en die meubels aan die brand gesteek, vertel die comrades.

Die inwoners het uit die huise gevlug en by vriende of familie gaan intrek waar dit veiliger is. Die uitgebrande huise met hul vensters wat soos onheilspellende swart oë vir jou kyk, is bewys van die aanval.

Saaklik vertel die mense van nog iemand wat die vorige dag dood is, òf die dag tevore òf die dag daarvoor...

Saterdagoggend is dit weer vergeldingstyd en die comrades val die plakkerskamp aan. Sesuur die oggend smeul ses sinkgehuggies steeds. Die fyn reëntjie kon nie die skade van die petrolbomme verhinder nie. Die inwoners dra verslae hul karige besittings na ander veiliger huisies. Van hulle krap doelloos in die rokende as rond.

Die meeste van die plakkers is werkloos. Een van hulle vertel egter ewe trots dat hy 'n "undercover agent" vir die polisie se veiligheidstak is.

Onder teen die heuwel vertel een van die comrades dat hulle die afgelope drie aande nog nie geslaap het nie.

"Ons moet waghou omdat ons nie weet wanneer en waar die vigilantes volgende gaan aanval nie. Die groot probleem is dat hulle gewere het," sê hy.

In antwoord hierop het sommige van die comrades qwashas gemaak - primitiewe, kru gewere wat enige tyd sonder waarskuwing kan afgaan en wat reeds talle ongelukke tot gevolg gehad het.

Soos in die res van die onlusgeteisterde gebiede in Natal duik die beskuldigings van die polisie wat kant kies ook op. Soos in die meeste gevalle word beweer dat hulle hul aan die kant van Inkatha skaar. Dit word natuurlik ten sterkste deur die betrokke partye ontken.

'n Mens wonder wat die skakelbeamptes van dié instansies sou sê oor die een plakker se opmerking: "ZP (die KwaZulu-polisie) help ons. Hulle het saam met ons na K-seksie gegaan, maar hulle het niemand doodgeskiet nie, omdat hulle swak skiet."

Die middag is die begrafnisse van die comrades waarvoor Vrydagaand waakdienste gehou is. 'n Seremonie in die kerk, waarop 14 sprekers gepraat het, eindig met die hele gemeente wat by die kiste, waarvan die flappe bokant die dooies se koppe oop is, verbystap.

Die optog, met die bekende ANC- en SAKP-vlae wat vooraan wapper, verloop sonder voorval. Dit is grootliks te danke aan Roy Ainslie, die DP se onlusmonitor in Natal, wat aan die voorpunt van die optog met sy motor beweeg en met die polisie onderhandel en sorg dat geen opponerende magte die optog ontwrig nie.

Dit is reeds donker as die taxi's die laaste begrafnisgangers van die begraafplaas af huis toe vat.

Sondagoggend hang die spanning reeds swaarder as die digte rookmiskombers oor die township.

Die vorige aand is daar oor en weer aangeval. Huise is afgebrand, mense vermoor.

'n Statige man staan voor sy netjiese baksteenhuis in K-seksie.

"Ek gaan hier bly," sê hy met mistige oë. "Gister het hulle my seun doodgeskiet. Vir niks.

"Hy was my eersgeborene. Ek het nou net twee kinders oor. Hy sou vanjaar vir die eerste keer onderwys gee en toe skiet hulle hom gister met 'n R1-geweer." Hy draai sy rug op Richmond Farm, stap by sy huis in en trek die deur agter hom toe. Hy woon op die bufferstrook tussen die twee gebiede.

In die plakkerskamp is die vigilantes besig om te mobiliseer vir 'n wraakaanval op K-seksie. Toe hulle kameras sien, stap 'n paar met dreigende pangas nader en skree: "Fuck off! Fuck off!"

Terug aan die UDF-kant is al die manlike inwoners op die grensstraat en hou elke beweging van die vigilantes dop.

Skielik klap daar skote van die plakkers af. Pandemonium bars los. Mense spat in verskillende rigtings. Hulle lê plat agter rotse en afgebrande murasies. Die skote hou aan klap. Dertig altesame.

Dit wissel van swaarkaliber-skote tot dowwe skote wat soos barsende papiersakke klink.

Ná die laaste skoot hardloop drie comrades oor die stuk niemandsland na die naaste plakkershuise. Hulle gooi petrolbomme deur die vensters en nael terug. Dit brand nie goed nie, omdat dit skynbaar nog nat is van die reën.

Pas nadat hulle hul kant van die slagveld haal, kom die weermag en polisie die gebied binnegejaag. Almal hardloop by huise in.

Waar ons skuil, sit natgeswete comrades in dringende fluisterstemme hul volgende strategieë en beplan. Hul hande is styf vasgeklem om hul pangas.

Buite help 'n onluspolisieman 'n comrade met 'n geweerpunt in die rug aan na die vangwa. Sy opgewonde stem is duidelik: "Today I'm gonna kill you! I saw you throw that petrolbomb!"

Die polisie en weermag patrolleer steeds die strate, maar die mense begin stadigaan weer op straat verskyn. Dit lyk asof kalmte weer op die township neergedaal het.

Dít is egter tydelik, verseker die inwoners ons. Hierdie was in elk geval sommer niks, sê hulle. Gewoonlik gaan iemand dood in die skermutselings.

Ons mis dit dié keer, want die weermag sien ons toe ons met ons koeldranke by 'n winkeltjie uitstap. Hulle versoek ons om die gebied te verlaat. Vir ons eie beswil, sê hulle.

Die strate wat ons toe agterlaat, was waarskynlik die toneel waar die volgende dag se polisie-onlusverslag hom afgespeel het.

Inkatha-vigilantes van Richmond Farm net voor 'n aanval op UDF-huise

(Foto's: Charles Leonard)



Riglyne vir n 'demokratiese, nie-rassige' Suid-Afrika

Suid-Afrika het reeds die e ste versigtige treë op die lang pad na 'n onderhandelde skikking gegee. Die regering se posisie oor or erhandelinge word deurentyd en openlik gestel, maar dié van die grootste opposisie-blok, die African ational Congress, is nie so bekend nie. Sonder korrekte en volledige inligting kan geen Suid-Afrikaner ehoorlike keuses maak of weet wat die toekoms moontlik inhou nie. In die belang van 'n gesonde penbare debat en 'n ingeligte bevolking plaas Vrye Weekblad vandag die Afrikaanse vertalings van wee uiters belangrike beleidsdokumente van die ANC: die Harare-verklaring met voorstelle vir 'n onderhandelingsproses wat reeds deur die Organisasie vir Eenheid in Afrika aanvaar is; en die organisasie se Grondwetlike Riglyne vir 'n Demokratiese Suid-Afrika.

DIE Vryheidsmanifes (Freedom Charter), soos aanvaar in 1955 deur die Kongres van die Mense van Suid-Afrika, was die eerste stelselmatige standpuntstelling in die geskiedenis van ons land waarin die grondwetlike visie van 'n vrye, demokratiese en nie-rassige Suid-Afrika vervat is.

Vandag nog is die Vryheidsmanifes enig in sy soort, as Suid- Afrikaanse dokument wat streng hou by demokratiese beginsels wat wereldwyd aanvaar word. Onder Suid-Afrikaners geniet dit by verre die meeste aanvaarding as 'n program vir 'n post-apartheid samelewing. Die stadium is nou bereik om die Vryheidsmanifes as 'n toekomsvisie om te skakel tot 'n werklikheid.

Ons in die African National Congress stel hiermee vir almal in Suid-Afrika en die wêreld wat graag 'n einde aan apartheid wil sien, ons basiese riglyne vir 'n regering in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Uitgebreide, demokratiese debatvoering oor die riglyne sal bydra tot die mobilisering van die grootste moontlike spektrum van ons bevolking; om sodoende konsensus te bereik oor die beëindiging van die tirannie en onderdrukking waaronder ons mense leef en hulle daardeur in staat te stel om normale lewens as vry burgers in 'n vry land te lei.

Die onmiddellike doelstelling is om 'n regverdige en demokratiese samelewing te skep wat ontslae raak van die eeue-oue erfenis van koloniale onderwerping en wit oorheersing, asook alle wette wat rasse-onderdrukking en -diskriminasie in stand hou. Die verwydering van alle oorblysels van 'n onwettige regering is egter nie genoeg nie; die apartheidstrukture en instellings moet afgetakel en deur nuwe strukture vervang word. Stappe moet gedoen word om te verseker dat apartheidsidees en -praktyke nie toegelaat word om in ou of nuwe vorme te verskyn nie.

Daarby moet die uitwerking van eeue van rasse-oorheersing en ongelykheid te bowe gekom word deur grondwetlike voorsiening te maak vir regstellende aksie wat 'n vinnige en onomkeerbare herverdeling van rykdom en die beskikbaarstelling van geriewe aan almal sal waarborg. Die grondwet moet van so 'n aard wees dat dit die ingesteldheid van nie-rassige en nie-seksistiese denke, die beoefening van anti-rassistiese gedrag en die aanleer van 'n ware gedeelde, patriotiese bewussyn bevorder.

Die grondwet moet behoorlike beskerming ten opsigte van fundamentele menseregte vir alle burgers bied. Daar sal gelyke regte wees vir alle individue, ongeag ras, kleur, geslag of geloof. Daarnaas word gelyke kulturele, taal- en godsdienstige regte vir almal geëis.

Tans behoort 87 persent van die land en 95 persent van die produksiemiddele aan die heersende klas wat uit die wit gemeenskap kom. Dit volg daarom logies dat die grondwetlike beskerming van groepsregte die status quo in stand sal hou en dit sou beteken dat die grootste aantal mense op volgehoue basis as vreemdelinge in hul geboorteland vasgevang sal wees.

Laastens, die sukses van die grondwet sal bepaal word deur die mate waartoe dit die omstandighede vir aktiewe betrokkenheid van alle sektore van die bevolking op alle vlakke van die regering en in die ekonomiese en kulturele lewe sal bevorder.

Met dié fundamentele doelstellings verklaar ons dat die verwerping van apartheid en die skepping van 'n ware regverdige en demokratiese Suid-Afrika 'n grondwet vereis wat op die volgende beginsels gegrond is:

Die Staat

(a) Suid-Afrika sal 'n onafhanklike, verenigde, demokratiese en nie-rassige staat wees.
(b) (i) Soewereiniteit sal gesetel wees in die mense as 'n totale gemeenskap en uitgeoefen word deur een sentrale wetgewende, uitvoerende en administratiewe liggaam;
(ii) Voorsiening sal gemaak word vir die afwenteling van mag vanaf die sentrale owerheid na ondergeskikte eenhede vir die doeleindes van doeltreffender administrasie en demokratiese deelname.
(c) Die instelling van tradisionele leierskap en kapteins sal omgeskakel word ten einde die belange van die mense as 'n geheel te dien in ooreenstemming met demokratiese beginsels soos in die grondwet vervat.
(d) Alle organe van die regering, insluitende die regsprekende, veiligheids- en gewapende magte, sal verteenwoordigend van die mense as 'n geheel wees; demokraties in struktuur sowel as funksie en toegewy aan die verdediging van die beginsels van die grondwet.

Stemreg

(e) In die uitoefening van hul soewereniteit sal mense die reg hê tot universele stemreg, gegrond op die beginsel van een mens een stem.
(f) Elke stemgeregtigde sal die reg hê tot verkiesing vir en deelname aan alle wetgewende liggame.

Nasionale Identiteit

(g) Dit sal staatsbeleid wees om die groei van 'n enkele nasionale identiteit en lojaliteit wat bindend op alle Suid-Afrikaners is, aan te moedig. Terselfdertyd sal die staat die taal- en kulturele diversiteit van alle mense erken, en geriewe voorsien vir vrye taal- en kulturele ontwikkeling.

'n Handves van Menseregte en Regstellende Aksie (Affirmative Action)

(h) Die grondwet sal 'n Handves van Menseregte insluit wat gegrond sal wees op die Vryheidsmanifes. So 'n handves van regte sal die fundamentele regte van alle burgers ongeag kleur, geslag of geloof beskerm, sowel as die toepaslike meganismes vir die toepassing daarvan insluit.
(i) Die staat en alle sosiale instellings sal onder 'n grondwetlike verpligting staan om rassediskriminasie in al sy vorme uit te wis.
(j) Die staat en alle sosiale instellings sal onder 'n grondwetlike verpligting wees om daadwerklike stappe te doen om spoedig ekonomiese en sosiale ongelykhede, veroorsaak deur rassediskriminasie, uit te wis.
(k) Die propagering van rassisme, fascisme, nazisme of die aanhitsing van etniese haat of streekseklusiwiteit sal onwettig verklaar word.
(l) Ondergeskik aan klousules (i) en (k) hierbo, sal die demokratiese staat die basiese regte en vryhede, soos die vryheid van assosiasie, uitdrukking, denke, aanbidding en die pers, waarborg. Verder sal die staat onder die verpligting staan om die reg tot werk te beskerm en om opvoeding en sosiale sekuriteit te waarborg.
(m) Alle partye wat hulle onderwerp aan die voorwaardes in paragrawe (i) tot (k), sal wetlik die reg hê tot bestaan en deelname aan die politieke lewe.

Ekonomie

(n) Die staat sal verseker dat die ekonomie in sy geheel die belange en die welsyn van die bevolking dien.
(0) Die staat sal die reg hê om die algemene ekonomiese konteks vas te stel, en om die regte en verpligtinge rakende eienaarskap en gebruik van produktiewe vermoë te definieer en te begrens.
(p) Die private sektor van die ekonomie sal onder die verpligting staan om met die staat saam te werk ten einde die doelwitte van die Vryheidsmanifes te verwesenlik en sosiale welvaart te bevorder.
(q) Die ekonomie sal 'n gemengde een wees met 'n openbare sektor, 'n private sektor, 'n koöperatiewe sektor en 'n kleinskaalse familie-sektor.
(r) Koöperatiewe vorme van ekonomiese ondernemings, dorpsindustrieë en die kleinsake-sektor sal deur die staat ondersteun word.
(s) Die staat sal die vestiging van bestuurs-, tegniese en wetenskaplike vaardighede onder alle dele van die bevolking, veral die swartmense aanmoedig.
(t) Eiendom vir private gebruik en verbruik sal grondwetlik beskerm word.

Grond

(u) Die staat sal 'n grondhervormingsprogram ontwikkel en implementeer wat die volgende sake sal insluit en aanspreek:
(1) Die verwydering van alle rassebeperkings op eienaarskap en gebruik van grond; en
(2) Die implementering van grondhervorming in ooreenstemming met die beginsel van 'n regstellende aksie en met inagneming van die status van slagoffers van gedwonge hervestigings.

Werkers

(v) 'n Handves wat die regte van vakbonde - veral ten opsigte van die reg om te staak en kollektiewe bedinging - sal beskerm sal ingesluit word in die grondwet.

Vroue

(w) Vroue sal gelyke regte hê op alle terreine van die private en openbare lewe en die staat sal stappe neem om ongelykheid en diskriminasie tussen geslagte uit te skakel.

Die Familie

(x) Die familie, ouerskap en die regte van kinders sal beskerm word.

Internasionaal

(y) Suid-Afrika sal 'n onverbonde staat wees en die beginsels van die Handves van die Organisasie vir Eenheid in Afrika, die Handves van die Verenigde Volke, sowel as die doelwitte van nasionale bevryding, wêreldvrede en ontwapening nastreef.

Dit sal staatsbeleid wees om die groei van 'n enkele nasionale identiteit en lojaliteit wat bindend op alle Suid-Afrikaners is, aan te moedig. Terselfdertyd sal die staat die taal- en kulturele diversiteit van alle mense erken, en geriewe voorsien vir vrye taal- en kulturele ontwikkeling.

Die grondwet sal 'n Handves van Menseregte insluit wat gegrond sal wees op die Vryheidsmanifes. So 'n handves van regte sal die fundamentele regte van alle burgers ongeag kleur, geslag of geloof beskerm, sowel as die toepaslike meganismes vir die toepassing daarvan insluit.

Die Harare-verklaring

Die pad na volle nasieskap

Verklaring van Beginsels

ONS glo daar bestaan 'n sameloop van omstandighede waarin dit moontlik is om apartheid deur onderhandeling te beëindig - mits daar by die Suid-Afrikaanse regering 'n bereidwilligheid is om met opregtheid en erns aan samesprekings deel te neem. Indien dit gebeur, sal dit uiting gee aan die wense van die meeste mense in Suid-Afrika, wat lankal streef na 'n politieke skikking.

Ons wil die mense van Suid-Afrika aanmoedig om, as deel van die stryd, saam te staan en te onderhandel vir die afskaffing van apartheid, en saam te besluit wat gedoen moet word om hul land in 'n nie-rassige demokrasie te verander. Ons ondersteun die standpunt van die meerderheid Suid-Afrikaners dat dié doelstellings, en nie die hervorming van die apartheidsbestel nie, die einddoelwit van die onderhandelings moet wees.

Ons glo dat die gevolg van die samesprekings 'n nuwe grondwetlike bestel moet wees, met die volgende beginsels as basis:

Suid-Afrika sal 'n verenigde, demokratiese en nie-rassige staat word;
Almal sal 'n gemeenskaplike burgerskap en nasionaliteit hê, ongeag hul ras, kleur, geslag of geloof;
Almal sal die reg hê om aan die regering en administrasie van die land deel te neem op die grondslag van algemene stemreg, wat op 'n een-mens-een-stem-grondslag en 'n gemeenskaplike kieserslys uitgeoefen sal word;
Almal sal die reg hê om enige politieke party te vorm, en aan enige party te behoort, tensy die betrokke party rassisme bevorder;
'n Handves van Menseregte, wat in die grondwet verskans sal word, sal almal se regte en vryhede beskerm;
Suid-Afrika sal 'n nuwe regstelsel hê, wat die gelykheid van almal voor die reg sal waarborg;
Suid-Afrika sal 'n onafhanklike en nie-rassige regbank hê;
Daar sal 'n ekonomiese orde geskep word wat die welvaart van alle Suid-Afrikaners sal nastreef;
'n Demokratiese Suid-Afrika sal alle lande se selfbeskikkingsreg erken en 'n beleid van vrede, vriendskap en samewerking volg.

Klimaat vir onderhandeling

Soos die res van die wêreld glo ons die regte klimaat vir onderhandeling moet eers geskep word. Hiervolgens voel ons die huidige regering moet, op die allerminste:
Alle politieke gevangenes onvoorwaardelik vrylaat sonder om hulle op enige manier in te perk;
Alle politieke organisasies en persone ontperk;
Alle weermaglede aan die townships onttrek;
Die noodtoestand ophef en wegdoen met alle wetgewing wat politieke optrede beperk, soos byvoorbeeld die Wet op Binnelandse Veiligheid;
Alle politieke verhore en politieke teregstellings staak.
Hierdie stappe is noodsaaklik om die klimaat te skep waarin vrye gesprekke kan plaasvind - 'n voorwaarde wat sal verseker dat die mense self sal deelneem aan die proses waardeur hul land herskep word. Die bostaande maatreëls moet onderhandeling dus voorafgaan.

Riglyne vir die proses van onderhandeling

Ons steun die gedagte van die Suid-Afrikaanse bevrydingsbeweging dat onderhandelinge volgens die volgende beginsels begin sodra dié klimaat geskep is:
Samesprekings moet tussen die regering en die bevrydingsbeweging plaasvind om vyandigheid tussen die twee groepe te beëindig deur middel van 'n skietstaking;
Onderhandelinge moet dan voortgesit word om die basis daar te stel vir die aanvaarding van 'n nuwe grondwet deur onder meer op bogenoemde beginsels ooreen te kom;
Nadat op dié beginsels ooreengekom is, moet die partye onderhandel oor die nodige meganisme om die grondwet op te stel;
Die betrokke groepe sal dan saam besluit oor die rol wat die internasionale gemeenskap sal speel om 'n suksesvolle oorgang tot 'n demokrasie te verseker.
Die betrokke partye sal ooreenkom oor 'n tussentydse regering, wat sal toesig hou oor die opstel en aanvaarding van die nuwe grondwet, en ook die land regeer in die oorgangstadium na 'n nuwe regering. Die tussentydse regering sal ook belas wees met die hou van 'n algemene verkiesing wat 'n oorgang na 'n demokratiese orde sal verseker;
Sodra die nuwe grondwet aanvaar is, sal alle gewapende vyandighede as beëindig beskou word;
Hierna sal die internasionale gemeenskap alle sanksies ophef wat teen die apartheid-regering ingestel is.
Die nuwe Suid-Afrika sal kwalifiseer vir lidmaatskap van die Organisasie vir Eenheid in Afrika.
(Hierdie vertaling sluit nie die Aanhef en die Program van Aksie van die Harare-verklaring in nie)

Wilc ii g'n Dis eyland, sê park

Anton Steenkamp

DIE KRUGERWILDTUIN is geen Disneyland nie - dis 'n park wat uitmuntend voldoen aan die Nasionale Parkeraad se twee doelwitte, naamlik om die ekosisteem te bewaar en om toeganklik te wees vir besoekers.

Só sê dr Salmon Joubert, parkhoof van die Nasionale Krugerwildtuin, in reaksie op 'n berig wat in die New York Times verskyn het waarin dié wildtuin as 'n "Disneyland-weergawe van 'n nasionale park" beskryf word.

Vrye Weekblad het dr Joubert om sy kommentaar genader na aanleiding van die berig wat deur Jane Perlez geskryf is.

Perlez beskryf die Krugerwildtuin as 'n "hiperbestuurde dierekoninkryk - 'n park met 7 000 olifante, niks minder nie en niks meer nie".

"Baie besoekers aan Afrika wat oop wildernisvlaktes en onverstoorde wild soek, vind die Krugerwildtuin ... met sy uitgelegde paaie en 30 myl per uur-spoedbeperking, sy omheining van die volle omtrek en sy motel-tipe behuising, met banke, motorhuur en al," lui die berig.

David Wester, 'n Keniaanse direkteur van Wildlife Conservation International, word soos volg aangehaal: "Ek dink daar is té veel bestuur sonder dat die basiese ekologie bekend is. In die Krugerwildtuin word die ekologiese skommelinge te veel beheer."

· In reaksie hierop sê Joubert: "Dit kom nie meer vir ons, as Suid-Afrikaners, as 'n verrassing as mense soos dr David Wester van Kenia negatiewe kommentaar op ons parke uiter nie. Wester het nog nooit sy voete in die NKW gesit nie, ten spyte van herhaalde uitnodigings om ons wel te besoek. Sy opmerkings kan dus met vrymoedigheid as onsin en totaal ongegrond afgemaak word."

Die primêre doelwit van die Nasionale Parkeraad is om natuurlike ekosisteme in hulle mees ongeskonde toestand moontlik te bewaar, sê Joubert.

"Die bewaringsaksie sluit in die behoud van die volle omvang van lewensvorme wat in 'n bepaalde ekosisteem verteenwoordig word, die behoud van alle ander natuurlike bates wat deel van dié ekosisteem uitmaak asook die ekologiese prosesse wat die dinamiese wisselwerking tussen die onderskeie ekosisteem-komponente verteenwoordig."

'n Tweede doelwit van die Parkeraad is om sy parke toeganklik te maak vir besoekers.

"Hierdie belangrike vergunning is daarop gemik om besoekers bewus te maak van hulle natuurlike omgewing en om ook daardeur 'n omgewingsetiek te bevorder. Dit is daarom ook vir die Nasionale Parkeraad van die grootste belang om sy bewaringsaksies en toerismebedryf te laat harmoniseer en enige ontwikkelingsprogram onderhewig te maak aan die behoud van die wildernis-atmosfeer, die rustigheid en geestelike vernuwing wat die natuur die mens bied," sê Joubert.

In 1951 is 'n navorsingsafdeling in die Krugerwildtuin tot stand gebring om die wisselwerking tussen die onderskeie komponente van die ekosisteem vas te lê en te vertolk. "Die navorsingsprogram verteenwoordig een van die mees uitgebreide en sensitiewe ekologiese navorsingsprogramme ter wêreld," sê Joubert. "Alle natuurbestuurspraktyke wat in die Krugerwildtuin toegepas word, is ook geformuleer op riglyne voortspruitend uit navorsingsresultate."

Volgens Joubert kan die welslae van die Krugerwildtuin se bestuursprogram gemeet word aan die behoud van die volle spektrum van spesies wat daar verteenwoordig word. "In 'n tydvak waarin groot emosionele uitbarstings voorkom oor die agteruitgang van Afrika se olifantbevolking en die onderskeie renosterspesies, beskik dié wildtuin tans oor florerende bevolkings van hierdie wildsoorte. Die rekord verskil hemelsbreed van die toestand wat tans in verskeie ander Afrikastate se nasionale parke heers!"

Toeriste-huisvesting in die NKW, asook die netwerk wildbesigtigingspaaie en piekniekplekke, is "met die grootste omsigtigheid uitgelê om aan die gestelde doelwitte uitvoering te gee," sê dr Joubert.

"Indien 'n goed, en wetenskaplik bestuurde nasionale park met toerisme-geriewe wat in waardigheid en standaarde aan al die eise van so 'n park voldoen, as 'n 'Disneyland' bestempel word, moet dit slegs as die mening van 'n enkeling beskou word. Daar is egter vele ander wat daardie stelling ten sterkste sal verwerp."

Joubert sê hy vra homself ook af of parke elders in Afrika enigsins 'n omskrewe sending, gedefinieerde bestuursdoelwitte of 'n navorsingsprogram het.

"Hoe is dit dan ook moontlik dat hulle olifant- en renosterbevolkings uitwissing in die gesig staar? As sulke onordelikheid, gebrek aan beheer en die beweerde korrupsie wat voorkom as 'wildernis' beskou word (in teenstelling met NKW se 'Disneyland'), is die begrip beslis misplaas!"

Pick 'n Pay

Hypermarkte, Supermarkte en Superwinkels

PICK 'N PAY EN

OPERASIE HONGER

BIED AAN

GOUD STORMLOOP 8!

KRY JOU SORG SERTIFIKAAT NOU

OPERATION HUNGER

1STE PRYS	R1 000 000
2DE PRYS	R100 000
3DE PRYS	R50 000
4DE PRYS	R10 000
6 PRYSE	R5 000
100 PRYSE	R1 000
100 PRYSE	R500

OPERATION HUNGER

***Belangrik:** 30% van totale kaartjieverkope indien doelwit nie bereik word nie.
INSKRYWINGS SLUIT: **3 MAART 1990**
OPENBARE TREKKING VIR 10 FINALISTE: **31 MAART 1990**
FINALISTE KOMPETISIE: **7 APRIL 1990**

NOG NET 'N MAAND OOR — KOOP NOU!

JOU R10 MAAK JOU DALK
DIE VOLGENDE MILJOENER.

BESKIKBAAR BY PICK 'N PAY EN ALLE BEKENDE VERSPREIDERS LANDSWYD.

MET U HULP LEWE ONS KINDERS

Aardedag! Dink aan jou omgewing

Anton Steenkamp

AARDEDAG word op 22 April wêreldwyd gevier, en die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika wil probeer om op dié dag individue en organisasies te motiveer om hulle te verbind tot "omgewingsgunstige gedrag".

Aardedag sal ook die 1990's inlui as die "Dekade van die Omgewing".

Die dag sal in Suid-Afrika begin met kerkdienste waar predikante en priesters hulle gemeentelede sal aanmoedig om morele verantwoordelikheid vir hul omgewing te aanvaar.

Individue sal, deur die "Groen Eed" te neem, 'n geskrewe onderneming kan gee dat hul besorgdheid oor die omgewing voortaan sal bepaal hoe hulle optree, wat hulle koop, vir wie hulle stem en wat hulle ondersteun.

Vrywilligers sal die geleentheid hê om tyd vir 'n bepaalde bewaringsprojek te skenk en om deel te neem aan herwinningsprojekte.

Die Natuurlewevereniging se herwinningsveldtog sal amptelik van stapel gestuur word met 'n landwye geleentheid om glas, plastiek, papier en blik by sentraal geplaasde depositohouers af te laai.

"Ons is vol vertroue dat Aardedag 1990 'n kettingreaksie van omgewingsgunstige gedrag onder Suid-Afrikaners in beweging sal bring wat in dié dekade al vinniger sal toeneem," sê Naas Steenkamp, president van die Natuurlewevereniging.

"Die oorweldigende internasionale reaksie op Aardedag is 'n teken van die toenemende globale bewuswording dat die gety van onoordeelkundige omgewingsvernietiging gedraai sal moet word na omgewingsherstel.

"Nywerheid het 'n rol om te speel en so ook regerings, maar daar is geen rol wat van groter belang is as dié van die individu nie, want gesamentlik sal hulle die grootste invloed hê," sê Steenkamp.

'n ellektuele stryd of skeldparty?

HELIZE VAN VUUREN

WAT gaan aan in ons literêre kritiek en meningswisseling? Waarom lyk dit soms of dit ontaard het in 'n giftige bekvegtery wat eerder om persoonlike verdagmakery van die betrokke teenparty gaan as oor aspekte van die saak onder bespreking? Njabulo Ndebele sê in die eerste uitgawe van Current Writing (uitgegee deur die Engelse departement, Universiteit van Natal, Durban):

"We get the impression that intellectual disputation appears to have lost its liberating and humane social orientation. Or is it that South African intellectuals have also internalised the violence inherent in their society?" (1989:28).

Volgens hom benodig ons dringed 'n kritiek wat in staat is om die grense van ons literêre en intellektuele lewe te verruim, en wat nie nederigheid by die ondersoeker/kritikus uitsluit nie. Dít na aanleiding van 'n resensie van David Maughan-Brown, "The anthology as reliquary?" oor "Ten years of Staffrider" en "The Drum Decade".

Maar dieselfde geld vir die Afrikaanse kritiek. In die jongste uitgawe van Die Suid-Afrikaan resenseer Marlene van Niekerk twee mindere debuutbundels ("Ronkedoor" van Betsie van Niekerk en Anlen Marais se "Die wolf in die blare") en reken vernietigend met hulle af op grond van wat sy noem 'n "paradigm-switch" wat "aan" haar plaasgevind het. Dié "paradigm-switch" het waarskynlik te make met haar intense betrokkenheid by die "struggle", wat maak dat 'n begrip soos "universaliteit" of 'n poëtiese middel soos die metafoor, asook die grootste deel van die Afrikaanse poësie (Opperman se poësie bowenal, maar ook Stockenström se "Die heengaanrefrein") nou as hoog verdag gesien word. Soos Ndebele definieer ook sy 'n ideaal:

"'n eerlike soeke na 'n nuwe selfbegrip as skrywer, gevat in 'n nuutgevonde/gemaakte Afrikaanse taal. Of dit enigsins moontlik is onder die huidige bestel is natuurlik die héél laaste vraag." (Des 1989:46)

Dat die twee debuutbundels gewoon mindere poësie is waarin onduidelike wit angste uitgebeeld word, daarmee stem die meeste lesers seker saam. Maar om nou in die soeke na die "nuwe", Opperman en Stockenström se poësie tot níks te maak, te verwerp met minagting met níks om in die plek daarvan te stel nie, lyk my na 'n radikale anarchisme wat gevaarlik en hovaardig is.

Tot tyd en wyl dié utopiese nuwe oeuvres tot stand kom, is die bestaande Afrikaanse poësie al wat ons het, en 'n vernuwing van die oue, gebou op die hoogtepunte van die verlede, met opbouende kritiek van ons kritici, lyk na 'n sterker moontlikheid as wanneer ons alles agter ons met minagting vernietig.

Die dilemma waarin ons kritiek verkeer en die neiging tot persoonlike bekvegtery kom waarskynlik voort uit politieke kampe - is die skrywer of resensent radikaal betrokke by die "struggle", dan snuif hy agterdogtig rond na die wit burgerlike gesindheid. En waar hy dié ook mag vermoed, word dit met venyn en méning te lyf gegaan.

Die probleem is dat daar ook skrywers is wie se werk tegnies knap maar nie polities betrokke is nie. Moet die kreatiewe werk nou eenvoudig met een haal doodgevee word? Kritici wat nie so intens betrokke is by die "struggle" nie, en vir wie die estetiese nog 'n belangriker maatstaf is as die politieke relevansie (al dan nie) van kreatiewe werk, is weer in 'n ander kamp. Dat die "skilderende", "mistifiërende" en nogal ontoeganklike poësie van NP van Wyk Louw, DJ Opperman, Wilma Stockenström en Breyten Breytenbach se tronkbundels die argwaan wek van kritici wat glo "writing (...) achieves nothing unless linked with broader political intentions" (Douglas Skinner se redaksionele kommentaar in die jongste Upstream), is duidelik uit die jongste debatte/resensies.

Dit is egter 'n gevaarlike houding vir 'n kritikus, dié voorskriftelikheid. As skrywers en intellektuele die ruimte ontneem word waarin verskeidenheid van denke en kreatiwiteit 'n plek gegun word, sit ons binnekort met 'n saaie "sosiale realisme" soos in Stalin-Rusland. Die resep is bekend: 'n positiewe held wat veg vir "die goeie stryd" en 'n booswig of booswigte wat nie die sosiale belang van almal op die hart dra nie, maar sy eie gevaarlike kleinburgerlike, individualistiese gang gaan. Wil ons werklik 'n letterkunde en 'n intellektuele lewe hê wat onder die voorskrifte van die "cultural desk" in die Noorde gereduseer word tot só 'n eenlynigheid?

Maar as die menslike gees en kreatiwiteit nie meer mistifiërend of metaforiserend te werk mag gaan nie, is dit duidelik waarheen ons op pad is. Saaie politieke lokale realisme.

Dit bring ons by die ander opvallende kenmerk van die SA letterkunde vandag (en die afgelope honderd jaar): daar was nog altyd twee duidelike tradisies waarby skrywers aansluiting vind - òf Afrika òf Europa. Vanselfsprekend is dit nie so simplisties nie. Dit het te make met 'n velerlei aspekte: tematies, tegnies, aansluiting by tradisies, ensovoorts.

DJ Opperman het geskryf oor en uit die name en verskynsels van die Afrikabodem - uit wit Westerse perspektief, toegegee, maar dit was die beperking van sy tyd. Jonger digters soos Antjie Krog in "Jerusalemgangers" bring die mondelinge tradisie as tegniek in haar poësie binne. NP van Wyk Louw se "Tristia" is deurdrenk van Europese tematiek, gerigtheid en selfs woordeskat en tegniek. Hy vind aansluiting by die mistieke tradisie van Teresa van Avila se geskrifte, by Vergilius, by Rimbaud (waar vind 'n mens 'n sterker "mistifiërende tradisie?). Cussons en Stockenström staan in dieselfde "skool".

'n Letterkunde wat groei, en kom uit 'n gewelddadige en gepolitiseerde samelewing soos die Suid-Afrikaanse, kán nie anders nie as om ook sy sosiaal-realistiese werke voort te bring, soos "Call me not a man" van Mtutuzeli Matshoba, Sepamla se "A ride on the wirlwind" of Serote se "To every birth its blood", en in Afrikaans Joubert se "Die swerfjare van Poppie Nongena" of tot 'n mate Ferreira se "Sitate om 'n revolusie" (hoewel hier nog te veel liefde en te min revolusie is om van 'n sosiaal-realistiese roman te praat).

Maar dit het nou tyd geword om 'n lansie te breek vir intellektuele en kreatiewe vryheid. Voorskiftelikheid soos onder die Stalin-régime beteken stereotipering en dorheid vir die literatuur. Die huis van die letterkunde het vele kamers: verskeidenheid en veelheid maak hom ryk. Die taak van die kritikus is nié om voor te skryf op dogmatiese wyse nie, eerder om ruimte te skep en moontlik rigting aan te wys. En daar is ruimte, en ruimte genoeg. Laat ons probeer om in intellektuele dispuutvoering terug te kom by wat Ndebele noem die "liberating and humane social orientation", waar die kritikus in nederigheid 'n verhelderende kritiek nastreef - eerder as om skrywers "monddood" te probeer maak. Anders is die "struggle" straks afgeloop en sit ons met net 'n klomp eietydse Sprinkaanbeamptes van Sluis...

Dr Van Vuuren doseer Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Natal



Granta verjaar (links) en publiseer nou ook boeke (regs)

Granta, 'n literêre tydskrif wat verkoop

KOOS PRINSLOO

TIEN jaar gelede is 800 eksemplare van die eerste uitgawe van die literêre tydskrif Granta gedruk. Met hul verjaardaguitgawe, wat nou plaaslik beskikbaar is teen R29,99, vier hulle fees met 150 000 kopieë. 'n "Wonderwerk" sal enige redakteur van 'n literêre tydskrif gelyk moet gee, want literêre tydskrifte is berug vir lae sirkulasiesyfers, selfs 'n vroeë dood.

Granta was 'n universiteitsjoernaal van Cambridge wat in 1889 die eerste keer gepubliseer is en daarna sporadies verskyn het. Maar tien jaar gelede het 'n ene Bill Buford Granta as 'n literêre tydskrif laat herleef. Hy het gedink die tydskrif sal soos die ou Granta dan en wan die lig sien. Buford het hom egter misgis, want Granta was 'n wegholsukses, soos ook die sirkulasiesyfer bewys.

Sedert Granta se sewende uitgawe (met die tema "The best of young British Novelists") doen die uitgewersreus Penguin hul verspreiding.

Elke uitgawe van Granta sentreer om 'n bepaalde onderwerp. Hulle het byvoorbeeld die term "dirty realism" bedink vir die skryfwerk van die Amerikaanse skrywers Raymond Carver, Tobias Wolff en Richard Ford wat so gewild was dat dit opgevolg is met 'n uitgawe genaamd "More Dirt".

Buford se benadering is dat letterkunde 'n onmiddellike aanklank moet hê. Juis die aktuele stof wat Granta publiseer, dra waarskynlik grootliks by tot die sukses van die tydskrif: joernalistieke stukke (soos die ontstemmende "Tiananmen Square" van John Simpson in die jongste uitgawe), foto-artikels (in Granta 27 Rudolf Schäfer se ontroerende "Dead Faces" - 'n reeks "portretstudies" van dooies) en hedendaagse werk van gevestigde "jong" skrywers. Penguin se verspreiding dra natuurlik ook by tot hul sukses.

Heelwat werk van Suid-Afrikaners is al tussen die roemryke omslae van dié dinamiese tydskrif gepubliseer. Granta 25 bevat byvoorbeeld twee artikels oor Suid-Afrika:

Die eerste is geskryf deur John Berger, kunsgeskiedkundige en romanskrywer, en heet "Means of Transport". Die foto-essay bevat indrukke van Suid-Afrika n.a.v. foto's van onder andere Paul Weinberg en Gideon Mendel.

Die ander artikel "Murder in the Family" is van die joernalis Rian Malan wat die land in 1977 verlaat het en sedertdien die voorblad van die internasionale glanstydskrif Esquire met 'n anti-apartheid knoopspeld aan die bors gehaal het. Die tweede deel van Malan se artikel is in Granta 26 gepubliseer. Die twee artikels is 'n verwerking van 'n gedeelte van sy boek "My Traitor's Heart" wat onlangs in die buiteland verskyn het.

En in die verjaardagnommer staan nou "The Ultimate Safari" van Nadine Gordimer en 'n foto-essay, "The Structure of Things Here", van David Goldblatt.

Maar wat veral goeie nuus is, is dat dié ondernemende Britte nou ook Granta Books uitgee:

* Van hul eerste boeke en een wat veral met die omwenteling in Oos-Europa die aandag sal trek, is Timothy Garton Ash se "The Uses of Adversity" (R29,99). Tien jaar reeds dokumenteer Ash 'n geskiedenis van Sentraal-Europa: 'n akteur se verhaal van hoe hy gewerk het vir die veiligheidspolisie in Oos-Berlyn en die *samizdat*-uitgewers daar, Solidariteit in Pole en Ash se eie inhegtenisname en deportasie uit Praag.

* En dan is daar "The View from the Ground" van die joernalis en fiksieskrywer Martha Gellhorn. Sy het in 1930 as 21-jarige platsak in Parys aangekom met die oortuiging dat sy 'n bestaan kan maak as buitelandse korrespondent. En sy het.

"View" bestaan uit 'n versameling artikels wat oor ses dekades strek en in vredestyd geskryf is: Amerika in die Groot Depressie, die verraad van Tsjeggo-Slowakye, Kersfees saam met die werkloses in Londen, die verhoor van Adolf Eichmann, Spanje in die tyd net na Franco se dood, 'n herbesoek aan Kuba ná 41 jaar.

* Ook John Berger se "A Seventh Man" (met foto's van Jean Mohr, R34,99) behoort nie aan plaaslike lesers vreemd te wees nie. Dit handel oor trekarbeiders wat nie tot die randgebied behoort nie - soos inwoners van die industriële Europese lande waar hulle werk graag wil glo - maar juis sentraal staan weens die arbeid wat hulle verrig.

* Van Berger verskyn ook by Granta Books "Once in Europe", 'n bundel liefdesstories (die tweede van die trilogie "Into Their Labours") wat afspeel teen die "modernisering" van 'n landelike bestaan.

* Voorts op die fiksiefront verskyn "The Mezzanine", die Amerikaner Nicholson Baker se debuutroman wat 'n sakeman se etenstyd beskryf.

* 'n Buitengewone boek in die Granta-reeks is die Pool Ryszard Kapuscinski se "The Soccer War", 'n reportage, outobiografie of geskiedenis van die 27 (!) revolusies en staatsgrepe wat hy van 1964 tot 1980 meegemaak het.



Een van Paul Weinberg se foto's wat John Berger gebruik in sy artikel oor Suid-Afrika in Granta 25

boeke-blad

Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

DIÉ WEEK IN DIE NUUS

Suid-Afrika

Inwoners van Reigerpark en Vosloorus protesteer by die Boksburgmeer teen klein apartheid. "Mandela, the Freedom of Boksburg Awaits U", het een banier gelees. Konflik ontstaan met enkele regses, wat lede van die pers aanrand.

Die sekretaris van die UDF, Patrick "Terror" Lekota, sê tydens 'n vergadering in Clermont, Durban, dat die ANC myne en banke sal móét nasionaliseer ten einde beter skole en behuising vir swartmense te kan finansier.



Die nuwe Springbok-krieketspan word aangekondig. Clive Rice teken protes aan oor die manier waarop keurders hom oor die hoof gesien het.

Raymond Suttner, senior lektor in regte aan die Universiteit van die Witwatersrand, keer na Suid-Afrika terug nadat hy die land verlede jaar onwettig verlaat het. "Ek hoop ek word nie inhegtenis geneem nie. Al wat ek gedoen het, was om my vryhede van spraak en beweging - soos vervat in die Universele Verklaring van Menseregte - uit te oefen," het hy op Jan Smuts-lughawe aan joernaliste gesê.

Die Britse Arbeidersparty doen 'n beroep op Mike Gatting om hul rebelle-kriekettoer na Suid-Afrika af te skaf. Protes word landswyd teen die toer aangeteken.

Die hoof van die SAP se afdeling Openbare Skakeling, maj-genl Herman Stadler, wys op toenemende voorvalle van onrus en doen 'n beroep op die publiek om die wet na te kom en vreedsaam op te tree. In Bloemfontein word teen die rebelle-kriekettoer betoog en in Kaapstad onder meer teen die ›breek deur die polisie van 'n National Education Coordinating Committee-byeenkoms in ‹ié stad verlede week.

In 'n week waarin afwagting oor pres FW de Klerk se parlementstoespraak opbou, kondig die regering die aanstelling van 'n regterlike kommissie aan om SAP-moordbendes te ondersoek. 'n Regterlike ondersoek word ook gelas na die dood van Clayton Sithole in aanhouding in John Vosterplein.

Die stadsraad van Johannesburg besluit dat die hele Johannesburg 'n vrye handelsgebied verklaar moet word, en die Pretoriase stadsraad besluit dat die busdienste, biblioteke en ander openbare geriewe vir alle rasse opgestel moet word. Daar word gepraat van beweging in die rigting van "diskriminasie-vrye stede". In Pretoria beplan regses 'n aksieplan van weerstand teen dié oopstellings.

Die minister van Verdediging, genl Magnus Malan, kondig aan dat gemeenskapsdiens deur godsdiensbeswaardes vanaf 1 Februarie met die helfte verminder gaan word. Gevangenisstraf vir nie-religieuse gewetensbeswaardes kan nou ook soos normale gevangenisstraf met tot die helfte afgeskaal word. Die DP en ECC vra vir verdere verligting en opskorting van dié strawwe.

Die blanke Bezuidenhoutsvallei Junior Skool word gesluit omdat daar te min blanke leerlinge is om die skool te vul. Intussen word honderde swart leerlinge nog van skole weggewys weens gebrek aan plek. 'n Woordvoerder van die Departement van Onderwys en Kultuur sê hy voorsien nie dat die skool in 'n nie-rassige skool omskep sal word nie.

Wêreld

Dr Jonas Savimbi, leier van Unita, besoek Potugal in 'n poging om steun vir dié organisasie te werf. Intussen kondig Kuba aan dat sy magte, nadat die Kubaanse onttrekking aan Angola tydelik gestaak is, in 'n teenaanval 33 Unita-soldate gedood het.

Etniese konflik tussen Serbiërs en Albaniërs lei tot grootskaalse wanorde in die Serbiese provinsie Kosovo, Joego-Slawië. Dit word aangehits deurdat onluspolisie op Albaniese protesteerders skiet. "Ons wil demokrasie hê," skree die protesteerders.

Die Poolse Kommunistiese Party skeur terwyl lede by die nuwe politieke bestel probeer inval. Die party herleef onder 'n nuwe naam, Die Sosiale Demokrasie van die Republiek van Pole. Die bates van die ou party is na die nuwe oorgedra, 'n stap wat na verwagting protes sal uitlok. Lech Walesa, leier van Solidariteit, meen dat dié eiendom destyds onwettig bekom is.

Pres Fidel Castro van Kuba distansieer homself van die politieke en ekonomiese hervormings in Oos-Duitsland. In 'n toespraak by 'n werkerskongres in Havana, waarsku hy teen verdeeldheid onder Oos-Europese state wat "die uitgetrapte pad van die Westerse kapitalistiese filosofie volg".

Theo-Ben Gurirab van Swapo kondig aan dat 21 Maart beplan word as dié dag waarop Namibia onafhanklikheid sal verkry. Finale grondwetlike voorstelle word deur die konstitusionele raad in Windhoek bespreek.

Sowjet-president Mikhail Gorbatsjof ontken gerugte dat hy as hoof van die Kommunistiese Party gaan bedank. Dié gerugte het die New York en Tokyo finansiële markte drasties beïnvloed.

Die grootste MacDonald's-tak ter wêreld open sy deure in Moskou.

Die Christen-enklave in Beiroet word geskud deur onderlinge gevegte tussen troepe lojaal aan genl Michel Aoun en dié van die Christelike Lebanese Front, wat Aoun wil ontbind.

Die Nieu-Seelandse eerste minister, Geoffrey Palmer, wys 'n nuwe, meer regse kabinet aan.

'n Walliese gewigopteller, Gareth Hives, word van die Statebondspele in Auckland geskors nadat bevind is dat hy anaboliese steroïedes gebruik het.

Die Chinese Kommunisteparty dreig om vakbonde en Kommunisteparty-jeugligas, wat tradisioneel aan die voorpunt van aktivisme vir hervorming staan, te verbied.

Pres Hastings Kamuzu Banda van Malawi skort sy kabinet van 11 ministers op en neem self alle portefeuljes oor tot tyd en wyl 'n nuwe kabinet oor 'n paar weke aangewys word.

Minstens 33 mense is die afgelope twee weke aan breinvliesontsteking dood in die krotbuurte van Kampala, sê die Ugandese minister van gesondheid.

Duitse spioene beslis nie werkloos nie

BONN - Oos- en Wes-Duitsland mag wel na politieke en ekonomiese eenheid mik, maar vir hul spioene het niks verander nie, het Wes-Duitse amptenare vroeër dié week gesê.

Hans Neusel, 'n junior minister van Binnelandse Sake, sê die Oos-Duitse Inligtingsdiens luister steeds mee op telefoniese gesprekke tussen Wes-Duitsland en Wes-Berlyn, 'n stad met twee miljoen inwoners, sowat 170 kilometer anderkant die Oos-Duitse grens.

Kurt van Haaren, voorsitter van die Wes-Duitse poswerkersvakbond, sê die Wes-Duitse geheime diens maak steeds Oos-Duitse posstukke oop en en luister mee op oproepe uit Oos-Duitsland.

"Dis asof die koue oorlog steeds woed, en asof daar niks in die afgelope paar maande in sentraal-Europa gebeur het nie," het Van Haaren in 'n radio-onderhoud gesê.

Hy skat dat daar nog sowat 2 000 agente is wat op Oos-Duitsland spioeneer - 'n getal wat verwerp word deur Lutz Stavenhagen, 'n Wes-Duitse junior minister belas met die geheime diens.

Oor die feit dat die Oos-Duitse geheime polisie reeds ontbind is, sê Stavenhagen: "Stasi (die ontbinde geheime polisie) se werksaamhede, wat daarop gemik is om mense te onderdruk en dop te hou, kan nie vergelyk word met die werk van ons inligtingsdiens nie."

Stasi het sy werksaamhede nog tot middel-Januarie voortgesit, ondanks 'n besluit deur die hervormings-gerigte Eerste Minister, Hans Modrow, om dié diens se naam in November te verander, en hom 'n maand later te ontbind.

Die oopstelling van die grens tussen die twee lande op 9 November het beslis die werk van geheime agente vergemaklik. 'n Stasi-agent is byvoorbeeld onlangs in hegtenis geneem terwyl hy probeer het om die dienste van Wes-Duitse studente te werf.

Die val van die Berlynse muur het Wes-Duitsland ook in staat gestel om 'n ogie te hou oor politieke ontwikkelings in Oos-Duitsland - en oor sowat 380 000 Sowjet-troepe wat in dié land gestasioneer is. - AFP

Viëtnamese bende terroriseer New York

Annick Benoist

NEW YORK - Tientalle bendes terroriseer Chinatown in New York, maar geeneen is dodeliker as die bende wat hulself "Born to Kill" noem nie.

Dié bende, wat sowat 18 maande gelede sy verskyning gemaak het en ook onder die voorletters BTK bekend staan, is van Viëtnamese oorsprong, en nie Chinees soos die ander nie.

Hulle het gou so 'n gewelddadige reputasie opgebou dat selfs die gevreesde Chinese "Flying Dragons" deesdae vir hulle bang is.

Viëtnamese wat die land drie of vier jaar gelede as immigrante binnegekom het, is deur Chinese bendes opgelei - maar hulle het hul lesse goed geleer en hul meesters verbygesteek.

Inbrake, brandstigting, gewapende roof en moord is BTK se handelsmerke. Die bendelede se ouderdomme wissel van 13 tot 25.

Hulle het niks te verloor nie, sê 'n New Yorkse speurder, Tomothy Gee.

Hulle is erger gewoond: Oorlog, armoede, honger. Hulle kan op geen steun van hul families reken nie, en hulle toon geen berou vir hul wandade nie.

BTK dien ook as teelaarde vir die "Tongs", geheime Chinese gemeenskappe wat groot dele van Chinatown onder 'n dekmantel van fatsoenlikheid beheer. Die "Tongs" gebruik glo die winste van vyf onwettige dobbelhuise in Chinatown om die jong bendes te finansier.

Bendelede is nie ook lede van die "Tongs" nie, maar doen hul vuil werk vir hulle, sê Peter Kwong, professor in staatswetenskappe aan die Universiteit van New York.

Hy sê die "Tongs" betaal middelmanne om die bendes te werf en te organiseer.

Dié mense is verkieslik voormalige lede van Hongkongse bendes wat BTK en ander soortgelyke groepe met 'n ysterhand kan beheer.

Afpersing is 'n groot bron van inkomste. Besighede betaal tussen 300 en 1 000 dollar per maand vir "beskerming". Diegene wat nie in BTK se dienste belangstel nie, word met masjiengewere of bomaanvalle afgemaai.

Die Viëtnamese het as "bootmense" in Amerika aangekom. Dié status verhinder dat hulle gedeporteer word. Wanneer hulle in hegtenis geneem word, gee hulle 'n vals adres op. Wanneer hulle vrygelaat word, verdwyn hulle eenvoudig. - AFP

Mees gevorderde skottelgoedwasser ter wêreld

NEWARK, New Jersey - Die eerste prototipe van 'n rekenaar wat met lig-impulse in plaas van elektriese impulse werk, is deur Bell-laboratoriums ontwerp en gebou.

Alan Huang, 'n navorser by dié laboratorium, se doelwit is om 'n optiese rekenaar te ontwikkel wat duisende kere vinniger sal wees as sy vinnigste elektroniese eweknie.

Dit is egter in dié stadium nog ver in die toekoms; die prototipe is nouliks sterk genoeg om 'n middelslag-skottelgoedwasser aan te dryf.

Maar dit is darem 'n bemoedigende begin.

Volgens 'n woordvoerder van Bell sal die rekenaar, wat onder meer bestaan uit lense, prismas en lasers, eindelik in staat wees om skakelaars miljoene kere per sekonde aan en af te skakel, en inligting in 32 afsonderlike kanale te verwerk.

Amerika se verdedigingshoofkwartier stel baie belang in die nuwe ontwikkelings, omdat dié rekenaars moeiliker sal wees om binne te dring, en omdat hulle ook nie deur die sterk elektromagnetiese strome van 'n kernontploffing versteur sal word nie. - AFP

Rooi ster moet waai

BOEDAPEST - Die rooi ster - simbool van die kommunisme - gaan van die Hongaarse parlementsgebou verwyder word, het 'n senior amptenaar vandeesweek gesê.

Die ster, wat 'n ton weeg en 'n deursnee van drie meter het, was dekades lank bo-op die gebou en was verlig tot 12 Oktober verlede jaar, nadat die Sosialiste (voorheen Kommuniste) besluit het dat alle kommunistiese simbole van openbare geboue verwyder moes word.

Tibor Sos, administratiewe direkteur van die parlement, sê die ster sal deur 'n Hongaarse kontrakteur, wat in die restorasie van ou geboue spesialiseer, verwyder word. - AFP

Ceausescu is dood, maar die magstryd duur voort

Jean-Anne Chalet

BOEKAREST - Die politieke krisis in Roemenië kan verlig word ná 'n aanbod van die Nasionale Reddingsfront aan opposisie-partye om hulle by 'n Nasionale Tussentydse Raad aan te sluit.

Ontevredenheid het in opposisiegeledere ontstaan omdat die politieke mag steeds by lede van die ou regime, wat in die revolusie omvergewerp is, berus. Volgens hulle het die val - en die dood - van Nicolae en Elena Ceausesco nie werklik 'n wesenlike verskil in die magsbalans bewerkstellig nie.

Ná die dramatiese gebeure wat tot die val van die Ceausescu's gelei het, het die Roemeense publiek al meer wantrouig begin raak oor die nuwe leierskap, van wie verskeie lede noue bande met die ou regime gehad het.

Die Nasionale Tussentydse Raad kan aan opposisie-partye die voorlopige seggenskap gee wat hulle verlang.

Die voorsitter van die Nasionale Reddingsfront, wat as tussentydse regering optree, is Ion Iliescu. Hy was vroeër 'n lid van die Ceasescu-regering en sekretaris van die Kommunistiese Party se sentrale komitee. Voordat hy in onguns by Ceasescu verval het, was hy belas met die jeug en ideologie.

Hy word beskou as iemand met 'n noue verbintenis met die Sowjet-leier, Mikhail Gorbatsjof.

Sy adjunk is Dumitru Mazilu, wat as Roemenië se ambassadeur in die Verenigde State opgetree het totdat hy teruggeroep en verbied is om Roemenië te verlaat nadat hy hom teen die menseregte-situasie in sy land uitgespreek het.

Silviu Brucan, die tussentydse minister van Buitelandse Sake, het dié portefeulje ook in die Ceausescu-regering gevul en was in 'n stadium ook ambassadeur na die Verenigde State.

Hy is verlede maand tydens protesoptogte in Boekarest uitgesonder as een van die "nuwe leiers" wat die trekpas moet kry.

Die Eerste Minister, Petre Roman, dra ook die juk van sy verbintenis met die land se Kommunistiese verlede. Sy pa was as minister van Verdediging onder Gheorghe Ghioghiu Dej verantwoordelik vir massa-inhegtenisnemings tydens suiwerings in die jare vyftig.

Al die bogenoemde politici beweer deesdae dat hulle die lig gesien en hul ou idees afgesweer het, maar die feit bly staan dat hulle almal in een of ander stadium 'n deel uitgemaak het van die genadelose bestel waarin Roemenië sedert 1946 vasgevang was.



Petre Roman

(Foto's: AFP)

Lede van die Nasionale Reddingsfront, wat beheer oorgeneem het die dag toe Ceausescu gevlug het - 22 Desember verlede jaar - beweer dat hulle spontaan byeengekom het in die hitte van die revolusie.

Hulle het egter nie die oorweldigende steun van die land se mense nie. Die land smag na hul eerste smakie van demokrasie.

Protesoptogte deur intellektuele op 8 Januarie, gevolg deur massaoptogte op 12 Januarie, het gewys dat die mense nie van die revolusie, waarvoor hulle so hard gestry het, ontneem wil word nie.

Gekonfronteer deur 'n skare, wat voor die Nasionale Reddingsfront se hoofkwartier in die middel van Boekarest byeengekom het, het die Front aangekondig dat die Kommunisiese Party verbied sou word. Toe hulle egter besef hoe ondemokraties dié stap sou wees, is besluit dat daar deur middel van 'n referendum oor die saak uitsluitsel verkry sou word.

Dit is net een van die tekens van besluitloosheid van die nuwe regering.

Een ding is egter seker - die meeste Roemeniërs wil niks te doen hê met 'n party wat hulle vir byna 'n halwe eeu in slawerny gedompel het nie.

Die slagspreuk "weg met die kommunisme" - wat net 'n maand gelede die dood of swaar gevangenisstraf sou beteken - kan nou in die meeste fabrieke, spoorwegstasies, strate en ander openbare plekke gesien word.

Roemeniërs wil 'n veelparty-demokrasie hê. In 'n meningspeiling wat deur die sosiologiese navorsingsinstituut van die universiteit in Boekarest gehou is, het net ses persent van die 1 232 mense wat om hul menings genader is, 'n eenpartystaat voorgestaan.

Uit 13 miljoen moontlike kiesers is dit 'n skamele 780 000 stemme, terwyl die Kommunistiese Party tydens die Ceausescu-regime vier miljoen lede gehad het.

Waaroor daar nog groot onsekerheid bestaan, is wat die verkiesings, wat vir April in die vooruitsig gestel word, gaan oplewer.

Dit wil nou lyk of die verkiesings onder druk van opposisie-partye uitgestel sal word, sodat hulle genoeg tyd sal hê om hulself te organiseer.

Die Roemeense revolusie is nog lank nie verby nie, en 'n nuwe fase het pas begin - die werklike magstryd.

Een ding is egter seker: Roemeniërs wil nie 'n regering hê wat dieselfde is as die ou Kommunistiese een in alles behalwe naam nie. - AFP

Verminkte slagoffers van die Securitate wat in 'n massagraf gevind is

SENTRUM VIR ONTWIKKELINGSTUDIES (TVL)

KOÖRDINEERDER VAN STUDIE-KOMMISSIES

Die Sentrum vir Ontwikkelingstudies, 'n multi-dissiplinêre beleidsondersoek-instituut verbind tot die breë demokratiese beweging, is op soek na 'n Koördineerder van Studie-kommissies.

Dié kommissies bestaan uit akademiese en gemeenskapsnavorsers betrokke by die navorsing van beleidsopsies vir 'n post-apartheid Suid-Afrika. Studiekommissies bestaan in die veld van die ekonomie, reg, plaaslike regering, opvoeding, gesondheid, grond, kinders, massa-media, godsdiens en vroue.

Aansoekers moet beskik oor:
- **Organisatoriese en administratiewe vaardighede**
- **'n Deeglike kennis en begrip van ondersoek**
- **Ondervinding van gemeenskapsorganisasie en navorsers**
- **'n Universiteitsgraad**
- **Ondervinding in kommunikasie- en rekenaarvaardighede is 'n sterk aanbeveling**

Geskrewe aansoeke, vergesel van 'n CV en verwysings, moet ons kantoor nie later nie as voor of op 9 Februarie 1990 bereik. Stuur aansoeke aan:

Sentrum vir Ontwikkelingstudies
Posbus 280
Wits
2050

Tel: 403-1658/1670/1695
Faks: 403-1686

SHIFTY RECORDS

Kantooradministrateur

Shifty Records verlang die dienste van 'n persoon vir algemene ontvangs- en boekhoupligte.

Vorige ondervinding in boekhou sal 'n aanbeveling wees.

Skakel (011) 648-1893/4 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.

Selfbevrediging: die mites ontbloot

Hare op jou handpalms?

Oral oor die wêreld masturbeer mense van alle ouderdomme elke dag. Dit is volgens sommige kenners vir die grootste deel van die mensdom die enigste vorm van seksuele bevrediging. Maar is masturbasie "sonde"? Is dit "onnatuurlik"? Na aanleiding van die storm om die kontroversiële seks-preek deur 'n NG-leraar op die Vrystaatse dorp Dealesville het CORNIS VAN DER LUGT met sielkundiges en medici gaan gesels - en sommer Sigmund Freud ook geraadpleeg

FREUD sou dit beskryf as die ontlading van onderdrukte seksuele energie.

Die voorsitter van die sinodale kommissie van die Vrystaatse NG Kerk, prof Pieter Potgieter, beskryf dit onomwonde as "seks buite die Godgegewe ruimte", en daarom as sonde. Verskeie rabbi's en priesters stem met hom saam. Heelwat ander teoloë het weer nie probleme daarmee nie.

Waaroor gaan masturbasie?

"Almal masturbeer. Kinders en volwassenes. Daar is niks daarmee verkeerd nie. Sielkundiges het geen probleme daarmee nie," sê prof Lynn Gillis van die departement Sielkunde aan die Universiteit van Kaapstad.

Die direkteur van die Eenheid Kliniese Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, dr Hendrik Kotzé, sê masturbasie kom baie normaal voor óók onder mans en vroue wat getroud is. Dít gebeur waar die man of vrou seksueel gefrustreer is, of selfs in 'n gesonde huweliksverhouding waar die man en vrou byvoorbeeld vir 'n lang tydperk mekaar nie sien nie of waar daar liggaamlike siekte is.

Masturbasie is geen nuwe verskynsel nie. "Dis 'n normale seksdrang wat al jare voorkom by mense wat nie 'n seksmaat het nie. Masturbasie is normaal en universeel," sê Kotzé.

Kom ons begin by die kinderjare, waarvan Freud die belangrikheid so duidelik uitgewys het.

In die ontwikkeling van sy psigo-analise het Freud persoonlikheidsontwikkeling beskou as die opvolg van vyf stadiums. Hulle is die orale stadium (tot 'n ouderdom van 2 jaar), die anale staduim (ouderdom 2 tot 3), die falliese stadium (ouderdom 3 tot 5 of 6), die latente stadium (ouderdom 6 tot 12) en die genitaliese stadium (ná puberteit wanneer die diepste gevoelens van plesier uit hetero-seksuele verhoudings spruit).

Dit is in die falliese stadium dat die kind selfbetasting van sy geslagsdele ontdek. Dit gaan met groot spanning gepaard en sou soms die weg baan tot die Oedipus-kompleks by mans of die Electra-kompleks by vroue.

Freud was van mening dat die gepaste bevrediging in elk van bogenoemde stadiums noodsaaklik is, so nie kan 'n persoon in 'n betrokke stadium stagneer. Só, het Freud aangevoer, kan 'n persoon wat in die orale stadium nie voldoende bevrediging van sy suigbehoefte kry nie, as volwassene geneig wees tot oormatige drink- en eetgewoontes.

In sy boek "Wat seuns wil weet" skryf dr Jan van Elfen oor die behoefte aan beskutting (om veilig te voel) en die suigbehoefte wat die baba ondervind. Dit is hier waar die grondslag van latere seksuele gevoelens in 'n persoon se lewe gelê word. In die tienerjare tree die suigbehoefte in 'n ander variasie na vore, wanneer kêrel en meisie soen.

'n Verdere gevoel van bevrediging wat die klein kind vroeg ontdek is dié wat hy of sy tydens uitskeidingsprosesse ondervind, sê Van Elfen.

As tiener, ná die latente- of rusperiode, ontwikkel die kind weer 'n nuwe bewustheid van sy liggaamlike voorkoms. Dit word aangewakker deur klierwerking en die tipies liggaamlike ryping van puberteit.

Die tiener sal weer meer geneig wees om hom- of haarself te betas. Dit is in hierdie stadium dat seuns en dogters die bevredigende sensasie van masturbasie ontdek.

Hoe moet ouers selfondersoek deur kinders hanteer?

Dit is noodwendig so dat kinders 'n natuurlike belangstelling in hul uitskeidings- en geslagsorgane ontwikkel. Kinderopvoedkundiges beklemtoon dit dat ouers nie in hierdie stadium hul kinders moet verhinder om hulself te ondersoek of hulle daaroor te betig nie. Indien hulle dit wel doen en die kind waarsku teen dié "sonde", word die kind oorbewus gemaak van 'n natuurlike belangstelling en kan hy of sy 'n obsessie ontwikkel om te "wil voel".

Die gevolg is dat die kind stout, bang en onveilig voel, dat die kind nie dié stadium op die normale wyse ontgroei nie en dat die betasting kan ontwikkel in 'n onbeheerbare of kompulsiewe drang.

Masturbasie word terapeuties gebruik. 'n Uitwerking van normale masturbasie is dat dit aangename ontspanning bied en dat dit 'n mens bewus maak van die fisiologiese reaksie waartoe sy liggaam in staat is, sê opvoedkundiges.

Van Elfen wys ook op 'n ander uitwerking, naamlik dat gekondisioneerde gevoelens met masturbasie kan gepaard gaan. 'n Voorbeeld is skuldgevoelens by kinders wat grootgemaak is met die gedagte dat masturbasie sonde is.

Só 'n situasie veroorsaak baie spanning.

Freud het in sy navorsing oor histerie die verklaring vir liggaamlike ongesteldheid waarvoor daar skynbaar geen organiese verklaring is nie, gelê voor die deur van onderdrukte seksuele energie. Die verskynsel van histerie het dikwels in die Eerste- en Tweede Wêreldoorlog voorgekom, waar soldate byvoorbeeld om onverklaarbare redes in die bene verlam geword en gevolglik 'n gevegsituasie ontduik het.

Skuldgevoelens as gevolg van masturbasie kan, aldus Freud, dus deur 'n persoon "opgelos" word deur die ontwikkeling van verlamming van sy of haar hand. Die verlamming word nie bewustelik veroorsaak nie en die slagoffer is nie bewus van die betekenis óf die oorsaak daarvan nie.

"Masturbasie is nie 'n sieklike bevrediging nie. Dit is waarskynlik die mees wyd-beoefende vorm van bevrediging vir alle ouderdomme. Vir die grootste deel van die mensdom is dit die enigste manier van seksuele bevrediging," sê Van Elfen.

Kotzé sê: "By kinders is dit deel van die normale ontdekking, behalwe wanneer dit teen 'n té hoë frekwensie en obsessief gedoen word. Dan is dit 'n vorm van selfstimulering as gevolg van emosionele ontbering."

Volgens Van Elfen is masturbasie beslis nie 'n sonde nie. In die mediese geneeskunde word normale gedrag nie as sonde beskou nie.

'n Mens moet wel onthou dat die Bybel waarsku teen enige vorm van oormatigheid. "Daar is wel gevalle waar dit op abnormale gedrag dui: As dit 'n onweerstaanbare drang word en gedurig gedoen word. Dit is dus nie 'n goeie teken as jou gedagtes en bedrywighede deur masturbasie, of kwelling daaroor, oorheers word nie. Party mense probeer om hul pligte te ontduik, hul probleme te omseil en hulself daarmee te troos. So iets is 'n terugwaartse stap in die ontwikkelingsproses."

Die emosionele ontbering by die kind kan die gevolg wees van probleme "(wat) wissel tussen eensaamheid en 'n gevoel van verwerping, hetsy deur sy ouers, broers en susters of sy maats," skryf drs Salome Schulze en Linda van Rooyen in hul boek "Geslagsopvoeding vir Seuns". In laasgenoemde geval is die obsessionele masturbasie in effek 'n uitroep om hulp.

Ook onder volwasenes kan masturbasie deel van emosionele siekte en seksueel afwykende gedrag wees.

Emosionele frustrasie of deprivasie kan die gevolg wees van 'n persoon wat homself nie heterogeen as volwassene kan handhaaf nie. So 'n persoon is onvolwasse in sy seksrol-ontwikkeling.

"Vir emosioneel gefrustreede persone is dit die uitleef van 'n emosionele siekte. Normale masturbasie het egter geen negatiewe emosionele effek nie en het inderdaad 'n positiewe effek deurdat dit seksuele spanning verlig," sê Kotzé.

Sosio-kulturele faktore bepaal hoe seksuele gewoontes hanteer word. Vir Malenesiërs van die suidwestelike Stille Oseaan was voorhuwelikse seks só streng verbode dat mans en vroue aangemoedig is om te masturbeer. Verder knoop die ongetroude mans ook openlik homoseksuele verhoudings aan. Nadat hulle getrou het, neem hulle dan weer sonder veel moeite hetero-seksuele rolle aan.

Masturbasie word beskou as 'n alternatiewe vorm van die bevrediging van die seksdrang. Soos skoptofelie, pedofelie en sadisme is dit parafilies van aard, met ander woorde dit is seksuele bevrediging anders as normale seksuele omgang wat binne die huwelik plaasvind. Dié vorme van seksuele bevrediging is in sekere gemeenskappe medies en sosiaal aanvaarbaar, en in ander gemeenskappe nie. Voorhuwelikse seks - ook 'n parafelie - dien as voorbeeld.

Skoptofelie is die verskynsel waar persone - merendeels jong mans - seksuele plesier daaruit kry deur ander persone af te loer - dus "Peeping Toms". Dikwels masturbeer só 'n persoon terwyl hy of sy afloer hoe dat 'n man of vrou uittrek of hoe twee ander persone seks het.

Vanweë 'n gebrek aan selfvertroue word die trauma om werklik iemand van die teenoorgestelde geslag te nader, so ontduik.

Ook ekshibisioniste - waarvan 'n meerderheid getroude persone is - maak soms suggestiewe gebare of masturbeer terwyl hulle hulself in die openbaar ontbloot.

Opvoedkundiges meen dat 'n oordrewe strengheid dikwels die oorsaak van onnodige skuldgevoelens is. Van Elfen: "Ons hele seksopvoeding is te veel op negatiewe aspekte ingestel. Daar is soveel meer positiewe aspekte om te beklemtoon. Ouers moet meer hieraan aandag gee."

Miskien verdien ds Gideon van der Nest van Dealesville eerder 'n medalje vir dapperheid as die twee weke "rus" wat sy kerkraad vir hom aanbeveel het.

Bevryding binne die Pinksterbeweging

Jan Brand

DIE Pinksterkerke is al dikwels verwyt dat hulle 'n geestelike boodskap voorstaan wat daarop gerig is om mense te verslaaf en die status quo te beskerm. Dié verwyt was ook nie altyd sonder grondige rede nie.

Die bekende regse Kerklike Aksie van Suid-Afrika (Kasa) wat onder die leierskap van pastoor Poen Badenhorst, president van die Volle Evangelie-kerk van God opereer, maak daarop aanspraak dat hulle 15 miljoen Pinkster- en ander evangeliese Christene in Suid-Afrika verteenwoordig.

Kasa is 'n openlike teenstander van kerkleiers soos dr Allan Boesak en aartsbiskop Desmond Tutu, en dié organisasie se verbintenisse met die regse Amerikaanse Religious Broadcasters is algemeen bekend.

Kasa is egter ook nie die enigste beweging wat deur die demokratiese beweging met groot vraagtekens bejeën word nie. Tydens die verkiesing in Namibia het 'n bekende Pinksterevangelis daarop aanspraak gemaak dat Swapo-lede hul partyhempies van hul lywe afskeur terwyl hy preek. Daarbenewens het baie Suid-Afrikaanse Pinksterbewegings 'n lang rekord van besonder goeie verhoudings met die Nasionale Party. Uit die kringe het daar oor die jare bitter min kritiek teen die stelsel van apartheid gekom.

Die Relevant Pentecostal Witness (RPW) staan egter nie in dié tradisie nie. Die beweging het in 1988 begin toe 'n groep Pinkstermense in Natal 'n dokument opgestel het waarin hulle probeer aantoon dat die regse baadjie wat die beweging tans dra nie deel van hul historiese erfenis is nie. Die dokument was duidelik 'n apologie teen organisasies soos Kasa en teen enige prediking wat die struggle per definisie as boos afmaak.

Benewens skerp afwysing van kerk- en politieke apartheid, lê die RPW ook baie klem op die belangrike rol wat armes en onderdruktes in die beginjare van die beweging gespeel het. Die dokument verklaar ook sy steun aan kerkleiers soos dr Frank Chikane ('n voormalige predikant in die AGS, die grootste Pinksterkerk in Suid-Afrika), dr Allan Boesak, dr Beyers Naude, aartsbiskop Desmond Tutu en Dennis Hurley.

Op 31 Mei 1989 is 'n nasionale beweging, die Relevant Pentecostal Witness, geskoei op die beginsels van die oorspronklike dokument, in Durban geloods.

Die RPW se Kaapse tak was die gasheer van die beweging se eerste groot konferensie wat onlangs in Kuilsrivier gehou is. Hoewel die beweging nog jonk is, was daar van die begin af groot opwinding by die afgevaardigdes. Iemand het selfs ietwat verwaand opgemerk die Pinksterbeweging het sy siel in Kuilsrivier gevind.

Vir baie tradisionele Pinksterge-lowiges moes dit 'n vreemde ervaring gewees het om We Shall Overcome en Nkosi Sikelele by 'n kerklike byeenkoms te sing.

Die konferensie het deurentyd 'n gees van eenheid rondom die beweging se totale afwysing van alle vorme van apartheid gehandhaaf. Die hoogtepunt van die verrigtinge het die tweede dag aangebreek toe Chikane self sy opwagting by die konferensie gemaak het en die aand 'n groot openbare saamtrek toegespreek het. Die verlore seun van die Pinksterbeweging - hy is in 1981 as pastoor van die AGS geskors - is letterlik soos 'n held ontvang. Hy is deur die RPW vereer deur as lewenslange ere-president aangewys te word. Die heldeverering was selfs vir dié jong leier by tye sigbaar te erg. Maar die nuwe beweging soek na simbole en leiers, en Chikane voldoen aan al die vereistes.

Binne die AGS is daar 'n beweging, die Reinstatement of Frank Chikane Campaign, wat hom daarvoor beywer om Chikane as pastoor te herstel. Die sekretaris, pastoor Joe Mabuela, wat Chikane in Kagiso (Krugersdorp) opgevolg het, het by die konferensie verslag gedoen dat die veldtog goed vorder. Chikane bedien reeds die gemeente Naledi as ouderling.

Mabuela het egter ook 'n hartseerstorie gehad om te vertel: hyself is deur sy distrikkomitee twee maande kennis gegee om die gemeente te verlaat of homself van Chikane te distansieer.

Die konferensie was ook nie sonder spanning nie. Reeds tydens die eerste sessie is dr Nico Horn van Namibia deur 'n jong leraar uit Natal daarvan verwyt dat hy as blanke nie werklik die swartmense se stryd verstaan nie en daarom 'n akademiese lesing oor Pinksterpasifisme kon gee. Pastoor Fred Joseph, ook van Namibia, het gesê die mense van Namibia sal nooit die waarde van die gewapende stryd ontken nie, omdat hulle glo die SAW se nederlaag in Angola was die aanleidende faktor tot die implementering van resolusie 435.

Hoewel prof Daan Cloete, wat as gasspreker opgetree het, ook ernstig gewaarsku het teen die verheerliking van geweld en die RPW aangemoedig het om by die groot beweging van geweldlose protes aan te sluit, was dit weer 'n blanke, Jonathan Leach van Natal, wat kwaai moes deurloop omdat hy die gewapende stryd as 'n Pinkstermoontlikheid verwerp het. Hoewel daar nie sprake was van 'n anti-blanke gesindheid nie en hoewel die oorgrote meerderheid van die afgevaardigdes baie duidelik hulself binne die nierassige filosofie van die Charteriste vind, het die nuwe oplewing van Swart Bewussyn nie onbetuig op die konferensie gebly nie.

Aan die einde van die konferensie is die eenheid egter heeltemal herstel toe die afgevaardigdes 'n persverklaring eenparig aanvaar het.

In die persverklaring, wat deur die nasionale voorsitter - pastoor Japie Lapoorta - uitgereik is, bely die afgevaardigdes hul skuld aan die krisis in Suid-Afrika omdat hul "onbybelse konserwatisme" hulle gelei het tot 'n onkritiese aanvaarding van die status quo en soms selfs tot regse aktivisme. Die verklaring bely die afgevaardigdes se simpatie met die breë bevrydingsproses en beskou die verandering in die land as 'n teken van God se genadige ingryping, maar betreur die feit dat Pinkstermense die laastes was om dit raak te sien.

Pinksterpasifisme het skynbaar tog die harte van die meeste afgevaardigdes gewen. Die verklaring beloof steun aan alle vreedsame vorme van die stryd teen apartheid. Maar selfs die pasifiste het half ongemaklik gevoel oor biskop Joseph Kgobo se vraag: "Wat moet ek vir my seun sê as hy by Umkonto We Sizwe wil aansluit omdat al my kollegas se seuns militêre diens in die SAW verrig?"

Die verklaring doen ook 'n beroep op die regering om die moordenaars van politieke aktiviste aan te keer, die noodtoestand op te hef, politieke organisasies te wettig, vrye politieke deelname toe te laat en die doodstraf af te skaf.

Die positiewe van die konferensie was sekerlik die feit dat progressiewe Pinkstermense die eerste keer die geleentheid gekry het om hulle binne die Pinksterbeweging te bevry van politieke konserwatisme wat so dikwels as 'n inherente deel van die beweging gesien word.

Te midde van die geweldige harde konserwatiewe Pinksterstem - Kasa het inderhaas 'n Kaapse loodsingsvergadering in die sinodesaal gehou op dieselfde tyd as die RPW-konferensie - is daar minstens nou 'n beweging wat hom hierteen verset. Dit was ook 'n positiewe ervaring om te sien dat die beweging volwasse genoeg is om op belangrike punte soos geweld ernstig te verskil sonder dat die hele beweging inmekaar tuimel.

Daar is egter ook aangeleenthede wat beslis verdere besinning vereis. Tony Balcomb van Natal het in 'n persoonlike gesprek daarop gewys dat die Pinksterdenke nie op kritiese refleksie ingestel is nie. Daarom aanvaar Pinkstermense dikwels die status quo sonder om twee keer daaroor te dink.

Dit is egter 'n gevaar dat bewegings soos die RPW ook die stryd teen apartheid en uiteindelik 'n post-apartheidsregering ewe onkrities sal aanvaar.

Terwyl die Kairos-dokument 'n ingeboude kritiese houding jeens outoriteit het, het Pinkstermense - selfs die teoloë binne die RPW - geen kritiese raamwerk nie. Tekens van so 'n onkritiese houding was reeds by die konferensie te bespeur. Toe iemand gewaarsku het dat die Pinkstermense nie net by die politieke probleme van ons tyd moet vashaak nie, maar veral ook aan die ekologiese krisis aandag moet gee, het die voorsitter van die sessie die gesprek summier doodgesmoor deur te sê eerste dinge eerste.

RPW, het hy gesê, moet nou op die politieke situasie konsentreer. As vryheid eers gekom het, kan ander sake aangepak word.

Dit is nog te vroeg om die invloed wat RPW op die Pinksterbeweging gaan hê, te voorspel. Een ding is egter baie seker: die Pinksterbeweging sal in die toekoms nie meer per definisie as regs of bewaarders van die status quo gedefinieer kan word nie. Bewegings soos Kasa sal ook versigtiger met getalle moet omgaan.

As hul vyftien miljoen volgelinge by implikasie al die Pinkstermense in Suid-Afrika insluit, moet hulle by voorbaat die getalle afskaal deur al die simpatiseerders en lede van die Relevant Pentecostal Witness af te trek.

*(**Jan Brand** is die skuilnaam van 'n bekende teoloog van Namibia)*

Moenie 'n antwoord van die 'wetenskap' verwag nie!

TWEE probleme in die laaste Groenpraatjies is deur lesers van Vrye Weekblad onder my aandag gebring. Daardie gesprek het gehandel oor die debat tussen voorstanders van die "broeikas-effek"- en die "nuwe" ystydperk-teorie.

My antwoorde op dié vrae:

1. Die verbranding van steenkool is natuurlik net één voorbeeld van hedendaagse verbruik van fossielbrandstof. Olie en aardgas pas onder andere ook hier in; dus moes die woord "steenkool" in die artikel vervang word met die meer beskrywende term: "fossielbrandstof".

2. So ver ek weet is die Université Catholique de Louvain in België. Dr Genevieve Woillard het haar navorsing in 'n versteende stuifmeelbedding in die noorde van Frankryk gedoen. Swak sinskonstruksie kon moontlik die universiteit van Louvain in Frankryk geplaas het; ek nie!

Met dié probleme agter die rug kan 'n mens gerus weer kyk na die ooreenkomste en ander perspektiewe rondom 'n naderende ystydperk of broeikas-sindroom.

Eerstens moet 'n mens sê dat die broeikas-teorie tans in wetenskaplike kringe (die sogenaamde pro's) algemene steun geniet. Hulle bou op die gesonde basis van meteriologiese data wat sedert die begin van die eeu bruikbaar geraak het. Die projeksies wat hieruit ontstaan is as "wetenskaplike voorspelling" moeilik weerlegbaar.

Die tesis van ystydperk-ondersteuners is gebou op 'n sikliese verklaring van die (hoofsaaklik geologiese) geskiedenis van ons planeet. Die probleem is dus in 'n groot mate onafwendbaar. Hulle oplossings in die dilemma waarin ons ons tans bevind, is gegrond op 'n menslike ingryp in "natuurlike" prosesse. Projeksies wat hieruit ontstaan, vereis dus standvastige verdediging.

Die ooreenkomste lê in die algemeen aanvaarde opbou van CO_2 in die atmosfeer. Koolstofdioksied in die troposfeer verhoog jaarliks. Die verhoging is, sonder argument, toe te skryf aan die aktiwiteit van die mens. Deur verhoogde verbruik van fossielbrandstof word meer as die gewone hoeveelheid koolstofdioksied - dié uit 'n "natuurlike" aftakeling van plantmateriaal - in die lug vrygestel.

Die "hot-house"-mense sê dat temperature gevolglik globaal sal verhoog; met die gepaardgaande katastrofes. Die manne-van-ys sê dat dié profete die "natuurlike" oorsake van weerkundige wisseling asook die "geskiedenis" van die planeet verkeerd vertolk en dat 'n ystydperk die onmiddellike en dramatiese resultaat sal wees.

Die ander ooreenkoms is dan uiteindelik 'n gesamentlike vingerwysing vir ons gewone persoon-op-die-straat, dat "die mens" in 'n groot mate ver-

antwoordelik is vir wat ook al met ons gaan gebeur.

Maar ook 'n duidelike aanduiding dat ons op die ou end nie 'n "skoon" antwoord van die "wetenskap" kan verwag nie. Die een-of-ander openbaring of reddingaksie vanuit die "wetenskap" kan ons nou ook maar op ons magie skryf; en hoekom nie?

Is daar nog iemand wat wil opstaan ter verdediging van "die beskawing"?

'n Illustrasie: dit is van die dierbaarste ondervindings om tydens 'n ekologiese seminaar te hoor dat daar nog mense is wat die "oorlewing" van ons "beskawing" ten seerste op die hart dra. Die beweegrede vir só 'n betoog is ongeveer dat die wêreld nie dieselfde sou wees sonder die mens nie.

Afgesien van die onaanvegbaarheid van só 'n stelling, is daar blykbaar 'n wanopvatting dat die mens die een-of-ander noodsaaklike funksie het, wat ons hier op 'n deurlopende basis moet verrig. Die implikasie is dat mense wat hulle met bewaringsaksies besig hou, dit doen ter wille van menslike voortbestaan.

Dit is in ekologiese terme 'n argaïese gedagte. Indien die gedagte wat James Lovelock in sy Gaia-hipotese omskryf aanvaar word, is die mens nie in staat om "lewe" op dié planeet te vernietig nie. Hy is oortuig van die - hoofsaaklik negatiewe - impak wat die mens op die omgewing uitoefen, maar stel dit duidelik dat die mens hoogstens die atmosfeer en omgewing vir homself onaangenaam kan maak. Ons kan dus ons eie lewe (en ongelukkig ook soortgelyke lewensvorme) hier vernietig, maar daar sal altyd lewe in 'n "ander" vorm bestaan wat by alternatiewe en nuwe omstandighede kan aanpas.

Dit pas by sy beskrywing van die planeet en sy atmosfeer as 'n selfregulerende entiteit. Dit vereis ook 'n finale plasing van die mens en al sy plakkerasies direk binne die siklus van die natuur. Persoonlik vind ek dit 'n heel aanvaarbare gedagte. Dit is lekker om te dink dat byvoorbeeld die Falkland-eilande rustig sal bly voortbestaan lank nadat die mens nie meer hier is om te stry oor waar dié brokkies land nou eintlik hoort nie.

'n Holistiese beskouing van die natuur kan gerus veel wyer rondom die mens en sy kultuur geplaas word. 'n Mens wil nie sê dat ons 'n onbeduidende plek in 'n "groter geheel" inneem nie, maar wel dat ons geneig is om ons funksie in die Gaia-ketting té hoog te skat.

Wanneer daar gepraat word oor broeikas of ystydperk, is die finale gevolgtrekking dat ons besig is om natuurlike prosesse te versnel. Selfs ons besoedeling is "natuurlik". Of ons tot ons einde gaan kom in 'n ys- of broeikas, maak nie eintlik saak nie. Indien jy 'n ekologies verantwoordelike bestaan wil volg, behoort jy dit te doen omdat jy oortuig is van jou "natuurlike" plek in die geheel en nie omdat jy die mens van uitwissing wil red nie.

Die weerpatrone van die afgelope dekade is wêreldwyd die skrif teen die muur. Gaia laat nie met haar mors nie.

*(**Tienie du Plessis** is 'n grafiese kunstenaar en mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

Vrye Weekblad

Dis mos beter

Staatspresident FW de Klerk se besluit om 'n regter aan te stel wat die polisie se moordbendes moet ondersoek, was 'n wyse en verantwoordelike besluit wat ons heelhartig verwelkom.

Hoekom hy byna drie maande moes wag om dit te doen nadat hy aanvanklik gesê het 'n regter sal te lank neem, gaan ons verstand te bowe. Volgens alle aanduidinge het hy nou bloot die aanbeveling van die McNally-kommissie uitgevoer.

In elk geval is dit goed om 'n staatshoof te hê wat nie te hardkoppig is om terug te gaan op sy woord wanneer hy besef hy het 'n fout gemaak nie.

Dit is ook goed om te sien dat De Klerk dié keer vinnig opgetree het toe nóg 'n aangehoudene in sy polisiesel dood is en dadelik 'n geregtelike kommissie aangestel het.

Daar is nog nie heeltemal duidelikheid oor presies wat die Harms-kommissie se opdrag gaan wees nie. Sover lyk dit baie vaag.

Maar ons het baie vertroue in regter Harms en glo dat selfs al is daar 'n bedoeling om met 'n vae omskrywing sy ondersoek te beperk, hy dit sal kan oorkom.

Ons hoop ook regter Harms gaan dit moontlik vind om hom nie net, soos die opdrag skynbaar bepaal, te hou by moorde en staatsterreur wat op Suid-Afrikaanse grondgebied plaasgevind het nie.

Soos Vrye Weekblad herhaaldelik oor die afgelope maande berig het, het 'n groot deel van dié soort optrede in buurstate en selfs oorsee gebeur. Dié buitelandse optredes deur moordbendes van die polisie is net so 'n deel van die kanker as die moorde binnelands.

Ons glo die golf van protes wat ook veral in Afrikanergeledere teen die moordbendes ontstaan en Donderdagaand met 'n opmars 'n klimaks sou bereik, het veel bygedra om De Klerk van mening te laat verander.

Laat dit vir Afrikaanssprekendes wat glo in 'n regverdige, demokratiese toekoms 'n les wees: ons het meer invloed as wat ons dink. As Afrikaanssprekendes 'n slag opstaan en stem dikmaak, dan het dit wel 'n invloed op die regering.

En verskoon ons by Vrye Weekblad as ons die bors so 'n effe uitstoot. Ons dink ons volgehoue gegrawe en oopvlekking het ook bygedra daartoe dat 'n regter nou aangestel is. Dit was die risiko's werd, en ons hoop ons kollegas by ander koerante wat nie te gretig was om dié ondier in ons samelewing aan te pak nie, gaan nog tot ander insigte kom.

Vrye Weekblad beloof sy volle en aktiewe samewerking aan regter Harms en wens hom sterkte toe met sy belangrike taak.

Namibia

Dit is 'n verligting dat Swapo ingestem het om die klousules wat vir aanhouding sonder verhoor van mense wat as 'n "gevaar vir die staat" beskou word, uit die voorgestelde grondwet te skrap.

Dit was teleurstellend - en verbasend - dat 'n bevrydingsbeweging wie se mense oor jare onder dié soort drakoniese maatreëls gely het, dit in die grondwet van 'n vry en onafhanklike Namibia wou inskryf.

Vir ons in Suid-Afrika is daar ook 'n les in: skaf dié soort ondemokratiese en gevaarlike maatreëls geheel en al af en skep 'n nuwe kultuur van respek vir menseregte voordat ons 'n nuwe bestel kry waar die regering dalk in die versoeking gaan wees om al die Nasionale Party se slegte wetgewing oor te neem.

So sê hulle . . .

"**Ek's nie** jou meneer nie, ek's jou baas." - 'n AWB-lid by Boksburgmeer teenoor Paula Fray, 'n bruin joernalis van The Star.

"**Die doel** van die Kerk is om geregtigheid teweeg te bring. Geregtigheid moet geskied aan die armes en die verdruktes, en as die huidige stelsel nie dié doel dien nie, moet die openbare gewete bewus gemaak word om 'n ander doel te eis." - Ds CD Brink, NG predikant, in 1947.

"**There were** just a few people singing and dancing." - Mike Gatting, Engelse rebelle-krieketkaptein, oor die betoging in Kimberley wat in geweld ontaard het.

"**Soweto and** Verwoerdburg are different communities and I cannot expect to bring to Soweto the same schemes and designs I had for Verwoerdburg." - Piet Geers, aangewese stadsklerk van Soweto.

"**The mighty USA**, the leader of the free world, again took on a country of its own size and chalked up another smashing victory. After Granada, Libya and Panama, I wonder which country will be on the hit list next. Lichtenstein?" - Martin Borman van Thailand se reaksie op die VSA se inval in Panama in 'n brief aan Newsweek.

BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

FW moet begin met nuwe SA

Hendrik Jaars van Bloemfontein skryf:
Suid-Afrika is in 'n ernstige ekonomiese en politieke krisis vasgevang.

Die rede hiervoor is dat Suid-Afrika se Grondwet onprakties is: dit is gebaseer op ras en dit sluit die meeste Suid-Afrikaners uit. Ware dialoog is myns insiens die enigste oplossing. Alle verantwoordelike leiers moet 'n politieke en 'n ekonomiese klimaat skep wat 'n ware toekoms aan ons kinders en kleinkinders sal bied.

Die ekonomiese en politieke onsekerheid is die belangrikste oorsaak van wantroue en agterdog. Die Nasionale Party het daarin geslaag om vir meer as veertig jaar lank ons verskille uit te buit en het heelwat stemme gewen vir apartheid.

Dit lyk onmoontlik dat apartheid in ons leeftyd vernietig sal word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Wet op Bevolkingsregistrasie die meulsteen van apartheid is, want die hele driekamer-parlement is daarop gegrond.

As ons werklik eerlik is en ons hand in eie boesem steek, sal ons besef dat die noodtoestand sonder versuim opgehef moet word, die ANC en alle ander organisasies gewettig moet word, alle politieke gevangenes moet vrygelaat en alle apartheidswette moet onmiddellik geskrap word. Dan sal ons na die ware hart van die Nuwe Suid-Afrika reik wat ons graag wil hê.

Die vrylating van Nelson Mandela sal maar 'n klein gedeelte van dié werklikheid uitmaak.

Die slagspreuk "Gee FW 'n kans" was inderdaad 'n mislukking. De Klerk het hoeveel kanse al gehad, selfs tot onlangs nog met die "polisie-moordbendes".

Om lojaal teenoor 'n land te wees, is om dit lief te hê, te dien, en regverdiger vir almal te maak. Maar om apartheid te bevorder, is 'n valse soort trou.

Die tyd sal aanbreek wanneer 'n nuwe regering die huidige regering se foute sal uitlig - dan moet hulle nie vlug of swig nie. Daar is nog tyd om dit wat verkeerd is, reg te maak.

FW de Klerk praat al te lank van sy nuwe Suid-Afrika. Ons hoop dat dit ernstig bedoel word en dat hy spoedig daarmee sal begin.

Ag nee, Gatsha

Natuurliefhebber van Johannesburg skryf:
Verlede Sondag lees ek in James Clarke se omgewingsrubriek in die Sunday Star hoe mooi dit by die Sibaya-meer aan die Natal/KwaZulu-noordkus is, en dat 'n mens sowaar nog goedkoop blyplek ook daar kan kry.

Die plek val onder KwaZulu se Bureau on Natural Resources, en jy moet hulle net bel om te bespreek. Hy verskaf sommer die telefoonnommer ook.

Vroeg die volgende oggend begin ek bel. Dán is dit beset, dán is daar nie antwoord nie, dán gee hy so 'n la-a-ng besettoon, en later gebeur daar sommer net niks.

Ek bel later weer vir James Clarke om seker te maak. Ja-nee, dis die regte nommer. Na middagete sit ek maar weer my telefoontog voort. Uitendelik - sukses! Iemand antwoord luierig die antwoord en rammel 'n staatsdepartement se naam af.

Ek het net my waardering uitgespreek en begin verduidelik dat ek plek wil bespreek, toe die stem aan die ander kant sê: "Wrong department" en summier die telefoon neersit.

Ag nee wat, Gatsha. As dít is hoe doeltreffend jou burokrasie nou al is, daar in jou speel-speel-tuisland, dan weet ons nou nog beter vir wie om nié te stem in 'n demokratiese verkiesing nie.

Wie gaan nou tee maak?

Washington Irvine van Bellville skryf:
Ons president, FW de Klerk, het nie aan ons, die staandemaglede van die SAW, gedink toe hy die dienspligtyd vir nasionale dienspligtiges ingekort het nie. Ek wonder of hy besef hoeveel skade hy die SAW berokken.

Al die vertakkinge van die SAW maak in 'n groot mate op die vaardigheid en kennis van dienspligtiges staat. Dit is nasionale dienspligtiges wat ons impakstudies doen, rekenaars programmeer, aan ons tegniese vaardighede leer, die jongste navorsing prakties by verskeie departemente toepas en boonop nog ons tee maak.

Baie hoë offisiere verstaan nie die tegniese aspekte van die departement waarvan hulle die hoof is nie. Hulle is immers offisiere wat bloot in 'n militêre en, noem dit maar dissiplinêre sin van die woord, leiers is. Kom ons wees nou maar eerlik, baie van die mense wat die vaardighede het wat die weermag benodig, sit in die private sektor. Ons het hulle almal so lank as moontlik nodig.

Besef De Klerk hoeveel werk nou deur die staandemaglid self gedoen sal moet word?

Hy sit nou letterlik met 50 persent minder mense wat sy werk vir hom kan doen. En al is die dienspligtige nie hoogs opgelei nie, waar gaan ons nou genoeg troepe kry om ons wasgoed na die droogskoonmaker te neem, ons telefoonrekenings te betaal, Saterdag in ons tuine te werk, seëls op ons briewe te plak en vir ons grappe te lag?

Ek hoop werklik diensplig sal weer verleng word. Suid-Afrika het sy jong manne nodig. So lank as moontlik.

Sou Jesus eersteklas vlieg?

AG Janks van Johannesburg skryf:
The greatest section of our population is impoverished and with it comes the never-ending and necessary pleas for help - especially in the feeding of the black community, as endorsed by Operation Hunger and the African Children's Feeding Scheme.

Whilst the majority of donations come from the white sector, being the more affluent in our society, nevertheless the minions of the Church can do their bit in alleviating, in some small measure, the plight of the majority of our people:

And one of the ways of bringing in funds is for the Council of Churches to re-assess their thinking in their policy of air travel for eminent leaders of the Church, where, I believe, they travel First Class to different countries.

According to the African Children's Feeding Scheme it takes R33 to feed a child for six months. Eminent churchmen have recently visited Singapore, England, the USA and the Middle East travelling First Class, and if one takes the difference between Economy Class and First Class for four trips for four people, this works out at a saving of approximately R12 000.

This is a lot of money by any standards and I would think that these dignitaries should follow the tenets of their religion and in the true spirit of Christianity forego the luxury of First Class travel, for, after all, would Jesus have travelled First Class?

Watwo hare op die hande - Nelson sal moet hare op sy tande hê met Ma Winnie

As julle gedink het kleinlike binnegevegte kom net in wit politieke kringe in ons landjie voor, maak julle 'n bitter groot fout.

Vat nou maar die jongste geneuk tussen die eens gevalle, nou weer herrysende Moeder van die Nasie, Winnie Mandela, en die Release Mandela Commitee. Soveel van wheel en deal het Brolloks lanklaas gesien.

Winnie, sê die manne van die RMC, wil die hele vrylating van Nelson kaap en wurm haar nou oral in. As hulle op 'n plek kom om iets te reël, moet hulle maar hoor Winnie was al daar en het 'n ander reëling getref. En sy het g'n niks respekte vir die RMC nie - jak hulle sommer af want al wat sy wil doen, is om 'n politieke comeback te maak, sê hulle.

Winnie weer sê sy is darem Mevrou Mandela, en sy vrylating is ook 'n persoonlike en gesinsaak. En die RMC is glo "incompetent" met hulle reëlings.

* Dit gaan dalk makliker wees vir Nelson om wit en swart Suid-Afrikaners bymekaar te kry as om sy gesin in toom te hou...

Links is Tinus Horn se spotprent in Vrye Weekblad 'n paar weke gelede. Regs is Beeld s'n dié week. Nee, ons gee nie om nie. Ons het nog baie ander dinge ook wat Beeld by ons kan leer.

Keeping out of Harmse's way

Daardie toonbeeld van ewewigtige denke wat hom ten doel stel om inligting aan die land se inwoners oor te dra, die SAUK, het besluit sy eie werknemers is nog nie ryp genoeg om aan alle inligting blootgestel te word nie.

Die grootbaas, Wynand Harmse, was volgens die gefluister in die gange van die blou ivoortoring so die hel in oor 'n berig in die Vrye Weekblad - watter een, kon ons nie uitvind nie - dat hy die kiosk by die ingang na die hallowed portals van die staatspropagandamasjien verbied het om langer die koerant te verkoop. Maar Wynand is nie een vir small measures nie, toe verbied hy sommer die Weekly Mail en New Nation ook!

Toe ons gister die kiosk bel, sê die verkoopsdame skamerig ja, hulle het voorheen die koerante verkoop, "maar dis vandag gestop."

Hoekom so, wil ons weet? "Ons verkies om nie meer dié koerante aan te hou nie. Dis instruksies van bo af."

Van onse Wynand? "Ja, onder andere van meneer Harmse."

* En dis nou die mense wat die monopolie het op wat die volk mag hoor en sien...

Een boerie minder

'n Ou vrind van prof Willie Esterhuyse sê dié week Brolloks was weer heel onbetroubaar toe hy vir Willie 'n lid van die Travelling Willboeries gemaak het saam met Broederbonders Wimpie de Klerk en Piet de Lange.

Willie het glo 'n jaar of wat gelede al uit dié geheime organisasie bedank.

* Hoekom vind party ander dit dan nog so moeilik om pad te gee? Hê, Wynand?

Die stomp kant

Dié storie uit die Karoo het 'n diepe politieke betekenis wat elke leser maar vir homself moet uitwerk.

'n Man val in 'n put. Sy vriend wil hom uithelp, maar behalwe die lang, maer windhond was daar niks langwerpigs in sig om hom mee uit te trek nie. Die hond word toe maar kop eerste die put af gesak, maar nes die man halfpad uitgetrek is, byt die hond en dan laat los hy.

* Waarop hy vir sy maat skreeu: Kan jy nie 'n slag vir my die stomp kant aangee nie?

Soos Broeder Heyns cram Moeder vir haar finals

LIEWE Herrietjie, vrinde, die vreemdste siele sluit deesdae by die ANC aan! As daar al 'n lid was wat 'n onwaarskynlike lid van dié broederskap sou wees, dan is dit Dirk Coetzee, held van Suid-Afrika, soos Hendrik Hoffman, hoofprefek.

Kort op die hakke van die intrepid Coetzee volg Moeder, al is dit dan met kouer voete as hy. Seg Moeder die polieste kan mos nie 'n monopolie hê op die ANC nie, daar moet plek wees vir gewone, wetsgehoorsame mense ook.

Moeder redeneer dat haar eie sondes teen die struggle seker vergewe sal word as hulle die moordenaars van hul kamerade kan vergewe, en watter beter tyd as juis nou? Soos Broeder Heyns cram Moeder ook maar vir haar finals.

Squeeker

Nouja, dierbares, terwyl die sondaars teen die mensdom by die ANC beskerming aanvra, is die asemrowendste gedoentes aan die gebeur in die Moederstad (wat nie met Moeder verwar moet word nie, seg Moeder as daar dalk een stad is wat na haar vernoem kon word, dan is dit Koffiefontein waar 'n mens darem nog oor die straat kan stap as jy nie bang is om regs en links te kyk nie, om die beurt natuurlik, tensy jy mister Vlok is wat te alle tye alkant moet kyk).

Egbertus Klaagvoort

Dit lyk vir sommige oningeligte siele asof Vader Mandela dalk as tussenganger kan optree vir onderhandelinge tussen die ANC en die Skoon Administrasie. Seg Oswald dit lyk vir hom al te veel asof die regering so die kluts kwyt geraak het dat hulle nou as tussenganger optree vir gesprekkies tussen oupa Nelson en die ANC.

Klein Kobietjie moet so bontstaan om die aanstaande president se boodskappe te ontvang, te vertolk en oor te dra dat hy skoon vergeet het dat daar nog 'n regstelsel ook is waarna hy moet omsien. Foeitog, dinge gaan nie te maklik nie.

Daar is nou soveel skandale wat soos aasvoëls op die arme Skoon Administrasie toegesak het, dis te verstane dat almal van hulle nie regterlike kommissies van ondersoek haal nie: daar is eenvoudig net nie soveel regters nie.

Vra Moeder of 'n mens darem nie 'n regter nodig het om 'n speaker te ondersoek nie, as 'n gewone platvoetpolisieman hom ondervra, speak hy dalk nie. Maar voor 'n regter word die speaker dalk 'n squeeker. Nie dat hy natuurlik iets sal kan bydra nie, ver sy so 'n gedagte van Egbertus, julle ken mos die liewe EK.

Onvolmaakte liegkuns

Verlede week is nog nie koud nie, toe stroom die fan mail in vanuit Aucklandpark, bakermat van gebalanseerde beriggewing. Dis glo oor die onskuldige ou stellinkie dat they did not invent lying, they just perfected it. Lyk my ek was verkeerd, vrinde, en ek moet nederig apologie aanteken.

Hulle het inderdaad nog nie die liegkuns vervolmaak nie, maar hulle is druk aan 't oefen - en daarvoor moet 'n mens dankbaar wees.

Volmaak is hulle nie, want hulle is op alte sappige wyse deur die BBC uitgevang. Julle onthou seker hoe die SAUK jare lank al skaamteloos die skuld vir onrus op buitelandse mediamense pak. Nouja, nou weet julle hoe eerlik die spul was. Hulle moes dié week die BBC om verskoning vra vir so 'n aantyging, omdat hulle "totally untrue" was.

Nou wonder Miesies Klaagvoort: As daar apologie aangeteken moet word vir elke liegstorie en elke berekende lasterlikheid op TV, sou Natwerk elke aand tot minstens 11 uur duur, konserwatief geskat natuurlik. Hoe lank sou Moeder dan moes opbly om die Stem te kon aanhoor met die landsvlag in die agtergrond? Al wat kortkom is 'n Tretchikoff-traan. So 'n lekker vet Volksheld-krokodiltraan. Shame.

Mad dogs

Die krieket gaan nie ongesiens verby in die beskeie Klaagvoorts se resedensie nie. Die gekkespul om die mad dogs and Englishmen is om van te ween. Oswald het 'n sappige stukkie statistiek: negentig persent van mense wat in ons howe vervolg word, het geen regsadvies nie. Die Regshulpraad is magteloos, want hy het nie geld nie. Die begroting vir die kriekettoer kos ongeveer soveel soos die Regshulpraad se jaarlikse begroting.

Maar kom ons kyk na die opwindende Curriebekerfinaal wat soos 'n afgeleefde ou os met ewe afgeleefde Eugene Terre'Blanche op sy rug pynlik die 20e eeu moes binneproes. Vrinde, 'n waardige siel in wit flannels kolf tien ure lank, I kid you not, en maak elke uur 17 lopies. Weet julle hoe lank is tien ure?

In daardie tyd kon 1 200 babas gebore word in onse land, en dink net hoeveel verwek kon word, dit moet Broeder Malan se hare orent laat staan. Dink net hoeveel vroue kon in daardie tyd aanleiding gee tot verkragting, volgens Broeder Heyns se inligting. In tien ure kon Moeder seker gerieflik die 100 meter aflê, met 'n flying start natuurlik, en dit spreek vanself dat sy 'n anaboliese steroïede of twee sou moes inhê.

Moeder is so ontstoke oor die slegte krieket, seg sy dis al genoeg rede om by die ANC aan te sluit, dit lyk nie of free enterprise nou juis iets vir die gehalte gedoen het nie. En wat die young upstart betref wat diep spore op St Georgepark getrap het, seg sy die mannetjie kolf gans te links. Wag tot sy Joe Slovo sien kolf.

'n Laaste asempie oor die krieket: Het julle besef dat die polieste 'n skakelbeampte aangestel het spesiaal vir die kriekettoer? Dit spreek mos boekdele, vrinde, oor wat veronderstel is om 'n sport te wees.

Hamburger-beleid

Van free enterprise gepraat (en come to think of it, van Joe), dis mos te wonderbaarlik dat McDonalds, die wêreld se grootste en goorste verspreider van massavoedsel, nou ook in Moskou hamburgers gaan verkoop. Die goeie burgers van die mother country gaan gewis 'n culture shock beleef, om van sooibrand nie te brand nie.

Wys jou net wat detente kan vermag: Gemaalde vleiskoeke word die simbool van die samesmelting van oos en wes. Seg Miesies Klaagvoort dis duidelik dat pres Bush, van wie niemand nog eintlik gehoor het nie, sy weermagbegroting so drasties gesnoei het sodat hy die geldjies vir hamburgers kon aanwend.

Gryp jou dit aan, die Amerikaners kry dit toe reg om tot selfs 'n laer vlak te daal: 'n Buitelandse beleid gegrond op maalvleis.

Lock, stock en polieste

Met al die geld wat hy so eerlik en above board verdien het, gaan voormalige minister Du Plessis se seun nou vir hom 'n hele dorp koop. Lock, stock and barrel, hotel, kerk en polieste ingesluit. Dit het Oswald gaande.

Dae lank sit hy nou en tuur oor die blomkoolbedding, so asof hy 'n vaal vlakte onder oog het. Seg Oswald hy het lus om die ganse Vrystaat te koop, maar waar plant hy dan die aarbeie? Dis toe dat hy op Boksburg besluit. Die stadsklerk word behandel vir skok.

Pêllie-pêllie

'n Redelik onlangse beriggie kom nou net onder die aandag van Egbertus, en dit wil gedoen wees. Dis oor 'n gesamentlike verklaring, een van daardie cosy pêllie-pêllie gedoentes, wat Madam de Klerk se man en Lennox Sebe, daardie monument vir demokrasie, saam uitgereik het. Seg die tweetjies die tyd het gekom vir mense wat dieselfde waardes in Suider-Afrika deel, om saam te staan.

Nou watter waardes deel dié goeie maatjies altemit? Seg Oswald dit klink vir hom na 'n soort bekentenis. Mens kan dit net sowel uitbasuin dat jy die waardes van Sy Voormalige Edele A Ragsbanjo deel. Skoon roekeloos.

Schoon gewete

Brigadier Schoon (retired) en trawante van die beweerde hit squad-kultus beweer toe in die hof in Durban dat AK 47-gewere aan hul manskappe as dekmantel uitgereik is, sodat hulle na ware anti-christe kan lyk.

Dit herinner sterk aan Miesies Klaagvoort net voor die verkiesing van die Raad van die Koeksistergilde. Die stomme siel het toe Madame de Klerk se rival gilde geïnfiltreer, gewapen met 'n sissende koeksister, net vir cover, julle weet.

Die enigste verskil is dat die koeksister nie gelaai was nie. Gelaaide koeksisters kan jou doof maak.

Groei jou eie boom in 'n pot

PARYS - Bonsai, wat letterlik "bome in potte" beteken, het reeds vir meer as 'n dekade Europese tuiniers en stokperdjie-entoesiaste aangegryp.

Hoewel Bonsai "klaar gemaak" by spesialiteitswinkels beskikbaar is, kan enige mens met die kennis en geduld sy eie bonsai-bome met saad kweek. Dié soorte wat maklik vanaf saad gegroei kan word, sluit in Japanse esdoring, drietand-esdoring, swart denne, Skotse denne, perdkastaiing, kweper en lorkeboom.

Wanneer 'n voornemende kweker saad soek, moet hy of sy uitkyk vir bome wat baie sonlig en water verkies. Bonsai-sade wat in winkels verkrygbaar is, is dikwels gewone boomsade wat teen buitensporige pryse verkoop word.

Sade moet gestimuleer word om aan die groei te kom. Laagvorming is een van die mees algemene tegnieke wat vir dié doeleinde gebruik word.

Nadat die sade 'n paar dae teen kamertemperatuur laat lê is, word dit in die bodem van 'n yskas geplaas. Oor 'n tydperk van twee weke word die sade dan geleidelik na die hoër en kouer rakke van die yskas verskuif. Hierna word die sade weer oor 'n periode van twee weke geleidelik laer geskuif tot by die bodem. Nou is die sade gereed om geplant te word. Sade wat 'n baie harde omhulsel het, kan vir twee of drie dae in die vrieshokkie gehou word nadat hulle aan die veel kouer temperatuur van die yskas gewoond geraak het. Maar ook hier is dit belangrik dat die sade geleidelik weer aan warmer temperature blootgestel moet word.

Lente is die beste tyd om boomsade te plant. Sommige spesies sal egter eers in die laat-somer of vroeë herfs uitloop.

Kwekers moet seker maak dat hulle nie sade van verskillende spesies tydens die ontkiemstadium meng nie.

Die beste medium om bonsai-bome in te plant, is 'n gelyke mengsel van turf en riviersand. Die gewone saadbakkies moet driekwart volgemaak word. Nadat die saad geplant is, moet die kweker hulle met nog grond van dieselfde mengsel bedek. Dan moet die sade natgemaak word en die bakkies met 'n glasblad bedek en in 'n skaduryke plek gelaat word. Sodra die sade ontkiem, moet die glasbedekking gedeeltelik weggeskuif word. Verwyder die glas sodra die blare oopgaan.

Die plantjies moet gedurende die eerste twee of drie jaar toegelaat word om onverhinderd te groei voordat enige vorming gedoen word. Die plantjies kan in dié tydperk na afsonderlike potte oorgeplant word. Oorplanting word normaalweg in die lente gedoen. Dit neem ongeveer vyf of ses jaar om 'n bonsai-boom "te begin". (AFP)

Zen en bonsai

Die bonsai-kuns het die eerste keer in die koninklike tuine van China, ongeveer die derde eeu voor Christus, tot stand gekom. Die Chan-skool van die Boeddhisme het in die 13e eeu na Christus invloed in Japan verkry. Daar het dit as "zen" bekend gestaan. Dié lewensfilosofie, wat op die ideaal van "volmaakte leegheid" geskoei is, skryf voor dat alle blare en blomme wat die gedagtes kan verlei, gesnoei moet word. Slegs sand, rotse en mos is toegelaat om te groei - dié elemente waarin miniatuurboompies floreer.

KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

Persoonlik

Meegevoel
Wilma Oosthuizen.
Ons betreur die tragiese dood van Wilma. Jou bydrae tot NUSAS was baie waardevol en jy sal sekerlik gemis word.
Jou gees leef voort - HAMBA KAHLE
Meegevoel aan familie en vriende. Van NUSAS, SRC Durban, Pietermaritzburg, Rhodes, Wits, UCT, en Stellenbosch NUSAS local committee, SDS (Pretoria), CSG (Port Elizabeth)en IDASA.

Die Takhare vir Vrede sê deesdae moet jy hare op jou hande hê om kerk toe te gaan

Die Bleskoppe teen Apartheid sê hou poephol hou

Aankondiging:
Brett Hilton-Barber en Josie Grindrod gaan trou. Baie gelukkig. Niemand is swanger nie.

Werk

AGENTSKAP!!!
Buitelandse maatskappy soek 'n Suid-Afrikaanse agentskap vir die verspreiding van veiligheidsprodukte. Skakel (011) 485-1495

Experienced committed tutor needed for a Saturday Education programme in Pretoria. Subjects: English, Afrikaans, Maths, Science, History, Biology & Geography. Teaching through the medium of English. Please phone Jenny (011) 339-2392

Woonplek

Huis te deel met een ander persoon in Westdene, reg langs dam. R300,00 per maand. Bel 726-2285

Huis te deel in Kensington, Johannesburg
Ruim, ou gerestoureerde huis met tuin, bel Jeanet
by 614-8093 (h)

Gratis akkomodasie vir dame. Sakeman, veertigs, wewenaar, moeg van alleen bly. Bied gratis akkomodasie in groot huis/tuin/swembad/voltydse huishulp Northcliff-gebied aan jongerige, onverbonde, aantreklike, moderne, totaal ombekrompe dame (moontlik met klein kind) wat ook 'n onbeperkte, bevredingende, "totale" verhouding begeer. Skryf aan Die Adverteerder, Posbus 1849, Northcliff 2115

Stellenbosch: Demokratiese na-graadse studente of werkende persone met eie vervoer gesoek om kothuis op plaas te deel. R150 per maand, water ingesluit. Skakel (021) 992178

Orange Grove
Deel huis met swembad. Stil persoon. R550 en 'n klein kothuis (of werksruimte) R300. Bel Gwynne 487-1239 (h) of 836-2150/1 (w)

Nie-rokers om ten volle gemeubileerde huis in Brixton met een persoon te deel. R420 per maand. Eie badkamer, baie pakplek, TV, elektrisiteit en huishulp ingesluit. Beskikbaar vanaf 1 Februarie. Skakel 782-4716/7 kantoorure of 837-1358 na ure

Professionele "mixed couple" soek een of tweeslaapkamer-woonstel/huis vanaf 1 Maart. Maksimum R600 huur. Bel 633-2465 (w) of 648-2900 (h)

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkomodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

Gesoek: Soveel mense moontlik om so goedkoop moontlik te bly. Groot woonstel in Pretoria-Sentraal. Offer privaatheid op vir kontant in die sak. Verkieslik werkende persoon. Skakel Charles (012) 341-1170 uitbr 2180 (w) of 322-0478 (h)

Aangename tuinkamer in Ferndale, Randburg met eie badkamer en motorafdak. Ideaal vir student teen R250 per maand, water en ligte ingesluit. Skakel 787-9954 vanaf 4nm.

Dienste

Yoga stretch sessions. Active birth preparation sessions. Phone Meloma at (021) 478517.

Yoga Class - A garland posture. Ashtanga, Iyengar, Hatha, Tantra, Kundalini. Private tution available. Special classes for pregnant women. Please call Ushke at (011) 614-5398

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens.
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642 4345

Spesiale Aanbod:
Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

African Languages.
A Zulu language and culture course for beginners will be commencing from January 1990. The course comprises 12 consecutive Saturday mornings 9.30 - 11am, and meetings will be held in Parktown. All welcome. Phone Viv at 483-1572.

Visual art courses
Learning to see. Eye training to look at, shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297
after 5pm

Gebeure

Woensdag 24 Januarie - U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Lifegebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "Legacy Of A Dream" en "Martin Luther King, Jr - The Assassin Years". Almal is welkom

Die Johannesburgse Samye Zong verwelkom Arya Akong Rinpoche van Skotland. Rinpoche is die beskermheer van die Boeddhistiese gemeenskap in Suid-Afrika. Hy gaan 'n reeks lesings oor meditasiemetodes by die Teosofiese Vereniging, Streatlylaan 31, Auclandpark, aanbied: 15 en 16 Februarie om 8vm, 17 Februarie van 9vm tot 5nm, 18 Februarie van 9vm tot 12 nm. Vrydag 17 Februarie vanaf 9vm tot 5nm word 'n terapiekursus vir mediese praktisyne, terapeute en genesers by die Bobolink-kliniek, Sandhurst, aangebied. Vir verdere besonderhede skakel Hugh by 463-1484 (na ure) of Bronwyn by 782-2335

Mark

Rekenaar (PC) te koop. Kentech XT, 1 "Floppy"-aandrywing, 20 MB harde skyf-aandrywing, monitor en sleutelbord. Baie goeie toestand, R2 800. Skakel (012) 330-1154

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juwelersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

JACOB REGOP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: .....
Adres: .....
.....
..... Poskode: .....
Telefoon: .....

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Die WP moes heelwat vinniger gekolf het

'n ONBESLISTE uitslag is seker maar 'n gepaste einde aan 'n Curriebeker-seisoen wat net nie op dreef wou kom nie. Dit kon egter baie anders verloop het as die WP-kaptein, Lawrence Seeff, beter oordeel aan die dag gelê het.

Die wedstryd het sommer met die loting al in die guns van die WP geswaai, en stewige kolfwerk deur Gary en Peter Kirsten het die besoekers op die eerste dag in 'n baie gunstige posisie geplaas.Op die tweede dag moes die WP egter veel vinniger gekolf het as hy uit dié vroeë voordeel munt wou slaan.

Ter versagting moet 'n mens sê dat Seeff waarskynlik verwag het dat die blad van die derde dag af veel meer hulp aan sy draaiers, Dave Rundle en Andy McClement, sou gee as wat uiteindelik die geval was.

Die bal het wel teen die vierde dag by tye skerp van die blad af "gebyt", maar die OP het 'n skitterende teenvoeter hiervoor gehad in die kolfwerk van Kenny McEwan, wat 'n foutlose 101 onder dié moeilike omstandighede gemoker het.

So het hy, met die hulp van Dave Callaghan, Dave Richardson en Vlam Michau nie net verseker dat die OP die opvolgbeurt afweer nie, maar ook die WP se voorsprong tot 'n raps meer as 100 laat krimp.

Rod McCurdy en Tim Shaw het teen die einde ook lekker vasgeskop om die tiende paaltjie.

Diegene wat dalk wonder hoe die WP, wat vroeër in die seisoen so met die kolf gesukkel het, nou skielik in staat is om 500 te slaan, hoef maar net na die aanvangspaar te kyk.

Gary Kirsten vaar baie beter as Terrence Lazard, Peter Martin en Brian McMillan, wat vroeër vir dié belangrike taak gebruik is.

En met 'n stewige fondament om op te bou, kan Peter Kirsten, Adrian Kuiper en Darryl Cullinan deesdae hul houe speel eerder as om net te verdedig en te konsolideer.

'n Mens kan net hoop die Bekerstelsel word spoedig verander.

Daar is vroeër gesê die ou stelsel, waarvolgens die wenner bloot op grond van sy welslae in die Curriebeker-liga gekroon is, nie vir genoeg opwinding sorg nie, omdat dit gereeld gebeur het dat die kampioen vroeg in die seisoen al van die beker seker was.

Dit kon nouliks 'n groter anti-klimaks as 'n onbesliste eindstryd afgegee het.

Op die veld is 'Gentleman Jim' d e ene aggressie

"Een van die keurders het my 'n paar dae voor ek as kaptein aangewys is, opgebel en gesê hulle wil my kaptein maak. Ek was stomgeslaan en het gesê 'nee, julle maak 'n fout, Rice is ons beste kaptein', maar hy het volgehou dat hulle my wou hê."

Tinus Horn

IN beter dae was Clive Rice die soort kaptein wat 'n wedstryd heeltemal kon oorheers; as hy hom nie eiehandig met die kolf kon wen nie, het hy dit met die bal gedoen.

Sy opvolger, Jimmy Cook, verkies 'n meer subtiele benadering.

Net soos Ali Bacher, wat die Springbokke met soveel welslae in die 1969/70-reeks teen Bill Lawry se Aussies aangevoer het, glo hy 'n kaptein is maar net nog 'n speler, wat nie noodwendig 'n belangriker rol in die spanopset te speel het as enigiemand anders nie.

Omdat Cook nie die kapteinskap as 'n las beskou nie, meen hy dat sy kolfwerk glad nie deur dié nuwe verantwoordelikheid geraak sal word nie.

"Die feit dat dit ek is wat nou die loting doen en die besluite neem, het tog niks met my eintlike rol - die van toporde-kolwer - uit te waai nie. Dit is twee afsonderlike take en ek sal hulle as sulks benader."

Hy voel juis dat die kapteinskap 'n rol is wat liefs deur 'n kolwer vervul word.

"Boulers wat 'n span lei, is geneig om hulself òf te veel òf te min in te span. 'n Kolwer is in dié opsig meer objektief."

Die keurders se besluit om Cook bo Rice as kaptein aan te wys, is vandeesweek kwaai in al die dagblaaie gekritiseer; een rubriekskrywer het onomwonde verklaar dat hy duidelik nie toegerus is vir die taak nie, omdat hy nog net in 10 eersterangse wedstryde kaptein was.

Cook loop nietemin oor van selfvertroue.

"Ek speel darem al 18 jaar lank eersterangse krieket en ek ken die spel. Ek voel baie opgewonde oor die toetsreeks. Die kapteinskap is natuurlik 'n groot uitdaging, maar dit skrik my glad nie af nie."

Hy erken darem dat hy nie verwag het dat dié eer hom so laat in sy loopbaan (hy is 37) te beurt sou val nie.

"Een van die keurders het my 'n paar dae voor ek as kaptein aangewys is, opgebel en gesê hulle wil my kaptein maak. Ek was stomgeslaan en het gesê 'nee, julle maak 'n fout, Rice is ons beste kaptein', maar hy het volgehou dat hulle my wou hê."

Hy voel jammer vir "Ricey", maar merk op dat dié lot almal een of ander tyd tref. Peter Kirsten moes byvoorbeeld vir Rice as kaptein opsy staan.

Al waaroor hy effens bekommerd is, is die feit dat Suid-Afrikaanse spelers - en dit sluit hom in - min ervaring van vyfdaagse krieket het.

"Ek dink veral die kolwers sal hulself die hele tyd moet herinner dat daar geen haas is nie en dat groot beurte gebou moet word."

Hy is bly oor die feit dat die span se snelaanval uit jong manne bestaan, wat die lang skofte wat vyfdaagse krieket verg, maklik sal kan baasraak.

Die kaptein se benadering tot 'n toets verskil ook nie veel die aanslag wat hy in 'n driedaagse wedstryd volg nie.

"Die enigste verskil is dat 'n mens nie maklik jou beurt sluit nie. Dit skakel die kunsmatige uitslae uit wat 'n mens soms in die Curriebeker-reeks sien."

Hy meen dat hy dalk geneig sal wees om té aanvallend te speel, omdat hy van nature 'n avontuurlustige benadering verkies.

"Ek hou daarvan om te waag; om aggressief te speel. Op dié manier waarborg 'n mens regstreekse uitslae, wat immers die doel van die spel is."

Dit is opvallend dat Cook kaptein was in die enigste Curriebekerwedstryd wat Transvaall dié seisoen kon wen - en dit nogal teen die Curriebeker-kampioen, die Oostelike Provinsie.

Die feit dat daar 'n voormalige Bok-kaptein, Kirsten, in die span is, vind hy nie juis ontsagwekkend nie.

"Inteendeel, dit gee my moed. Met soveel ervaring waarop ek kan reken, kan ek nouliks 'n verkeerde besluit neem!"

Hy meen die wedstryde teen Mike Gatting se span sal wys dat Suid-Afrika oor 'n magdom talent beskik.

Cook en Allan Donald, wat verlede jaar in die Engelse graafskapreeks onderskeidelik die voorste kolwer en bouler was, het 'n groot bres vir SA krieket geslaan, maar volgens Cook weet die Engelse steeds nie hoe goed die Springbokke werklik is nie.

Soos 'n mens sou vermoed, speel sport 'n groot rol in die Cook-huishouding. Hier maak Jimmy sy seuntjies, Stephen (7) en Ryan (4) tuis touwys in die fynere kunsies van gholf.

Cook het veral verlede Julie groot lof ingeoes toe hy vyf honderdtalle in ses kolfbeurte vir Somerset behaal het.

"Vir mense wat hierdeur beïndruk was, het ek gesê; 'Julle moet vir Fothers (Cook se Springbok-aanvangsmaat, Henry Fotheringham) in aksie sien'."

Cook, wat die span saam met die Springbok-keurders gekies het, sê ouer spelers (soos die 41-jarige Rice) is nie goedsmoeds uit die span gelaat om vir jonger manne plek te maak nie.

"Ons het almal op gelyke voet teen mekaar opgeweeg. As daar daar byvoorbeeld 'n 35-jarige speler was wat beter as 'n 25-jarige speler was, het ons hom gekies. Maar waar twee spelers werklik goed teen mekaar opgeweeg het, is die jonger speler ingespan."

Hy glo die span is beslis verteenwoordigend van Suid-Afrika se krieketkrag. "Dis ons beste spelers, en onder hulle is 'n hele paar wat hul plek deeglik in wêreldkrieket sal kan vol staan. Ek weet dit en hulle weet dit. Nou moet hulle dit bewys."

Vrye Weekblad

*Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
*Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
*Die telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg, 2033.
*Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

Bl 23: Ontmoet die nuwe Bok-kaptein

Waar's Rice?

Springbokke lyk nogtans te sterk vir rebelle

Berigte deur Tinus Horn

CLIVE RICE se uitgesprokenheid oor veral die Kepler Wessels-vraagstuk - en beslis nie tekortkominge in sy mondering as krieketspeler nie - het hom sy plek in die Springbokspan gekos wat volgende naweek op die Wanderers teen Mike Gatting se Engelse rebelle in die eerste van twee toetse speel.

Dis 'n skande dat Peter van der Merwe en sy medekeurders so kleinlik kon wees om toe te laat dat 'n persoonlike vete hul oordeel beïnvloed.

Hulle sou Roy Pienaar, wat Rice se plek op die kolflys kry, se goeie vertonings in sy laaste drie beurte vir Transvaal as verskoning vir hul skokbesluit kon gebruik, maar hulle moenie verwag om enigiemand te flous nie.

Self noudat Rice nie meer werklik 'n faktor as bouler is nie, vervul hy 'n veel groter rol as net dié van middelkolwer (en hy was immers derde op die lys van kolfgemiddeldes in die Curriebeker-reeks).

Rice beskik oor eienskappe wat min sportmanne beskore is; Peter Kirsten noem dit 'n "presence", en dit kom daarop neer dat hy die vermoë het om die wedstryde waarin hy speel, heeltemal te oorheers.

Benewens Rice se weglating lyk die span sterk; om die waarheid te sê, veels te sterk vir die toerspan, wat glad nie oortuig het in sy wedstryd teen die Suid-Afrikaanse Universiteitespan nie.

Gelukkig is die gerugte dat Henry Fotheringham ook die trekpas sou kry, verkeerd bewys. 'n Mens kan aanvaar dat Cook, wat saam met die keurders vergader het maar nie kon stem nie, sterk voorbrand vir sy ou aanvangsmaat, vir wie hy 'n hoë agting as kolwer het, moes maak.

Kepler Wessels sou ook die beurt saam met Cook kon begin, maar kan net so 'n groot rol op nommer drie of vier speel, waar hy weer deesdae vir die OP kolf.

Hy verdien sy plek in die span. Dit is net jammer die polemiek om sy insluiting het Rice van 'n plek beroof.

Peter Kirsten het ook in die Curriebeker-eindstryd bewys dat hy ná al die jare nog pure Springbok is. Die honderdtal wat hy in die eerste beurt aangeteken het, én sy 42 in die tweede, het die merk van 'n ware meester gedra.

Pienaar se enigste goeie beurte vanjaar is op die makste van mak kolfblaaie behaal, maar veral in Transvaal se laaste beurt het hy weer die selfvertroue ten toon gestel wat drie jaar gelede aan hom sy Springbokkleure besorg het.

As houespeler ken hy nie sy gelyke nie. As hy nie so opwindend soos byvoorbeeld Adrian Kuiper lyk nie, is dit vanweë die groot gemak waarmee hy die bal slaan.

Sy insluiting bewys net weer watter groot invloed vorm op spankeuses uitoefen. 'n Maand gelede sou hy nie die span geruik het nie (dieselfde geld Brian McMillan, wat as alsydige speler, maar veral as derde naatbouler, die paal gehaal het).

Daryll Cullinan kan homself ongelukkig ag dat hy nie plek in die span kon kry nie en Kenny McEwan se briljante honderdtal in die eindstryd op 'n blad wat vinnig besig was om te verweer het 'n mens laat wonder of die keurders kan bekostig om hom oor die hoof te sien.

Kuiper se insluiting was heeltemal te wagte. Hy is skitterend op dreef en hou dalk die grootste bedreiging vir die Engelse boulaanval in. Dat hy waarskynlik eers op nommer ses sal kolf, onderstreep die groot diepte waaroor die Bokke in dié afdeling van die spel beskik.

McMillan het verlede week uit die bloute sy vorm herwin en hoewel hy nie in die Curriebeker-eindstryd met dieselfde vuur geboul het nie, kan 'n mens daarop reken dat hy veel gevaarliker op die Wanderers - sy ou jagveld - sal wees.

Ray Jennings is dalk 'n bietjie gelukkig om as paaltjiewagter bo Dave Richardson van die OP ingespan te word. Laasgenoemde is ongetwyfeld 'n meer betroubare kolwer, maar Jennings se akrobatiese vang- en stonkwerk het stellig in sy guns getel.

Vir die eendagwedstryde sal Trevor Madsen van Natal 'n beter keuse as Richardson of Jennings wees, omdat hy baie vinnig lopies kan aanteken.

Die wegbreekbouler Dave Rundle is 'n goeie keuse as draaier. Anders as Tim Shaw, 'n ortodokse linksdraaier met wie hy om 'n plek meegeding het, boul Rundle deurentyd aanvallend en oes paaltjies in.

Shaw is wel meer akkuraat en hou die lopietempo laag. Om dié rede kan 'n mens verwag dat hy in die eendagwedstryde sal speel.

Richard Snell se insluiting is ietwat van 'n verrassing. Van lyn en lengte kan jy hom niks leer nie, maar hy is nie so venynig soos Tertius Bosch van Noord-Transvaal of Trevor Packer van Natal nie.

Die keurders het waarskynlik gemeen dat een werklike vinnige skokbouler wat af en toe die kluts kwytraak meer as genoeg is, en met Allan Donald volstaan.

Die span is: Jimmy Cook (kaptein), Henry Fotheringham, Kepler Wessels, Peter Kirsten, Roy Pienaar, Adrian Kuiper, Brian McMillan, Ray Jennings, Dave Rundle, Richard Snell, Allan Donald.



Clive Rice, wat binne die bestek van vyf dae die Springbokkapteinskap en sy plek in die span kwyt is.

'Bontes betaal duur vir dié flaters

WAHL BARTMANN se bevestiging verlede week dat hy klaar is met rugby in Transvaal en voortaan vir Natal beskikbaar sal wees (soos wat Vrye Weekblad reeds in November berig het) is die regstrekse gevolg van die swak behandeling wat spelers in Transvaal ontvang.

Dit is 'n kwaai slag vir Rooibont-rugby.

Bartmann is aan die einde van verlede seisoen verrassend weggelaat uit die Rooibontes se uitsoekspan, glo op aandrang van die unie se voorsiter Louis Luyt. Bartmann het kwansuis te stadig geword en is deur Francois Pienaar van RAU vervang.

'n Mens sou moeilik regverdiging vir Bartmann se besluit kon vind as dit bloot uit reaksie op sy weglating was. Sy ontevredenheid met die Transvaalse rugbyadministrasie kom egter al 'n lang pad.

In 1986, toe Bartmann van sy beste rugby gespeel het, moes hy en Pote Fourie (wat sedertdien Noord-Transvaal toe is) vir Transvaal se B-span speel.

Die destydse afrigter, Pa Pelser, is in 'n middagblad soos volg oor die saak aangehaal: "Natuurlik weet ek Wahl is ons beste flank. Maar wie moet ek weglaat om vir hom plek te maak?"

Dit is dié soort logika wat keurders 'n slegte naam gee.

Gelukkig vir Bartmann is hy nader geroep vir 'n "wêreldspan" wat 'n speler kort was om teen Transvaal te speel. Hy het die Rooibont-flanke (Charles Pieterse en Andries Fourie) heeltemal oorskadu en is grootliks op grond van dié vertoning vir die Springbokke gekies om teen die Nieu-Seelandse Kavaliers te speel.

Toe Transvaal in 1987 teen Noord-Transvaal in die Curriebeker-eindstryd verloor, het Luyt die skuld vir die nederlaag op Bartmann en die slot Daan Badenhorst gepak. Toe wou Bartmann al loop, maar is met moeite omgepraat om te bly.

'n Mens kan net hoop dat dié duur les ter harte geneem sal word deur die Transvaalse administrateurs, wat glad nie bekend is vir goeie spelerverhoudinge nie.

John Robbie se uittrede kan byvoorbeeld gekoppel word aan die feit dat Garth Wright uit die Oostelike Provinsie "ingevoer" is ten spyte van die feit dat Robbie in daardie stadium skitterend op dreef was.

Daar is natuurlik ook 'n interessante storie agter Wright se besluit om die OP te verlaat.

Dit is maar een van die terugslae wat die OP getref het as gevolg van die feit dat die Sprinboksenter, Danie Gerber, toegelaat is om aan keurders te dikteer wie hulle mag kies en wie nie.

Nadat sy klub, Despatch, soveel welslae by Toyota se klubtoernooi behaal het, het, was Gerber se gedrag onuithoudbaar. Hy het hom by 'n geleentheid selfs aan die span onttrek omdat Jan Terblanche as flank ingespan is in die plek van Gerber se destydse klubmaat, Pote Human.

Gerber se grootste vetes was egter teen Wright en die haker Andrew Paterson, wat later Westelike Provinsie toe is. Gerber wou twee Despatchers, Mynhardt le Roux (skrumskakel) en Coenie Strumpher in die span hê.

Hy het sake so moeilik vir Wright-hulle gemaak, dat hulle geen ander uitweg gehad het as om te verhuis nie.

Gerber is natuurlik deur die toets van die tyd verkeerd bewys; Paterson is deesdae Suid-Afrika se reserwe-haker en 'n man wat in die volgende jaar of twee nog 'n groot bedreiging vir Uli Schmidt kan inhou, terwyl Wright verlede jaar nog vir die Springbokke uitgedraf het.

Nie Le Roux of Strumpher kon die OP-span sedert Wright-hulle se vertrek gereeld haal nie.

'n Mens kan nie altyd die trekvoëls verkwalik nie. Hulle soek gewoonlik met goeie rede vir hulle 'n nuwe heenkome.

VRYE
Bylae tot Vrye Weekblad 2 Februarie 1990

Onder redaksie van ANDREA VINASSA

Die mitologisering van die oorlog



Herken u dié kêrels? Dis Willem Dafoe en Tom Cruise in Oliver Stone se jongste prent, "Born on the Fourth of July".

Dans, kerk en werk

Fred du Preez, Deon du Biel en Dirk Winterbach is Draadloos, 'n nuwe rockgroep wat pas hul eerste kasset, "Dans, kerk en werk" by Shifty uitgereik het. Du Biel is 'n meester van die mengtafel en dié satiries, speelse musiek toer met tegnologiese vernuf deur Boeremusiek, reggae en rock om 'n eiesoortige klank voort te bring. Skakel Draadloos aan en hoor "Glansende genot":

Glansende genot
is 'n revolusionêre kousbroekie deur Labia.
Gryp die wegbreekkansie van jou lewe.
Glansende genot
ontvlug na die plesiersones.

Foto: Ryk Hattingh

n Terugblik op die toekoms

ANDREA VINASSA

VIëTNAM en die nasleep van die oorlog is nog lank nie 'n ding van die verlede nie. Trouens, Viëtnam is nou 20 jaar ná die gebeurde 'n onuitwisbare deel van 'n universele rolprenttaal. As 'n karakter sê: "I was in Nam... " hoef hy nie verder te praat nie. Hy het vir homself 'n kitsgeskiedenis opgetower in die geestesoog van die kyker.

Van "Apocalypse Now" tot "The Dear Hunter" tot "Platoon"... elke draaiboekskrywer het, met behulp van baie kunsmatige bloed, spesiale effekte en hartstogtelike musiek, hul deel skouspelagtig, sinies of soetsappig bygedra tot die mitologisering van die oorlog.

Min draaiboekskrywers het aandag gegee aan die minder dramatiese bedrywighede van die diensweieraars en dié wat van die begin af teen die oorlog geprotesteer het. (Verlede jaar het 'n beskeie klein fliek, "1969", die onderwerp aangepak.)

Sydney Lumet se "Running on Empty" fokus op die kinders van die Viëtnamgeslag wat nou so oud is soos hulle ouers toe hulle oorlog toe is.

Arthur (Judd Hirsch) en Annie Pope (Christine Lahti) was in die sestigerjare aktiviste. Arthur is die afstammeling van Joodse Bolsjewiste, Annie die dogter van gewone middelklasouers, die soort wat die oorlog ondersteun het.

Arthur en Annie het hulle afkeer aan die oorlog uitgespreek deur een van die Amerikaanse regerings se napalm-fabrieke op te blaas. 'n Opsigter is per ongeluk in die ontploffing beseer en die Pope's het op die FBI se "10 most wanted"-lys beland. Hulle leef nou, ter wille van hul twee seuns, reeds vyftien jaar lank ondergronds.

Arhtur en Annie het daarin geslaag om die gesin bymekaar te hou, maar Danny (River Phoenix) is sewentien jaar oud en moet op skool allerlei verskonings uitdink waarom hy nie, soos sy makkers, aansoek kan doen om universiteit toe te gaan nie.

Dis nie die eerste kaar dat Lumet dié tema - kinders wat moet boet vir die handelinge van hul ouers - aanpak nie. Minder suksesvol was "Daniel", sy verwerking van EL Doctorow se "The Book of Daniel" wat losweg gegrond is op die ware verhaal van die Rosenberg-gesin.

Die woede en frustrasie van die kinders van twee kommuniste wat weens hoogverraad ter dood veroordeel is, is die dramatiese grondstof waarmee Lumet in "Daniel" gewerk het. Die prent was skokkend en ontroerend en het iets probeer sê oor hoe die kinders berus by hul ouers se dood. Maar dit was 'n ideologiese gemors en ek wag nou nog dat iemand die verwarring ontrafel.

"Running on Empty" is 'n ander saak. Dit lyk soos 'n "low-budget"-prent. Elke sin dialoog is oortuigend, elke gebaar is deurdag. Soos met "The Sandwich Years" slaag "Running on Empty" weens onderbeklemtoning. Ten laaste het Lumet vrae gevra oor die langtermyn-gevolge van politieke aksies en die gebruik van geweld in revolusies.

River Phoenix se vertolking van Danny verhef die prent van 'n goeie familie-drama na 'n uitsonderlike een. Hy lewer uiters aangrypende spel as Danny... hy speel hom as 'n onderduimse, stil, lomperige kind. Dat hy leer klavierspeel het op sy ma se oefenklavier ('n klawerbord wat geen geluid maak nie), is 'n geskikte en subtiele metafoor vir sy gemoedstoestand.

Danny se besef dat hy 'n belowende pianis is - ironies is sy pa 'n liefhebber van rock-musiek en verafsku hy Danny se elitistiese klassieke musiek - dompel hom in 'n verskriklike dilemma... as hy 'n eie identiteit wil vestig sal hy sy ouers moet verlaat en hulle waarskynlik nooit weer sien nie. Praat van 'n tranedal...

"Running on Empty" draai nou in Metro-Teaters.

Norman Jewison se "In Country" speel ook lank na die oorlog af. Dit handel oor die soektog van 'n tienermeisie na inligting oor haar pa en is gegrond op Bobbie Ann Mason se roman. Hy het voor haar geboorte in Viëtnam gesterf en sy dwing haar oom (haar pa se broer word deur Bruce Willis en 'n paar interessante snorre gespeel) om die oorlog te herleef al het hy die ervaring reeds "begrawe".

"Dié prent versit grense omdat dit handel oor herinnering en ervaring. Tot dié land die oorlog in die gesig staar, sal ons nog agteruit die toekoms in loop," sê Frank Pierson, die draaiboekskrywer.

Viëtnam-flieks raak meer omvangryk en verwikkeld, maar verdwyn sal hulle nie. In die nabye toekoms (dis nou ná die Oscars) kom Brian DePalma se "Casualties of War" en Oliver Stone se "Born on the Fourth of July". Stone het al 'n rowwe draaiboek vir sy volgende een.

Wanneer die persnotas vir 'n prent aankondig "Moord is moord, selfs tydens oorlog", weet jy daar wag 'n grootse moraliteitspel of 'n klassieke tragedie op jou. "Casualties of War" is albei.

Die ontvoering, verkragting en moord op 'n Viëtnamese meisie is die brandpunt van "Casualties of War". Dit is gegrond op 'n ware verhaal - die storie is in 1969 in The New Yorker gepubliseer - en die draaiboek is geskryf deur David Rabe (die skrywer van Robert Altman se "Streamers").

Die ontvoering, verkragting en moord op 'n Viëtnamese burgerlike is die brandpunt van "Casualties of War". Dit is gegrond op 'n ware voorval - die storie is in 1969 in The New Yorker gepubliseer. Die bekroonde dramaturg, David Rabe, skrywer van Robert Altman se "Streamers" het die draaiboek geskryf.

"Casualties of War" is 'n uitmergelende, kloustrofobiese en meedoënlose prent deur die regisseur wat beskou word as die meester van die moderne spanningsprent en die man wat Robert de Niro ontdek het. Brian DePalma, oftewel Alf Hitchcock se kleinboetie, pas al die tegnieke wat hy in "Carrie", "Dressed to Kill", "Scarface" en "The Untouchables" geskaaf het, op sy jongste vrystelling toe.

Van die openingstoneel, 'n bloedige nagkontak waarin die bad guy (gespeel deur Sean Penn as Marlon Brando) die good guy (Michael J Fox as 'n uitstekende ernstige akteur) se lewe red, skep DePalma 'n onhoudbare stemming van spanning soos net hy kan.

Maar dié toneel is net by wyse van lokaas, want dis nie lank nie of DePalma laat jou weet daar word afgestuur op 'n Stryd tussen Goed en Kwaad. Eriksson (Fox) is die "cherry", die nuwe soldaat in die peleton, en weier om sy beginsels prys te gee al sou dit sy lewe in gevaar stel. Tony Meserve (Penn) is sy sersant, 'n ou man, en die aanstiger van die ontvoering van die meisie. Dié twee kom soos gladiators teen mekaar te staan in die groot Arena van die Gewete.

Dat 'n mens deurgaans aangegryp word deur die gebeure, getuig van De Palma se meesterlike manipulasie van die medium... omdat daar geen dubbelsinnigheid rondom die karakters se morele keuses is nie. Meserve is 'n gewetenlose moordenaar en Eriksson is 'n engel. Daar is uitdruklik geen verskoning vir die morele verdorwenheid waarin die soldate verval het nie. Goed oorwin en die gehoor kry die versekering dat die misdadigers geboet het vir hulle misdryf... wat geensins 'n uitgemaakte saak is nie. Op simboliese vlak, natuurlik, verteenwoordig die verkragte meisie die verkragting van Viëtnam, en die prent suggereer op 'n manier dat daar vir die talle misdade geboet is.

Die regisseur en draaiboekskrywer, Oliver Stone, het vir die tweede keer in sy kort loopbaan as rolprentregisseur die voorblad van Time Magazine gehaal. Met nog 'n Viëtnamfliek. "Born on the Fourth of July" is gegrond op 'n roman deur die paraplegiese veteraansoldaat Ron Kovic. Stone wou eers 'n prent oor sy eie ervaringe ná die oorlog gemaak het, maar het besluit op Kovic s'n omdat syne "wyer implikasies had as myne".

Hy sê ook dis die tweede aflewering in 'n trilogie. Dit is twee en 'n half uur lank en strek oor 25 jaar van Amerikaanse geskiedenis.

Dit is 'n omvangryke prent wat gebruik gemaak het van kenners op elke gebied: die oud-Marine Dale Dye speel 'n kolonel en die aktivis, wyle Abbie Hoffman maak sy verskyning by 'n betoging teen die oorlog. Hoffman het inligting oor die jare sestig verskaf... Stone was nie in Amerika om dit te sien nie, hy was in die oerwoud.

Seker die noemenswaardigste aspek van "Born on the Fourth of July" is Tom Cruise se vertolking van Kovic. Nog voor hy begin werk het aan "Rain Man" het hy besoek afgelê by Kovic, hospitale en rehabilitasie-sentrums om die lewe van 'n parapleeg akkuraat te kan uitbeeld.

Kovic, 'n Marine, sê "Marines is almal vrywilligers. Ons het ander beweegredes, ons praat anders, ons tree anders op as soldate wat opgeroep is." Ná die oorlog was hy werksaam in die organisasie Vietnam Veterans Against the War en 'n leier in die beweging vir Veterane-regte. Hy is beroemd vir sy protesaksie voor die Republikeinse Konvensie in 1972. Stone is in 1967 as deel van 25 Infanterie-divisie en die Eerste Kavalerie-divisie Viëtnam toe. Hy is twee keer gewond en het die Bronze Star en 'n Purple Heart with Oak Leaf Cluster ontvang.

Halumi, halva en olywe van Pilaros

OMTRENT 'n jaar gelede het ek die voorreg gehad om kennis te maak met die wonderlike kase van Cremona and Sons naby Krugerdorp. Tot my skande moet ek sê dat ek nog nooit terug was om weer hul kaas te gaan koop nie.

Hulle kaas was een van my gastronomiese hoogtepunte sedert ek einde 1988 uit die Kaap in Johannesburg aangekom het, baie beter as die oorgrote meerderheid restaurante waar ek duisende rande se middelmatige kos in my keelgat afgegooi het.

Binnekort gaan ek weer vir die Cremonas kuier. Ek verlang na hulle kaas soos mens verlang na 'n wonderlike wyn wat jy een keer gedrink het en nie kan vergeet nie. Die betowering bly ná jare maar ek is nie van plan om jare te wag voordat ek weer 'n draai daar maak nie.

Ek skryf oor Cremonas omdat ek onlangs nog 'n kaasmaker reg in die hartjie van Mayfair ontdek het. Die kaasfabriekie, wat nie veel groter as 'n tuisnywerheid is nie, het 'n heerlike naam: Pilaros Greek Cheese. Die adres is Queensweg 44.

Jy gaan koop jou kaas agter in die fabriekie langs die groot houers van vlekvrye staal waar die prosesse aan die gang gesit word om van melk iets heeltemal anders te maak.

Ek het nou maar 'n swakheid vir plekke soos hierdie. Die eienaar, Andrew Theocharous, se vrou bedien jou (ek het ongelukkig haar naam vergeet).

Op die tafel staan olywe in bottels en daar is ook halva, daardie heerlike Grieks-Turkse "sweetmeat" (dit het niks met vleis te doen nie) wat van semolina, sesaamsade, 'n stroop, kaneel en een of ander geroosterde neut gemaak word. Hier het ons die keuse gehad tussen amandels en haselneute, en ek het 'n stuk amandel-halva gekoop. Halva is 'n heerlike lekkergoed, of sou mens dit gebak kon noem? en ek en my vriende Miemie en Ferdi het baie lekker daaraan geëet.

En die olywe? Dit is waarskynlik die spotgoedkoopste olywe op die mark. Miemie het al vantevore daar olywe gekoop en sy het haar daaraan ooreet. Die olywe is nie mooi nie. Dit lyk soos rosyntjies, maar proe daaraan en jy begin dit eet soos druiwe. Het jy al van olywe gehoor wat met kruie behandel is? Ek weet nie watter kruie hulle alles daarin gegooi het nie, maar een het duidelik uitgestaan: tiemie.

Jy koop vir jou 'n massiewe bottel met seker amper twee liters olywe vir net R19. Vergelyk dit met die prys van klein hoeveelhede (dikwels swak) olywe wat in supermarkte te koop is en jy besef: hier is die winskoop van die jaar.

Ek het ses soorte kaas gekoop: beleë pecorino, jong pecorino, provolone, feta, cascavalo, halumi en ook geproe aan parmesaan wat Miemie daar gekoop het.

* Pecorino. Die beleë pecorino was redelik eetbaar, maar die jong pecorino was 'n bietjie dun om die lyf. Dis 'n cheddar-agtige kaas. Toe ek oor die Cremonas geskryf het, het ek gesê hul pecorino het my nie beïndruk nie. Miskien is pecorino nou maar net nie my soort kaas nie.

* Feta (wat jy altyd in Griekse slaai kry). Feta is basies maar maaskaas wat sterk gesout en in sterk pekelwater ingelê word. Hierdie feta het baie meer na maaskaas gesmaak, waarskynlik omdat ek dit eers 24 uur later geëet het en dit toe reeds geruime tyd uit die pekelwater was.

* Provolone. Dis 'n Italianse beesmelkkaas wat vars geëet moet word, en ou provolone is blykbaar uitstekend om mee te kook. Ek was nie beïndruk met hierdie kaas nie. Theodora Fitzgibbon sê in The Food of the Western World dat provolone 'n "earthy tang" het, maar ek het baie min daarvan in Pilaros se kaas bespeur. Dis 'n kaas met 'n ylerige, surerige smakie.

* Cascavalo. Fitzgibbon beskryf só hoe hierdie kaas gemaak word (net om te illustreer kaasmaak is nie eierbak nie): "It is a ewe's milk, plastic-curd cheese made in Rumania, Serbia, Macedonia and Bulgaria. It is curdled with rennet, and the curd drained, then put in a cloth and matured until it becomes elastic, whereupon it is heated.

"After this it is put in metal cans, cooked in water, and then worked like a bread dough. It is then formed into spherical shapes weighing about 6 pounds. These are put into wood or metal moulds, washed with whey, dried, rubbed frequently with salt, and cured."

Dis 'n kaas wat lyk soos 'n vet mannetjie met 'n klein koppie. Dis 'n harde kaas wat jy moet kou en dit was te sout na my smaak. Ek kan nie sê ek hou daarvan nie.

* Halumi (uitgespreek galumi). Dis 'n braaikaas wat blykbaar baie gewild is onder vegetariërs. Miemie sê sy weet van vegetariërs wat sommer groot emmers daarvan by Pilaros koop en as ander mense vleis braai, braai hulle kaas op die rooster. Anders plaas jy dit doodeenvoudig met 'n bietjie botter in die pan en braai dit stadig.

Ek dink dit is Pilaros se beste kaas. Dis 'n baie sout kaas omdat dit ook in pekelwater lê, maar dit het baie smaak en is baie lekker as dit gebraai is. Dis 'n taai kaas wat jy moet kou. Mevrou Theocharous sê mens moet dit met vars pita-brood en koel tamaties bedien. Ek dink ek sal 'n bietjie olyfolie oor die brood smeer.

Ferdie het voorgestel dat mens dit met 'n goeie konfyt eet, en die sout en die soet gaan goed saam. (Sommige puriste sal miskien flou word as hulle dit lees.)

* Parmesaan. Die parmesaan was effe beter as die gemiddelde fyngemaalde parmesaan wat jy in supermarkte koop, wat gewoonlik van baie lae gehalte is. Pilaros se mense moet by die Cremonas gaan leer parmesaan maak. Ek het oor hul parmesaan geskryf dat dit 'n vrugtige smaak het - nartjies, lietsjies of pruim, maar ons kon nie besluit wat nie - en dat ons almal in vervoering daaroor was. Volgende week gaan ek terug Cremonas toe.

Ek is nie baie opgewonde oor Pilaros se kase nie. Sy kase proe baie dieselfde en het 'n gebrek aan definisie, anders as die Cremonas se kase wat elk hul eie identiteit het.

Die kaasmaker se hand is ook hopeloos te swaar met die soutpot. Gooi bietjie minder sout by en dit kan dalk 'n verskil maak aan jou kaas, Meneer Theocharous. Die voorste deel van jou van het met die Liewenheer te doen, en ek weet nie of Hy van soveel sout hou nie.

Ek gaan weer terug Pilaros toe, maar hierdie keer koop ek net halumi, olywe en halva, wat saam met 'n lekker broodjie al 'n etetjie op sy eie is. (As ek lief was vir Griekse slaai sou ek ook feta gekoop het.)

Groete, en mag ons vanjaar lekker eet.

KOOS COETZEE

Wyn so laag soos rewolwers en tabak

BJ LANKWARDEN skryf oor wynveilings

DIE onlangse New World Wine Auction het ons aandag weer eens op veilings gevestig. Ons is gelukkig om baie veilings te hê en alle lof vir Stephan Welz en Sotheby's wat daarin geslaag het om ons wette te laat verander om wynveilings moontlik te maak.

Wyn, soos alle alkoholiese dranke, word nog steeds deur die owerhede as uit die bose beskou, en nie as die huishoudelike verbruiksmiddel wat dit is nie. Die Amerikaners is nog strenger maar dit is moontlik 'n nasleepsel van "prohibition", die aakligste woord wat ek ken.

In die VSA word alkohol beheer deur die BTF, die Bureau of Alcohol, Tobacco and Firearms, wat duidelik toon hoe laag die regering wyn beskou. Vandag laat slegs die staat Illinois hier en daar wynveilings toe en dit is waarom 'n veiling soos die New World Wine Auction nooit daar gehou kan word nie. Boonop is alle wyn uit Suid-Afrika verbied sodat die katalogus heelwat dunner sal wees.

In die VSA maak dit groot inbraak op jou persoonlike vryheid - niemand word toegelaat om wyn wat hy gekoop het weer te verkoop nie. Jy kan die bottel weggee of die wyn in die drein afgooi maar jy kan dit nie verkoop nie.

Daar behoort iets hieroor te verskyn in die Amerikaanse Bill of Rights.

As ons kyk na die onderskeie wynveilings wat in Suid-Afrika gehou word - die Nederburg-veiling, die Cape Independent Winemakers Auction, die klein veilings deur Stephan Welz en die onlangse een - sien ons dat die veilings met die uitsondering van Nederburg almal vir die handel en die publiek oop is.

Dit beteken dat pryse opgejaag word. Boonop moet die handel groter klompies koop omdat die publiek die kleineres opkoop.

Ek vra myself dikwels af of wyn nie besig is om homself uit die mark te prys nie. Elke jaar verhoog die produserende handelaars hulle pryse. Verlede maand was die stygings tussen 14,8 en 17 persent. Wyn op die laer vlak se pryse sal later vanjaar met nog 5 persent styg. Dit sou belaglik wees indien dit nie so tragies was nie.

Die werklike wynverbruik styg nie en wyn raak 'n groot uitgawe in baie huishoudings. Die bierbrouerye het nog nooit 'n verhoging van meer as 10 persent gehad nie en bierverkope was ook nog nooit hoër nie. Dit laat jou dink, of hoe?

Waar wynpryse in die meeste lande hul eie vlak vind, het ons hier 'n gewaarborgde minimumprys, selfs vir distilleerwyne. Daar is 'n groot distilleerwyn-surplus maar die boere word nog steeds betaal.

Daar was drie wyne by die New World Wine Auction van Philip Togni van Kalifornië. Togni en sy vrou het die veiling bygewoon. Hy produseer 'n interessante sauvignon blanc, 'n ongelooflike ryk, groot cabernet en ook 'n swart muscat de hambourg.

Laasgenoemde is net in halfbottels beskikbaar en word gemaak soos die oorspronklike soet Constantia-wyne van die vorige eeu. Dit is wat hy op die verpakking van die bottel sê en dit in 'n land waar Suid-Afrikaanse wyn taboe is! Hierdie wyn het net 14,5 persent alkohol en is heerliker as heerlik.

Philip produseer nie baie van hierdie wyn nie aangesien hy net 39 druiwestokke daarvoor het. Wanneer die reën die oes bedreig neem dit hom en sy vrou net twee uur om die oes in te samel. Hy produseer net een vat van hierdie manna uit die hemel.

Sy totale wynproduksie is slegs 2000 kiste per jaar en daarmee kan hulle die wêreld deurreis. Weer eens is daar 'n boodskappie hier.

Philip het 0,6 persent van sy totale oes op die New World Wine Auction gehad - 12 kiste. Hulle het net oor die R7000 gehaal en die paar gelukkige bieërs wat daarvan kon koop sal dit moontlik as die winskopie van die veiling beskou.

HARRIDANS RESTAURANT
by die Mark-Teater

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag
vir
middag- en aandete
Saterdae
slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-69660

HAAKNAS

CHARLES LEONARD

Is daar ganse in die klein-ads?

My Fathers's Face - Leo Kottke (8)

Ja, "Gonzo" is terug na sy kerjakkery in die "groen-groen Zoeloeland van Natal" en vrekbly daaroor. Liewe leser, daar het ek die mag van musiek ontdek. Ek het weer eens onder die besef gekom - en ek sal dit nou maar hier openlik erken - dat ek volslae verslaaf is aan musiek.

Ek het my groot ghetto-blaster saam gehad en dit het my dinge soos 'n onderhoud met Gatsha Buthelezi laat oorleef. So terloops, het julle gesien dat hy op sy dag 'n akteur was in 'n belaglike fliek genaamd "Thokoloshe"? Rollende oë en al in tradisionele gewaad is hy ons eie Ronald Reagan. En dit is nie die enigste ooreenkoms nie...

Om terug te kom na musiek, ek het ook die belangrikheid van langpad-musiek ontdek. Daar is niks wat jou so wakker hou as goeie musiek nie.

Een plaat waaroor ek spyt is dat ek dit nie op kasset gehad het nie, is My Father's Face.

Kottke is al die afgelope 20 jaar in die musiekbedryf en sy vermoëns wys duidelik. Hy speel 'n wonderlike 12-snaar kitaar en het 'n stem wat hy self al beskryf het as dat dit klink na "geese farting on a muggy day".

As dít is hoe dit klink as ganse dit doen gaan ek vanmiddag in die classifieds kyk vir 'n trop ganse om te koop.

Kottke se stem is warm, diep en gerusstellend soos jou gunstelingtrui en jou ma se hoenderpastei. Dit is iewers tussen Tom Waits op 'n goeie dag, Gordon Lightfoot en Daniel Lanois.

Sy plaat is deur die veelsydige T-Bone Burnett geproduseer en Kottke se virtuose spel is helder noot vir helder noot daar om te geniet.

Die hoogtepunt op die plaat is Everybody Lies - die soort liedjie wat jou die heel dag bybly sonder dat dit irriteer.

Kottke het 'n heerlike sin vir humor en dit is duidelik op 'n snit soos Why Can't You Fix My Car waarop hy pleit dat die ou sy motor regmaak. Dit is dan net 'n Chevrolet, nie 'n Mercedes nie.

As jy weer die langpad tref, moet dit asseblief nie sonder Leo Kottke doen nie.

The Best of the Velvet Underground: Words and Music of Lou Reed - The Velvet Underground (10)

Ek het my voorgeneem om dié jaar ligter op die tien-uit-tiens te wees, maar ek kon eenvoudig nie anders met dié een nie.

Soveel briljantheid kom jy selde op een stuk viniel teë. Wat my getref het met die luister van die plaat is hoe 'n fenomenale invloed Lou Reed, John Cale, Sterling Morrison, Nico en Doug Yale op moderne musiek gehad het. Talle van die beste groepe wat vandag plesier aan musiekliefhebbers met goeie smaak gee, is intens deur Velvet Underground beïnvloed.

As jy nog nie al hul plate het nie, koop gerus dié versameling. Dit is wonderlike waarde vir geld vanweë die lengte van die plaat. Dit pas nie op die een kant van 'n gewone C90-kasset in nie.



Lou Reed in die 70's

Aquila in Australië

Judy Davis in "Kangaroo"

KANGAROO
Met Colin Friels, Judy Davis en Hugh Keays-Byrne
Regie: Tim Burstall
In die Mini Cine, Pretoriastraat 49, Hillbrow

ANDREA VINASSA

DIE aanloklikheid van fascisme met sy tweeling-elemente van "male-bonding" en chauvinisme kry indringende aandag in "Kangaroo", die Australiese prent wat gegrond is op DH Lawrence se semi-outobiografiese roman.

Sydney, Australië, 1922. 'n Gefrustreerde skrywer (Lawrence) en sy vrou kom in dié hoofstad aan. Sy ontnugtering met die demokrasie van sy tuisland spruit uit die veroordeling van sy werk as pornografies en dat hy as 'n verraaier gebrandmerk is omdat hy die status van gewetensbeswaarde geniet het tydens die Eerste Wêreldoorlog.

'n Charismatiese, seksueel-ambivalente fascis en lid van die Australiese parlement, generaal "Kangaroo" Cooley, knoop 'n vriendskap aan met die Lawrence-karakter met die doel om hom weg te lok om deel te neem aan sy beweging wat 'n interessante ooreenkoms toon met ons eie Aquila.

Dis vreemd hoe Lawrence, nie een van my gunstelinge nie, altyd daarin slaag om dít te romantiseer wat hy kritiseer. En sy lewensfilosofie kry heelwat aandag in "Kangaroo". (Eet jou hart uit, Eugène). Ek gee toe, niemand sou sy boeke lees as hy nie mans en hulle belaglike manewales geromantiseer het nie!

Die prent spog met die gebruiklike deugde van die goeie Australiese rolprentbedryf: aandag aan geskiedkundige besonderhede, stewige vakmanskap en voortreflike vertolkings. Die omslagtigheid en voorliefde vir melodrama van 'n Ken Russell is byvoorbeeld afwesig.

Die verhouding tussen die twee mans word spanningsvol gejukstaponeer met Lawrence se verhouding met sy vrou Harriet (Judy Davis). Die voordeel van die ligging van die verhaal is dat Glenda Jackson nie teenwoordig is nie. Judy Davis se vertolking van die Bevryde Vrou wat Jackson gewoonlik so didakties in Lawrence-prente speel, is een van die hoogtepunte van "Kangaroo".

* "Kangaroo" draai aanstaande week in die Mini Cine.

Jammer, sê boikotbreker

Charles Leonard

DIE gewilde Brasiliaanse sangster, Joanna, het dié week om verskoning gevra dat sy die kulturele boikot verbreek het.

Joanna, met 17 goue en 8 platinum plate agter haar naam, het die afgelope Saterdag in die Standard Bank-Arena in Johannesburg opgetree in weerwil van protes deur die breë demokratiese beweging se kultuurlessenaar en die Brasiliaanse konsul, C Bello, se besware.

By 'n nuuskonferensie wat by die kulturele lessenaar se kantoor in Johannesburg gehou is, het Curtis Nkondo van die lessenaar gesê dat die konferensie nie 'n hofsitting of 'n tribunaal is nie, maar dat dit gehou is om die probleem op te los en sodoende oplossings te bied vir die stryd om bevryding.

Die verskoning wat Joanna aangebied het, is dat sy deur haar promotor in Suid-Afrika, Carlos Paiva, mislei is. Hy het gesê dat hy haar optrede met die regte mense binne en buite Suid-Afrika uitgeklaar het. Sy het hier eers agtergekom dat dit nie waar is nie.

Paiva het ook intussen soos 'n groot speld van die toneel af verdwyn.

Na Saterdag se konsert het die Frelimo-regering in Mosambiek gesê dat sy nie welkom sal wees om in dié land op te tree nie. Sy sou later vanjaar daar konserte hou.

Sy het intussen nog steeds planne om ook in dié jaar in Angola op te tree.

Mzwake Mbuli, ook van die lessenaar, het gesê dat sy nie net aan die plaaslike anti-apartheidsmagte behoort verskoning te vra nie, maar ook aan die Verenigde Volke se Spesiale Komitee teen Apartheid.

Nkondo het gesê dat hulle nie haar verskoning verwerp nie, maar dat dit slegs aanvaar sal word as sy nie weer op dié manier te werk sal gaan nie en dat sy ook nie in Angola en Mosambiek gaan optree nie.

"Joanna se optrede, soos die rebelle-krieketspelers, gee geloofwaardigheid aan die apartheidstelsel," sê Mbuli.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
CURL UP AND DYE
- deur Susan pam
-Regie deur Lucille Gillwald

UPSTAIRS-TEATER
THE BELLE OF AMHURST- deur William Luce - Regie deur Robert Whitehead. Met Vanessa Cooke
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm
Begin 14 Feb. Voorskoue van 7 Feb

DIE LAAGER
ANOTHER SIP OF JEREPIGO - Patrick Mynhardt op versoek van die publiek. Ma tot Sa: 8nm
APPARENTLY OR SO I HEARD - deur Nicky Rebelo. Ma tot Sa 10.30nm. Sa 3nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
A KISS ON YOU KOEKSISTER - Pieter-Dirk Uys . Di tot Vr: 8.30nm. Sa: 6nm & 8.30nm. So: 7.30nm.
"ANational Party bizarre" Tel: 832-1044

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
JAHNITO - 832-1646

MARKGALERYE
Groot Galery
The Jol Series: Skilderye en tekeninge deur Gillian Solomon
Klein Galery - Bitter Harvest: Plaasarbeid in Suid-Afrika. Fotografie deur David Lurie
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm

PAPPA REDS
787-7987/4
ONDER
Silver Creek Mountain Band
BO
Vry & Sa: Band of Gypsies
BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4

Victor Munnik hervat volgende week sy televisierubriek, Kykweer

Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB
Vry, Sat, Son
Di, Wo Do
THE GENUINES
Tel: 836-6002/838-1769

Gevoelslewe in ystydperk vasgevries

THE BITTER TEARS OF PETRA VON KANT
Deur Rainer Werner Fassbinder
Met Antoinette Kellermann, Pauline O'Kelly, Sandra Temmingh, Claire Berlein, Elma van Wijk en Joey de Koker
Regie: Martinus Basson
In die Nico Malan Arena

ARNOLD BLUMER

'N GROOT, wit hemelbed is die fokuspunt van Francois du Plessis (Conglomerate) se uitspattige verhoogstel. Op die bed en daaromheen speel die melodrama oor die ongelukkige liefdeslewe van die mode-ontwerpster Petra von Kant hom af, 'n kunsmatige nabootsing van 'n egte kitch-storie.

Wat my veral getref het was hoe onaangeraak die vreugde en die leed van die karakters my gelaat het. In hulle kringe is alles geveins, selfs die voorkoms is net uiterlike vertoon, daar's niks binnekant nie, die mense is hol. Dis presies wat Fassbinder aan sy gehore wou oordra, maar terselfdertyd wou hy daarmee ook 'n samelewing kritiseer wie se norme en etiese waardes aan juis sulke emosioneel uitgeholde larwes die hoogste aansien toeken.

Martinus Basson laat met 'n uitstekende span spelers voortreflik reg geskied aan hierdie moeilie stuk. Veral Antoinette Kellermann se Petra von Kant wys met 'n ongelooflike wye register van emosies hoe uitbuitbaar liefde is; sy hunker daarna, maar kan dit nie kry nie, want sy self kan dit nie onvoorwaardelik gee nie. Aan die einde, ná haar geweldige uitbarsting en ineenstorting, wil 'n mens haar amper jammer kry, maar dan begin sy die volgende vlieg in haar web toespin.

Dié keer is dit die bediende Marlene wat nog die hele stuk deur as deel van die meubels beskou is, wat rondgeskop en op wie gevloek en geskreeu word. Sonder om 'n woord te sê speel Pauline O'Kelly hierdie Marlene so dat jy die hele tyd bewus bly van haar teenwoordigheid; en met net haar gesig en oë vertel sy dat daar diep onder die oppervlak van die slaaf-meester-verhouding iets anders aangaan.

Sandra Temmingh se barones Sidonie von Grasenabb is by uitstek

Rainer Werner Fassbinder

die neusoptrekkerige sosiale klimvoël wat, soos haar naam sê, op anderman se landerye kom wei.

Claire Berlein is die geliefde, eers naïewe onskuld en dan, nadat sy gekry het wat sy wil hê, net so yskoud en berekenend soos haar minnares.

Dogter Gabriele (Elma van Wijk) en moeder Valerie von Kant (Joey de Koker) voltooi die prentjie van 'n snobistiese *high society* wie se gevoelslewe in 'n ystydperk vasgevries is.

Die stuk en opvoering is 'n raak en pynlike weerkaatsing van ook 'n deel van ons samelewing, en almal wat nie bang is om in spieëls te kyk nie behoort dit by te woon.

K agtoe van die verbeelding

M BUTTERFLY
Deur David Henry Hwang
Met Sean Taylor, Jeremy Crutchly ea
Regie: Robert Whitehead
In The Theatre on the Bay

ARNOLD BLUMER

OOK in die Amerikaner David Hwang se stuk word 'n spel gespeel rondom gevoelens, net dié keer is die spel meer ingewikkeld, meer temas is daarby ingeweef, en die gevoelens is "eg", dws so eg soos gevoelens op 'n verhoog kan wees.

Maar die objek van die gevoelens is "oneg", die Franse diplomaat Rene Gallimard (Sean Taylor) raak verlief op die Chinese meisie Liling (Jeremy Crutchley) wat eintlik 'n Chinese homoseksuele akteur is en volgens eeue-oue tradisies meisierolle vertolk. Jare lank kry Liling dit reg om Gallimard oor haar/sy ware identiteit te flous, maar dan word Gallimard na Parys teruggestuur, Liling volg (gedwonge) as agent van die Chinese regering, en daar word haar/sy ware identiteit letterlik ontbloot.

Dis egter net die oppervlakkige storielyn. Daaragter gaan dit om tussenmenslike en interkulturele verhoudings tussen man en vrou, tussen kulture. En meer: vooroordele word bevraagteken (die "Westerse internasionale verkragtings-mentaliteit") en tradisionele waardes word omgekeer ("net 'n man weet hoe 'n vrou veronderstel is om op te tree"), bedoel as beskuldiging teenoor die man.

En daaragter staan nog altyd die vraag of 'n man se liefde teenoor 'n ander man nie net so diep en eg kan wees soos die liefde tussen man en vrou nie, of anders gestel: is die kwaliteit van liefde afhanklik van die objek waarop dit gerig is? En wat as daardie objek nie eenduidig is nie? Boonop word ook nog vrae gestel oor die verhouding tussen verbeelding en realiteit, en alles word veelduidig wanneer Gallimard aan die einde in sy eie verbeelding in ontvlug. Of was dit dalk nie ontvlugting nie?

'n Boeiende stuk, soos lanklaas hier te siene was, boeiend opgevoer veral danksy Sean Taylor en Jeremy Crutchley wat albei 'n kragtoer lewer binne die mees verbeeldingryke dekor (Patrick Noome) wat dié teater sedert sy ontstaan gesien het.

Die Berlynse muur en Fidel o

PHILIP NAUDÉ praat met Reinhard Schwarz - wat nou Beethoven se opera "Fidelio" in Kaapstad dirigeer - oor meer as net musiek

DIE dirigent Reinhard Schwarz is 'n Berlyner in murg en been: hy is daar gebore, het later by professor Herbert Ahlendorf aan die Berlynse Konservatorium studeer en 'n internasionale kursus bygewoon wat Herbert von Karajan in Berlyn aangebied het.

Toe was daar drie hoof-operahuise in Berlyn (dis nou nog vóór die muur die stad in twee geskei het): die Städtiche (later die Deutche) Oper, die Staatsoper unter den Linden en die Komische Oper (onder leiding van die beroemde Feisenstein). Schwarz is egter in 1960 uit Berlyn weg, 'n jaar vóór die oprigting van die Berlynse muur.

Maar dit is duidelik dat hy nie net 'n musiekmens is nie - as Berlyner lê die muur en die hele geskiendenis wat daarmee saamgaan, diep in sy bewussyn gegrafeer. Hy vertel hoe Oos-Duitsers pasboeke moes dra.

Onregverdige opsluiting is hoegenaamd niks nuuts nie - veral nie vir Schwartz nie, en veral nie as hy dink aan die 28 jaar wat die Val van die Muur voorafgegaan het nie:

Hy het verlede jaar in November die eerste keer "aan die ander kant van die muur" in Oos-Berlyn opgetree, saam met die Berlynse Simfonie-orkes. Tydens die oefentydperk is hy oorreed om 'n repetisie te kanselleer sodat al die musikante op 4 November aan 'n vreedsame protesoptog kon deelneem. 'n Miljoen mense betoog daardie dag in Berlyn teen die regering; op die Alexanderplatz maak die protesskrywer, Stefan Heym, 'n toespraak en sê: "Ons ken die vrye woord al goed genoeg - nou moet ons leer om op ons regte aan te dring. Die beroemde dirigent Kurt Masur reël vreedsame politieke optogte en betogings, asook weeklikse vergaderings in die Gewandhaus. Die betogings word elke dag groter en die eise strenger - wetgewing word byna daagliks hersien, veral wat beweging tussen Oos- en Wes-Duitsland betref.

Toe breek die aand van 9 November aan. Die konsertsaal, wat gewoonlik volgepak is, is skielik half-vol - die nuus trek soos 'n veldbrand deur die ouditorium - dit is in die aandbulletin aangekondig - die muur is af!

Aan die einde van die opvoering was daar 'n ontploffing van emosies toe almal besef Oos-Duitsland is ná jare vry, vertel Schwarz.

'n Oos-Duitser het dit só gestel: In julle land (Wes-Duitsland) word 'n moordenaar ná vyftien jaar in gevangeskap vrygelaat - ons word nou ná agt-en-twintig jaar vrygelaat! "En drie dae later hou Daniel Barenboim 'n konsert vir die Oos-Berlyners met die (Wes-) Berlynse Philharmoniese Orkes.

Net soos Beethoven, meen Schwarz dat kunstenaars aan die voorpunt van verandering staan - kuns kan en moet die mensdom wakker maak en vry maak. Fidelio het besondere betekenis vir hom, want dit gaan oor die alewige stryd tussen gevangeskap en vryheid: Beethoven se verhaal - wat volgens oorlewering op 'n ware gebeurtenis gedurende die Franse Revolusie gegrond is - vertel van 'n vrou, Leonore, wat haarself as 'n jong man voordoen en nou by 'n tronk as assistent van die hoofbewaarder werk. Want sy vermoed haar man, Florenstan, is daar opgesluit. Hy is twee jaar vantevore deur die tronkgoewerneur, Pizarro, in hegtenis geneem toe hy dié se misdade wou oopvlek.

'n Regverdige minister (sic) laat dan weet hy is op pad om Pizarro aan die kaak te stel en Pizarro besef hy moet baie gou van Florenstan ontslae raak. (So what's new?) Hy sê Rocco, die tronkbewaarder aan om solank 'n graf te grawe, en as Leonore (Florestan) saamgaan om hand by te sit, herken sy die arme gevangene as haar man. Dan kom Pizarro in en maak reg om Florestan dood te steek, maar Leonore tree tussenbeide, sê wie sy is en hou die booswig met 'n pistool op 'n afstand.

Gelukkig vir hulle, kondig 'n trompetgeskal op daardie selfde oomblik die minister se aankoms aan en word nie net Florestan nie, maar ook al die ander gevangenes wat onregverdig opgesluit is, vrygelaat.

Daarom is dit so 'n belangrike en veelseggende gebeurtenis dat Fidelio regdeur die land opgevoer word, omdat Suid-Afrika immers op die drumpel van 'n nuwe tydvak staan en net soos die res van die wêreld 'n algemene gevoel van bevryding beleef.

* "Fidelio" word op 31 Januarie, 3, 6, 10, 13, en 17 Februarie by die Nico Malan in Kaapstad aangebied.

Roemryke loopbaan

NADAT Schwart in 1960 uit Berlyn weg is, was hy vyf jaar lank vaste dirigent en afrigter by die Baselse Stadsteater in Switserland. Daar het hy meer as 300 opera- en balletopvoerings gedirigeer.
Hierna word hy vaste dirigent by die Wuppertalse Stadsteater en die Frankfurt-Opera. Vanaf 1971 tot 1978 tree hy op as hoofdirigent by die Hagense Stadsopera, en die volgende vier jaar is hy vaste dirigent by die Weense Staatsopera en Volksopera.
Toe word hy hoof van opera, algemene musikale direkteur en hoofdirigent van die operahuise in Krefield en Monchengladbach, en vanaf 1973 dien hy as artistieke assistent en amptelike maestro sostetuto vir Herbert von Karajan gedurende die Paas-musiekfees in Salzburg.
Hy dirigeer by die meeste belangrike Europese operahuise en is welbekend as simfoniedirigent in Berlyn, Wenen, München, Leipzig en Milaan.
Hy is tans hoofdirigent by die Gärtnerplatz-Operahuis in München.

Reinhard Schwarz..."kunstenaars staan aan die voorpunt van verandering."

'I see the world in the form of a ticket: complete, punched, clipped and torn'



ARGENT: 'N VERGETE KUNSTENAAR



Carl André se "Lever"



Michael Goldberg se "Untitled - The Family Bath"

KENDELL GEERS

CHARLES ARGENT was een van Suid-Afrika se vroegste avant garde-kunstenaars, tog is hy vandag een van die mees vergete.

Hy is in 1913 in Engeland gebore en het 'n graad in die Beeldende Kunste aan Reading-Universiteit verwerf. Hy het in 1948 Suid-Afrika toe verhuis en het as deeltydse lektor by Wits gewerk.

Hy het Suid-Afrika in 1962 verlaat, ontnugter. Maar in sy veertien jaar op Suid-Afrikaanse bodem het hy ten minste elf solo-tentoonstellings gehad waarvan elkeen 'n kookpot omstredenheid verwek het.

In Oktober 1952 het die omstredenheid rondom Argent se werk ongekende hoogtes bereik met 'n tentoonstelling op die plakborde van die Openbare Biblioteek van Springs. Die burgemeester van Springs, Dr JA Ellis, was geskok en het dit "absolute tripe" genoem. Hy het gesê dit was "'n belediging vir die intelligensie van die mense van Springs" en het mense uitgedaag om dit kuns te noem. Die gevolg was 'n vurige debat oor moderne kuns waarby kunstenaars soos Walter Battiss en WH Coetzer betrokke geraak het.

Dwarsoor die wêreld was openbare verwerping nog altyd 'n aspek van goeie avant garde-kuns. Die Britse publiek het soortgelyk gereageer op die Tate-Galery se aankoop van 'n Carl André-stuk van die sewentigs. Die werk het bestaan uit 'n klomp bakstene wat op verskillende maniere gerankskik kon word. Meer onlangs was die Nederlanders smoorkwaad oor 'n Jeff Koons-Ewewigtenk wat deur die Stedelijke Museum in Amsterdam aangekoop is. Dit het bestaan uit 'n vistenk vol water waarin 'n basketbal vol kwik dryf.

Dit is heel waarskynlik dat mense agterdogtig oor die werk is omdat "found objects" gebruik word. In 'n gemeenskap waar kuns beoordeel word volgens tegniese virtuositeit, lyk die keuse en konstruksie van "found objects" al te maklik. Die proses is egter 'n verwikkelde een en berus op veel meer as toeval.

Vir Argent was die inhoud van die werk belangrik en het hy nie volgens visuele formules gewerk nie. "A picture can be made of anything durable. It is not essential to use oil paint or water colour... When I think of a typist or a rich man, it is the typewriter or the riches I see rather than the known features of an individual... From time to time I employ things which play a part in everyday life; bus tickets, envelopes, etc. To me they become powerful symbols of humanity when transposed into pictorial content."

Argent was berug vir sy gebruik van buskaartjies. Die uitnodiging na sy 1958-tentoonstelling was: "I see the world in the form of a ticket: complete, punched, clipped and torn." Hy het sy "Tickets in Love" beskou as sy beste werk. Nog een, "Neurotic Tickets" het bestaan uit drie kaartjies wat op die randjies gepons is.

Byna drie dekades na die voorval in Springs het nog 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar, Michael Goldberg, dieselfde openbare verontwaardiging op die hals gehaal. Dié keer was dit van Francois Oberholzer, die voorsitter van die Johannesburgse bestuurskomitee. Die geleentheid was die aankoop van Goldberg se "Untitled - The Family Bath", 'n werk wat uit 'n klomp "found objects" bestaan het.

Oberholzer het oor die sandkas gesê: "The only creature that knows what to use this sculpture for is the gallery cat."

Die funksie van die avant garde is juis om krities te wees oor bestaande opvattings van kuns. Dit staan in opposisie tot alle kuns wat dit voorafgaan. In die woorde van Braam Kurger: "Ek voel eintlik net seker oor die ding waaraan ek werk as ek dit wantrou... as jy wragtig nie weet wat om te dink nie, en dit bly jou worry, maar jy niks doen om dit van die draad af te stamp nie, dan is dit subversief. As dit jou konfronteer en jou eie waardes ondermyn, behoort jy goed te doen wat jou elke keer omkeer en uit jou broek uitskud."

Dit was meer as net die gebruik van "found objects" wat

'I don't like the calculating mind. It has brought us total non-communication and inhumanity'

dr JA Ellis verontwaardig het, dit was ook Argent se klaarblyklike gebrek aan kunssinnige vermoëns. Hy het, byvoorbeeld, buskaartjies en gekleurde tydskrifknipsels op 'n stuk papier geplak, sy oë toegemaak en daarop geteken. Die opsetlike swak kuns was in die jare tagtig baie prominent. Argent was meer as bekwaam om virtuose skilderye te vervaardig, maar blote tegniese vaardigheid het hom verveel.

Sy vroeë tentoonstellings het portretstudies ingesluit wat sy vaardighede bewys het, maar later het hy dit onnodig geag. "To me the simple drawing of a symbol, such as a circle for a head with two small circles within it for eyes, has a stronger impact than any attempt at realism... Personal vision, imagination and the idea must take precedence over media, techniques and skills."

The belangrikheid van Charles Argent se werk kan nie oorbeklemtoon word nie, tog is hy in enkele arbitrêre lyntjies in die geskiedenisboeke aangeteken en net as lektor by Wits. Hy was ook 'n duidelike weglating in die "The Neglected Tradition"-tentoonstelling.

Al is daar net 'n paar oorblywende werke van Argent in omgang is dit moeilik om sy afwesigheid te verstaan. Aan die ander hand, dalk wou Argent dit so hê, wou hy die rasionele verstand te bowe gaan: "You see, I specialise in pure nonsense, which is the opposite of the calculating mind. I don't like the calculating mind. It has brought us total non-communication and inhumanity."

Argent is in 1982 arm in Londen dood.

TEATER

JOHANNESBURG

Vanessa Cooke kan in THE BELLE OF AMHERST by die **Mark** se **Upstairs-teater** gesien word. Voorskoue van volgende Woensdag af. Open 14 Februarie om 8nm.

Pieter-Dirk Uys se 'National Party bizarre' A KISS ON YOUR KOEKSISTER is te sien by die **Markteater** se **Warehouse**. Dinsdae tot Saterdae om 8.30nm en Sondae om 7.30nm. Ook: Saterdaemiddae om 3-uur.

TITBITS is 'n nuwe komedie wat by die **Victory** in Orange Grove aan die gang is. Met Clive Scott, Melody O'Brian en Jenny De Lenta. Maandae tot Vrydae om 8nm en Saterdae om 6 en 9nm.

By die **Prima Donna-teater** kan BROADWAY CROSSING met Steve Walsh, Natalie Gamsu en Lana Green gesien word. Dinsdae tot Sondae om 9nm. Laaste naweek.

Patrick Mynhardt is in ANOTHER SIP OF JEREPIGO by die **Laager, Mark-Teater** te sien. Elke aand om 8-uur.

Pieter Toerien: AIN'T MISBEHAVIN' met Sam Marais en Natalia Da Rocha open Saterdagaand om 9-uur by die **André Huguenet**.

JO'BURG FOLLIES met Malcolm Terry, Jonathan Taylor, Odile Rault en Keavin Feather is by die **Leonard Rayne** te sien.

WHODUNNIT,'n komedie met Tobie Cronje is by die **Alhambra** te sien.

KAAPSTAD

Baxter-Teater, Mainstraat: IPI TOMBI THE WARRIOR kan tot middel Februarie in die Hoofteater gesien word.

In die **Concert Hall** is die UCT Summer School tans aan die gang.

In die **Studio** kan Joyce Dalton in OUR GRACIE tot 3 Februarie gesien word.

Mark Banks se satire is tans by die **Stagedoor** tot 27 Januarie te sien.

Nico Malan, Strandgebied: MARCH OF THE FALSETTO'S met Joseph Clark en Drummond Marais is in die Teater tot 12 Februarie te sien.

THE BITTER TEARS OF PETRA VON KANT kan in die **Arena** tot 3 Februarie gesien word. Met Antionette Kellerman en Pauline O'Kelly.

Mynardville Opelugteater: Shakespeare se MUCH ADO ABOUT NOTHING met Bo Petersen en Peter Butler is tot 17 Februarie te sien.



The Genuines is nog net vanaand in Jameson's in Commissionerstraat, Johannesburg te sien. Hulle speel eers weer in April in Egoli. Dit is 'n nuwe hervormde Genuines met 'n vuurwarm bredie van Kaapse goema en koel-koel jazz. Mis hulle en dit rus op jou ele gewete.

Foto: Charles Leonard

MUSIEK

JOHANNESBURG

Jameson's Bar, Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Jazz elke dag van 12 tot 2nm en Saterdae van 2 tot 6nm. THE GENUINES kan nog vanaand en Saterdagaand gesien word.

Roxy Rhythm Bar, Mainstraat, Melville: Vanaand: AFRICAN JAZZ PIONEERS. Saterdag: LARRY AMOS AND THE NAUGHTY BOYS.

Maandag: GREEN.

Dinsdag: LITTLE SISTER.

Woensdag: DIAMOND DOGS.

Donderdag: WENDY OLDFIELD.

Kippies, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) JAHNITO is hier tot 18 Februarie.

The Junction, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en poolkamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggies. Vir "denkende" jollers.

Rumours, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

Late Nite Duke's, Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

Club Manzattan, Moletsane, Soweto: Hoërinkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

Blues, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

KAAPSTAD

BASE: Vanaand, Saterdag en Sondagaand is dit McCoy Mbrubata se BROTHERHOOD. Dinsdagaand is dit World Music met Steve Gordon wat CD's speel vanuit Afrika en die Karibiese eilande ensovoorts. Woensdagaand is reggae en dan van volgende Donderdag tot Saterdag is dit SMOKING BRASS.

GALERYE

JOHANNESBURG

Dominicus-Galery, Rosebank: Seremoniële en huishoudelike objekte van die Kongo word tot 14 Februarie uitgestal.

La Chine des T'Sing, Rosebank: Japanese houtblokdrukke, bronswerke, tekstiele, ivoor en porselein word tot 30 Januarie uitgestal.

Natalie Knight-Galery: "Cross Section of the 80's" wat werke van internasionale en plaaslike kunstenaars insluit. Tot 2 Februarie.

Gallery on the Market, Newtown: Diek Grobler en Marna Schoeman stal tot einde Januarie uit. Daarna volg 'n uitstalling deur Jacques Fuller, Julian Venter en Sonja Zytkow. Open 3 Februarie. Tot 28 Februarie.

Johannesburgse Kunsgalery: Gerard Sekoto stal tot 10 Februarie uit. Ook: 'n Uitstalling van pop-kuns met werke van onder andere David Hockney.

African Magic: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

Zona. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

KAAPSTAD

Baxter-Galery: Galery-uitstalling. Uitstalling deur spotprenttekenaar Derek Bauer duur tot 10 Februarie.

Art Scene, Seepunt: Gemengde uitstalling van skilderye, keramiek en glaswerk.

Gallery 709, Adderleystraat: Verskeie beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars van onder andere: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en andere.

Kunskamer, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

Gallery International, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

NU METRO THEATRES
NOW SHOWING
2-8 FEB. BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City)
Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871
Safe parking at Jack Mincer
RED SCORPION Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MYSTIC PIZZA William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RUNNING ON EMPTY Judd Hirsch, River Phoenix (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
YOUNG EINSTEIN Yahoo Serious, Adile le Clezio (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091
MYSTIC PIZZA William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
SEA OF LOVE Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LEAN ON ME Morgan Freeman, Robert Guillaume (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362
LET IT RIDE Richard Dreyfuss, Teri Garr (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RED SCORPION Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
RED SCORPION Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TURNER & HOOCH Tom Hanks, Mare Winningham (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
RED SCORPION Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LET IT RIDE Richard Dreyfuss, Teri Garr (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 BLACK RAIN Michael Douglas, Kate Capshaw (2-16) MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 WARLOCK Julian Sands, Lori Singer (2-16) MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

HILLBROW METRO 724-2511
1-7 (Parking in basement)
RED SCORPION Dolph Lundgren, Al White (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEA OF LOVE Al Pacino, Ellen Barkin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MYSTIC PIZZA William R. Moses, Julia Roberts (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
